Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2023

# Teologie

## Akademiese programme en fakulteitsinligting

**Jaarboek, Deel 9**

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud aanvaar nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

## Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

111

| Deel | Jaarboek |
|---|---|
| Deel 1 | Algemeen |
| Deel 2 | Beurse en Lenings |
| Deel 3 | Studentegelde |
| Deel 4 | Lettere en Sosiale Wetenskappe |
| Deel 5 | Natuurwetenskappe |
| Deel 6 | Opvoedkunde |
| Deel 7 | AgriWetenskappe |
| Deel 8 | Regsgeleerdheid |
| Deel 9 | Teologie |
| Deel 10 | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Deel 11 | Ingenieurswese |
| Deel 12 | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| Deel 13 | Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar) |

## Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek.
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels

# Inhoudsopgawe


Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik ..... 1
1. Waar om inligting te vind ..... 1
1.1 Voornemende voorgraadse studente ..... 1
1.2 Voornemende nagraadse studente ..... 1
1.3 Geregistreerde voorgraadse studente ..... 1
1.4 Geregistreerde nagraadse studente ..... 2

Algemene Inligting ..... 3
1. Geskiedenis en funksie van die Fakulteit Teologie ..... 3
2. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer ..... 3
2.1 Die Fakulteit Teologie se kontakbesonderhede ..... 3
2.2 Fisiese adres en kontakbesonderhede van die Dekaanskantoor ..... 3
2.3 Departementele en ander nuttige kontakbesonderhede in die Fakulteit ..... 4
2.4 Die Teologiese Studentekomitee se kontakbesonderhede ..... 4
3. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer ..... 4
3.1 Voornemende studente ..... 4
3.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente ..... 4
3.3 Kontakbesonderhede vir navrae oor jou studies, beurse en lenings, en koshuisplasings ..... 4
3.3.1 Nuttige telefoonnommers ..... 5
4. Taal aan die Universiteit ..... 5
5. Kwalifikasies aangebied in die Fakulteit Teologie ..... 5
6. Voorgraadse-inskrywingsbestuur ..... 6
7. Verlengde kurrikulumprogramme ..... 6
8. Keuring vir toelating tot die bediening ..... 6
9. Erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) ..... 6
10. Gelyktydige inskrywing vir meer as een program ..... 7
11. Spesiale studente: Buitengewone kategorieë van studente in die Fakulteit Teologie ..... 7
12. Besondere bepalings in die Fakulteit ..... 7
13. Voortsetting en afhandeling van modules en programme ..... 7
14. Dekaansvergunningsassesserings ..... 8
15. Beurse ..... 8
16. Studenteverteenwoordiging ..... 8

Voorgraadse Programme ..... 9
1. Toelatingsvereistes ..... 9
1.1 Skooleindkwalifikasies ..... 9
1.2 Minimum toelatingsvereistes vir graadprogramme in die Fakulteit Teologie ..... 9
1.2.1 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) ..... 9
1.3 Bykomende vereistes vir alle aansoekers ..... 9
1.4 Toelatingsvereistes vir die verlengde kurrikulumprogramme ..... 9
2. Rekenaarvaardigheid en akademiese geletterdheid ..... 9
3. Opsomming en uiteensetting van voorgraadse programme ..... 10
3.1 BTh-program (NKR-vlak 7) ..... 10
3.1.1 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-program, fokusarea Algemeen, oor al drie studiejare ..... 11

3.1.2 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-program, fokusarea Deeltyds, oor al vier studiejare ... 12
3.1.3 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-program, fokusarea Jeugwerk, oor al drie studiejare ... 12
3.2 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh-program, fokusarea Algemeen (605100) (NKR-vlak 7) ... 12
3.3 BTh program, fokusarea Deeltyds (NKR-vlak 7) ... 14
3.4 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh-program, fokusarea Deeltyds (605104) (NKR-vlak 7) ... 15
3.5 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh-program, fokusarea Jeugwerk (605101) (NKR-vlak 7) ... 16
3.6 BDiv-program (604100) (NKR-vlak 8) ... 17
3.6.1 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BDiv-program oor al vier studiejare ... 18
3.7 Kurrikulum vir alle studiejare van die BDiv-program (604100) (NKR-vlak 8) ... 19
3.8 Verlengde kurrikulumprogramme ... 21
3.8.1 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Algemeen, oor al vier studiejare ... 22
3.8.2 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Jeugwerk, oor al vier studiejare ... 22
3.8.3 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BDiv- verlengde kurrikulumprogram oor al vyf studiejare ... 23
3.9 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Algemeen (VKP) (605102) (NKR-vlak 7) ... 24
3.10 Kurrikulums vir alle studiejare vir die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Jeugwerk (VKP) (605103) (NKR-vlak 7) ... 25
3.11 Eerste- en tweedejaarkurrikulums vir BDiv-program (VKP) (604102) (NKR-vlak 8) ... 27

**Nagraadse Programme ... 28**

**1. Opsomming en uiteensetting van nagraadse programme ... 28**
**2. Nagraadse Diplomas ... 29**
2.1 Nagraadse Diploma in Teologie – NGDip (Teologie) (445100 eenjarige program) (445101 tweejarige program) (NKR-vlak 8) ... 29
2.2 Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening – NGDip (Teologie) (Christelike Bediening) (606100) (NKR-vlak 8) ... 32
**3. Meestersgrade ... 34**
3.1 MDiv (486101) (NKR-vlak 9) ... 34
**4. MTh (NKR-vlak 9) ... 36**
4.1 MTh- Gestruktureerde Programme (889-opsies) ... 39
4.1.1 MTh in Ekklesiologie (12068:889) ... 39
4.1.2 MTh in Missiologie (50768:889) ... 40
4.1.3 MTh in Nuwe Testament (16586:889) ... 40
4.1.4 MTh in Ou en Nuwe Testament (50547:889) ... 41
4.1.5 MTh in Ou Testament (17418:889) ... 42
4.1.6 MTh in Praktiese Teologie (Algemeen) (50776:889) ... 43
4.1.7 MTh in Praktiese Teologie (Spesialisasie) ... 44
4.1.7.1 MTh in Praktiese Teologie ... 44
Bedieningspraktyk (50784:889) ... 44
4.1.7.2 MTh in Praktiese Teologie ... 44
Jeugbediening (50792:889) ... 44
4.1.7.3 MTh in Praktiese Teologie ... 45
Kliniese Pastoraat (50806:889) ... 45
4.1.8 MTh in Sistematiese Teologie (50741:889) ... 46
4.2 MTh-tesisprogramme (879-opsies) ... 47
4.2.1 MTh in Ekklesiologie (Tesis) (12068:879) ... 47
4.2.2 MTh in Missiologie (Tesis) (50768:879) ... 48
4.2.3 MTh in Nuwe Testament (Tesis) (16586:879) ... 49

4.2.4 MTh in Ou Testament (Tesis) (17418:879) ... 49
4.2.5 MTh in Praktiese Teologie (Algemeen) (Tesis) (50776:879) ... 50
4.2.6 MTh in Praktiese Teologie (Spesialisasie) (Tesis) ... 51
4.2.6.1 MTh in Praktiese Teologie (Tesis) ... 51
Gemeenskapsontwikkeling (58963:879) ... 51
4.2.6.2 MTh in Praktiese Teologie (Tesis) ... 51
Jeugbediening (50792:879) ... 51
4.2.6.3 MTh in Praktiese Teologie (Tesis) ... 52
Prediking (50784:879) ... 52
4.2.7 MTh in Sistematiese Teologie (Tesis) (50741:879) ... 53
5. MPhil-programme ... 54
5.1 MPhil in Godsdiens en Kultuur voorafgegaan deur NGDip (Teologie) ... 54
5.1.1 Nagraadse Diploma (Teologie) (445100) ... 54
5.1.2 MPhil in Godsdiens en Kultuur (11646:889) ... 54
6. Meestersgrade in Teologie: Samewerking ... 55
7. Doktorsgrade ... 56
7.1 PhD ... 56

Vakke, Modules en Module-inhoude van Alle Voorgraadse Programme ... 59
1. Definisies en verduideliking van belangrike terme ... 59
1.1 Verduideliking van bogenoemde terme ... 59
2. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules ... 60
2.1 Voorwaarde vir die toekenning van 'n kwalifikasie of graad ... 60
3. Assessering van modules ... 60
4. Vakke, modules en module-inhoude ... 60

Navorsings- en Diensinstansies ... 102
1. Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie ... 102
2. Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON) ... 102
3. Ekklesia ... 103
4. Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika (SEBIVA) ... 103

Alfabetiese Lys van Voorgraadse Vakke ... 105

# Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hierdie afdeling gee vir jou riglyne oor waar om bepaalde inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel te vind. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

## 1. Waar om inligting te vind

### 1.1 Voornemende voorgraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrip "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Die Universiteit se Taalbeleid en -plan, en hoe die Fakulteit dit toepas; en
  - Die graadprogramme wat jy in die Fakulteit kan volg en kwalifikasies wat jy kan verwerf; inskrywingsbestuur, asook belangrike bepalings wat van toepassing is op programme en modules.
- Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word; en
  - Definisies van slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules.
- Alfabetiese lys van voorgraadse vakke is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

### 1.2 Voornemende nagraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrip "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig; en
  - Die Universiteit se Taalbeleid en -plan, en hoe die Fakulteit dit toepas.
- Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating; en
  - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.

### 1.3 Geregistreerde voorgraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Die Universiteit se Taalbeleid en -plan, en hoe die Fakulteit dit toepas; en
  - Die toestaan van Dekaansvergunningsassesserings aan finalejaarstudente.
- Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.

- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die Voorgraadse Programme-hoofstuk gebruik word;
  - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
  - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is;
  - Definisies van slaag-, voorvereiste- en newevereistemodules, asook 'n aanduiding by die individuele modules watter van hierdie vereistes daarvoor geld, indien enige; en
  - Die doelstellings, inhoud en uitkomste van elke individuele module.
- Alfabetiese lys van voorgraadse vakke is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

## 1.4 Geregistreerde nagraadse studente

- Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme; en
  - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.

# Algemene Inligting

## 1. Geskiedenis en funksie van die Fakulteit Teologie

Die Fakulteit Teologie is 'n ekumeniese fakulteit wat akademiese opleiding in Christelike teologie volgens verskillende konfessionele oortuigings en kerklike tradisies bied. Die Fakulteit het in 1963 ontwikkel uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) se Kweekskool wat in 1859 gestig is. Dit is 'n oop fakulteit en lei per ooreenkoms predikante vir die volgende denominasies op:

- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK)
- Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) in Suider-Afrika
- Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA)
- Anglican Church of Southern Africa (ACSA)
- Volkskerk
- United Evangelical Lutheran Church in Southern Africa

Die Fakulteit Teologie is een van die kleinste fakulteite aan die Universiteit. Dit is egter 'n gasvrye, energieke en kreatiewe fakulteit waarin wetenskaplike teologie met integriteit beoefen word.

Die akademiese programme wat aangebied word, het Christelike gereformeerde teologie as uitgangspunt. Dit bied voorgraadse studente 'n wye verskeidenheid onderrig- en navorsingsopsies. Die Fakulteit se voor- en nagraadse programme maak voorsiening vir 'n breë spektrum van studente uit uiteenlopende gemeenskappe, kerke en lande.

## 2. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer

### 2.1 Die Fakulteit Teologie se kontakbesonderhede

Rig spesifieke navrae oor die Fakulteit aan die volgende adres:

Fakulteit Teologie

Universiteit Stellenbosch

Privaat Sak X1

MATIELAND

7602

### 2.2 Fisiese adres en kontakbesonderhede van die Dekaanskantoor

#### Fisiese adres van Dekaan

Kamer 1024

Fakulteit Teologie

Dorpstraat 171

Stellenbosch

#### Kontakpersone en -besonderhede

| Personeel | Telefoonnommer | E-posadres |
|---|---|---|
| **Algemene navrae**<br>Me M Brand / me M Williams | 021 808 3255 | mariekeb@sun.ac.za |
| **Dekaan**<br>Prof RW Nel | 021 808 3254 | mariekeb@sun.ac.za |
| **Dekaanskantoor**<br>Me M Brand | 021 808 2142 | mariekeb@sun.ac.za |
| **Fakulteitsadministrateur**<br>Mnr S Cornelissen | 021 808 9111 | shirle@sun.ac.za |
| **Fakulteitsbestuurder**<br>Me E Benjamin | 021 808 9041 | ebenjamin@sun.ac.za |

**Vir meer inligting oor die Fakulteit Teologie, besoek ons by www.sun.ac.za/teologie.**

## 2.3 Departementele en ander nuttige kontakbesonderhede in die Fakulteit

| Fakulteit Teologie | Telefoonnommer | E-posadres |
|---|---|---|
| Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie (BNS) | 021 808 2538 | ssmahokoto@sun.ac.za |
| Biblioteek: Teologie | 021 808 3252 | kwe_bib@sun.ac.za |
| Departement Ou en Nuwe Testament | 021 808 3626 | em4@sun.ac.za |
| Departement Praktiese Teologie en Missiologie | 021 808 3577 | brobyn@sun.ac.za |
| Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 021 808 3576 | wriek@sun.ac.za |
| NGK en VGKSA Seminarium | 021 808 9138 | toerusting@sun.ac.za |
| Predikant in Sinodale Diens vir Teologiese Opleiding, NGK | 021 887 6819 | jfm@sun.ac.za |
| Die Skriba, Kuratorium VGKSA | 021 808 9214 | nphil@sun.ac.za |
| Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON) | 021 808 9248 | eleroux@sun.ac.za |
| Ekklesia | 021 808 2827 | dr@sun.ac.za |
| Network for African Congregational Theology (NetACT) | 021 808 3260 | ldhansen@sun.ac.za |

## 2.4 Die Teologiese Studentekomitee se kontakbesonderhede

As ingeskrewe student van die Fakulteit Teologie is jy outomaties lid van die Teologiese Studentevereniging. Hierdie vereniging word bestuur deur die Teologiese Studentekomitee (TSK).

### Kontakbesonderhede

Die Voorsitter: Teologiese Studentekomitee
Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch
Dorpstraat 171
Stellenbosch 7600

E-pos: tsktsc@sun.ac.za
Telefoon: 021 808 3255
Webblad: www.sun.ac.za/teologie/tsc

# 3. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer

## 3.1 Voornemende studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer toe (byvoorbeeld APP/1234567).
- Die aansoeknommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit oor al jou programaansoeke van 'n gegewe jaar te vergemaklik..
- Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

## 3.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe.
- Die studentenommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

## 3.3 Kontakbesonderhede vir navrae oor jou studies, beurse en lenings, en koshuisplasings

E-pos: info@sun.ac.za

Telefoon: 021 808 9111

Besoek die Universiteit Stellenbosch se webwerf by http://www.sun.ac.za.

### 3.3.1 Nuttige telefoonnommers

| Eenhede op kampus | Telefoonnommer |
|---|---|
| Beurse (Nagraadse kandidate) | 021 808 4208 |
| Beurse en Lenings (Voorgraadse kandidate) | 021 808 9111 |
| Eksamens | 021 808 9111 |
| Kampusgesondheidsdienste | 021 808 3496 / 3494 |
| Nagraadse Kantoor | 021 808 9436 |
| Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling | 021 808 3894 |
| Studentegelde | 021 808 4519 |
| US Kampussekuriteit (noodgevalle) | 021 808 2333 |
| Universiteit Stellenbosch Biblioteek | 021 808 4385 / 4883 |
| Universiteit Stellenbosch Internasionaal | 021 808 2565 |

Vir afdelings wat nie hierbo gelys is nie, skakel die Universiteit van Stellenbosch Kontaksentrum by telefoon 021 808 9111, stuur 'n faks 021 808 3822 of e-pos: info@sun.ac.za.

# 4. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personeellede. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer.

Meer inligting oor taal aan die US is beskikbaar op die webwerf www.sun.ac.za/taal.

# 5. Kwalifikasies aangebied in die Fakulteit Teologie

Die programme wat aangebied word, berei studente voor vir kerklike bediening in verskillende denominasies. Die denominasies wat 'n opleidingsooreenkoms met die Universiteit het, is lede van 'n Kerklike Skakelraad. Die Fakulteit besluit saam met hierdie Skakelraad oor die aard en inhoud van die betrokke programme.

Jy kan die volgende kwalifikasies, met die minimum aantal studiejare aangedui, in die Fakulteit Teologie verwerf:

| Kwalifikasie | Kwalifikasie-afkorting | Minimum studiejare |
|---|---|---|
| **Baccalaureus in die Teologie**<br>• Fokusarea Algemeen (Grondtale opsioneel)<br>• Fokusarea Jeugwerk<br>*Let op:* Studente gradueer met 'n BTh, maar het die opsie om in Jeugwerk te spesialiseer. Die Fakulteit Teologie kan op versoek 'n verklaring uitreik wat aandui dat studente in Jeugwerk gespesialiseer het. | BTh | 3 jaar |
| **Baccalaureus in die Teologie**<br>• Fokusarea Deeltyds | BTh | 4 jaar |
| **Baccalaureus Divinitatis**<br>• Grondtale verpligtend | BDiv | 4 jaar |
| **Nagraadse Diploma in Teologie** | NG Dip (Teologie) | 1 jaar |
| **Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening** | NG Dip (Teologie) (Christelike Bediening) | 1 jaar |
| **Magister Divinitatis** | MDiv | 1 jaar |
| **Magister in die Teologie** | MTh | 1 jaar |
| **Magister Philosophiae in Godsdiens en Kultuur**, voorafgegaan deur:<br>• Nagraadse Diploma in Teologie (met 'n fokus op Godsdiens en Kultuur) | MPhil in Godsdiens en Kultuur<br>NG Dip (Teologie) | 1 jaar<br>1 jaar |
| **Doktor in die Filosofie** | PhD | 2 jaar |

# 6. Voorgraadse-inskrywingsbestuur

Al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes van 'n spesifieke program, sal jy nie noodwendig vir daardie program toegelaat word nie. 'n Beperkte aantal plekke is beskikbaar en inskrywings word dus strategies bestuur.

Die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir voorgraadse programme is beskikbaar by www.maties.com. Die Fakulteit se toelatingsvereistes is ook beskikbaar by http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/theology/Pages/Undergraduate-programmes.aspx.

# 7. Verlengde kurrikulumprogramme

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **minstens 55%, maar minder as 60%**, behaal het, kan jy moontlik tot 'n verlengde kurrikulumprogram toegelaat word; dit hang ook af van 'n onderhoud met die Dekaan of dié se verteenwoordiger.
- Die verlengde kurrikulumprogram is 'n akademiese ontwikkelingsprogram. Indien jy vir die program gekeur word, voltooi jy die **BTh-program (fokusareas Algemeen en Jeugwerk)** oor vier jaar in plaas van die gewone drie. Die eerste akademiese jaar word oor twee jaar versprei en jy ontvang bykomende grondslag-ondersteuning. Die derde studiejaar sluit ook 'n bykomende 16-kredietmodule in om jou ontwikkeling en sukses te bevorder.

  Die **BDiv-program**, wat gewoonlik oor vier jaar strek, word oor vyf jaar aangebied as 'n verlengde kurrikulumprogram. Jy sal die eerste jaar se modules oor twee studiejare voltooi. Daarna is die modules wat elke jaar gevolg moet word dieselfde as vir die standaard-BDiv-program..
- Die Fakulteit Teologie kan ook die uitslae van die vroeë-assessering-toetse wat alle eerstejaarstudente aflê, gebruik om eerstejaarstudente wat reeds in die Fakulteit studeer, te identifiseer vir oorskakeling na die verlengde kurrikulumprogramme. Die Fakulteit Teologie se Programkomitee sal 'n aanbeveling hieroor maak.

# 8. Keuring vir toelating tot die bediening

- Indien jy 'n voornemende evangeliedienaar van:
  - die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK); of
  - die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) in Suid-Afrika; of
  - die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA); of
  - die Anglican Church of Southern Africa is,

  en jou opleiding by hierdie Universiteit ontvang, moet jy aan die **begin** van jou studies by die Skriba van die betrokke kerklike Kuratorium of kommissie aanmeld met die oog op keuring vir toelating tot die bediening.
- As jy jou studies onderbreek het en dit weer wil voortsit met die oog op toelating tot die bediening, moet jy die voortsetting van jou studie eers met die Skriba van die betrokke kerklike Kuratorium of kommissie bespreek **voordat** jy aansoek doen om hertoelating tot die Universiteit.

# 9. Erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulasie en -oordrag (KAO)

- Uitgangspunte by besluitneming:
  - slegs krediete wat verwerf is by geakkrediteerde Suid-Afrikaanse Hoëronderwysinstellings; of by buitelandse Hoëronderwysinstellings wat aan Suid-Afrikaanse akkreditasievereistes en -standaarde voldoen, sal oorweeg word; en
  - slegs krediete wat op die toepaslike NKR-vlak verwerf is, sal oorweeg word; en
  - die aard en omvang van die modules of kwalifikasie wat aangebied word, sal bepaal of krediete wel erken kan word; en
  - matrikulasievrystelling is 'n voorvereiste vir gevorderde plasing in BTh- of BDiv-programme; en
  - krediete wat elders of voorheen verwerf is, kan **nie** vir beide toelating én gevorderde plasing gebruik word nie.
- Jy moet ten minste die helfte van die US-kwalifikasie se krediete; en ten minste die helfte van die finalejaarkrediete aan die US voltooi om 'n US-kwalifikasie te kan verwerf. (volgens statutêre bepaling en US-regulasies) dus:
  - Indien jy vir die (driejarige) BTh-program om gevorderde plasing aansoek doen, kan jy hoogstens by BTh II inskakel; OF

  - Indien jy vir die (vierjarige) BDiv-program om gevorderde plasing aansoek doen; **en** slegs indien jou grondtale ten minste op die gelykwaardige vlak van die Universiteit Stellenbosch se Grieks I en Hebreeus I is, kan jy hoogstens by BDiv III inskakel.
- Indien jy nog nie grondtale op eerstejaarsvlak geslaag het wanneer jy toegelaat word met gevorderde plasing in die (vierjarige) BDiv-program nie, kan jy hoogstens inskakel by die tweede jaar van die kurrikulum; en
  - moet jy beide Grieks I en Hebreeus I suksesvol voltooi tydens die BDiv se tweede jaar vóórdat jy vir BDiv-derdejaarsmodules in Ou Testament en Nuwe Testament kan registreer; en
  - voordat jy die verlangde grondtale verwerf het, kan jy wél vir ander derdejaarsmodules registreer, solank jy aan daardie modules se voorvereistes voldoen; en
  - die Dekaan moet toestemming gee (in oorleg met die Programkomiteevoorsitter) vir jou as BDiv-student om (slegs) tydens jou tweede jaar die tutoriale van Ou Testament II- en Nuwe Testament II-modules vir BTh-studente te volg, en ook aan die ooreenstemmende assesserings deel te neem.

# 10. Gelyktydige inskrywing vir meer as een program

Indien jy 'n program in die Fakulteit Teologie volg, kan jy skriftelik aansoek doen by die Senaat vir goedkeuring om terselfdertyd vir 'n honneurs-, magister- of doktorale program in 'n ander fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch in te skryf.

# 11. Spesiale studente: Buitengewone kategorieë van studente in die Fakulteit Teologie

Buitengewone studente in die Fakulteit Teologie registreer as spesiale studente.

'n Spesiale student is:

- 'n student wat nie die spesifieke program vir graad- of diplomadoeleindes wil volg nie; of
- wat nie voldoen aan die toelatingsvereistes van die program nie.

Jy moet dus vir minstens een module registreer én minstens een module slaag om verder as spesiale student toegelaat te word. Kyk ook Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek, "Toelating as Spesiale Student".

# 12. Besondere bepalings in die Fakulteit

Behalwe vir die algemene eksamen- en promosiebepalings soos uiteengesit in die Algemene Bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek, moet jy ook kennis neem van die besondere bepalings wat op elke program in die Fakulteit Teologie van toepassing is.

Verder moet jy kennis neem van watter vereiste(s) t.o.v. slaagvoorvereistes (S), voorvereistes (V) en newevereistes (N) vir elke module gestel word. Definisies van hierdie vereistes, asook besonderhede oor die vereistes per module, word gegee in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" onder die beskrywings van die modules.

# 13. Voortsetting en afhandeling van modules en programme

- Jy kan, afhangende van die klas- en eksamenroosters, voortgaan met die studie van die daaropvolgende jaargang se module van die vak waarin jy geslaag het, mits jy voldoen aan die voor-, newe- en slaagvoorvereistes wat t.o.v. die betrokke module gestel word.
- Jy kan by die Fakulteitsadministrateur (wat met die Fakulteitsbestuurder en Programkomitee-voorsitter kan konsulteer) om 'n vergunning aansoek doen om 'n maksimum van 32 krediete (maksimaal 16 krediete per semester) uit 'n vorige jaargang van 'n vak te volg, mits die vergunning:
  - geen klas-, toets-, of eksamenroosterbotsings veroorsaak nie, en
  - dit nie meer as 16 krediete in dieselfde vak behels nie.
- Indien klas-, toets-, of eksamenroosterbotsings voorkom; of indien meer as 16 krediete van dieselfde vak betrokke is, moet jy die gesakte module volg (en nie die daaropvolgende jaargang se module nie).
- Hierdie bepaling sluit aan by die bepaling dat 'n student te enige tyd maksimaal vir slegs 32 krediete per jaar méér as die voorgeskrewe maksimum aantal krediete vir die betrokke jaargang mag registreer.

# 14. Dekaansvergunningsassesserings

## 14.1 Wie toegelaat mag word tot DVA's

Jy kan vir toelating tot DVA's oorweeg word indien:

- jy 'n finalejaarstudent is en jy, nadat die A3-tydperk in die tweede semester afgesluit het, nie daarin geslaag het om al die nodige krediete vir jou kwalifikasie te verwerf nie. (Die A3-tydperk volg direk op die tweede semester se A2-tydperk, wat direk op die klastydperk volg.);
- die krediete wat jy nog moet verwerf altesaam nie meer as 24 is nie, in hoogstens twee modules wat jy nog moet slaag;
- jy in daardie akademiese jaar 'n finale punt van minstens 30 in elkeen van die modules wat jy nog moet slaag, behaal het;
- jy aan die vereistes vir toelating tot die DVA's wat in die assesseringsreëls van die Fakulteit Teologie gestel word, voldoen; en

DVA's sal slegs deur die dekaan toegeken word na konsultasie met die voorsitter van die betrokke tuisdepartemente. Onder geen omstandighede mag 'n departement 'n DVA toeken sonder die dekaan se goedkeuring nie en geen dosent mag 'n belofte oor 'n DVA aan 'n student maak nie.

## 14.2 Hoe om vir 'n DVA aansoek te doen

- Dit is jou verantwoordelikheid om jouself as DVA-kandidaat te identifiseer en by die fakulteitsadministrateur aan te meld om die nodige toestemming te verkry en die nodige reëlings te tref. Die fakulteitsadministrateur moet bevestig of jy wel vir 'n DVA kwalifiseer en die betrokke departement of departemente en die dekaan hieroor inlig.
- DVA's word afgeneem op 'n datum en tyd wat deur die dekaan bepaal word, in konsultasie met die betrokke. departement of departemente. DVA's sal nie later as 15 Februarie afgeneem word nie.
- Let op dat, wanneer jy toegelaat word tot 'n DVA, die bedrag vir DVA's wat in die Studentegelde-deel van die Jaarboek (Deel 3) genoem word, by jou rekening getel word.

## 14.3 Hoe jou finale punt na afloop van 'n DVA bepaal word

- Jou punt vir die DVA sal gebruik word om 'n finale punt te bepaal, soos gespesifiseer in die assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit.
- DVA's moet intern en ekstern gemodereer word in ooreenstemming met die Universiteit se "Regulasie vir interne en eksterne moderering en die verwerking van uitslae" en die verwante reëlings van die program se tuisfakulteit of -sentrum.
- Herevaluering geld nie vir DVA's nie.

# 15. Beurse

Indien jy vir beurse wil aansoek doen, raadpleeg Deel 2 (Beurse en Lenings) van die Jaarboek vir inligting oor beskikbare beurse. Jy moet direk by die Afdeling Beurse en Lenings aansoek doen. Die Fakulteit hanteer geen beursaansoeke nie. Vir meer inligting oor beurse en lenings, besoek: http://www.maties.com/beurse-lenings-en-fooie.html.

# 16. Studenteverteenwoordiging

As ingeskrewe student van die Fakulteit Teologie is jy outomaties lid van die Teologiese Studentevereniging. Hierdie vereniging word bestuur deur die Teologiese Studentekomitee (TSK). Die komitee bestaan uit 'n verkose dagbestuur van nege lede, en word ondersteun deur klasverteenwoordigers uit elke jaargroep. Die TSK is geaffilieer by die Studenteraad van die Universiteit Stellenbosch en het ook twee verteenwoordigers op die Akademiese Belangeraad (ABR). Lede van die TSK het sitting in die Fakulteitsraad en fakulteitskomitees, naamlik die Programkomitee, Bedryfskomitee, Coram Deo en Gemeenskapsinteraksiekomitee. Hulle het ook sitting in die verskeie Taakgroepe vir Leer en Onderrig (TGLO). Die TSK bestuur sy eie finansies en hanteer akademiese klagtes van alle studente in die Fakulteit Teologie in samewerking met die Dekaanskantoor. Die TSK is nie verbonde aan 'n spesifieke kerklike denominasie nie, verteenwoordig alle studente se belange en koördineer studenteprojekte.

# Voorgraadse Programme

## 1. Toelatingsvereistes

### 1.1 Skooleindkwalifikasies

Indien jy in 2007 of vroeër gematrikuleer het, benodig jy vir toelating tot die Universiteit die volgende:

- 'n Senior Sertifikaat met matrikulasie-endossement, of 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad; of
- 'n voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die matrikulasie-eksamen uitgereik deur die Matrikulasieraad aan kandidate uit die buiteland; of
- 'n voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die matrikulasie-eksamen op grond van ouderdom (23 jaar en ouer).

Indien jy die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) in 2008 of later verwerf het, benodig jy vir toelating tot die Universiteit die volgende:

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat soos gesertifiseer deur Umalusi, met toelating tot baccalaureusgraadstudie.[1]

[1] Toelating tot baccalaureusgraadstudie vereis dat jy 'n punt van minstens 4 (50-59%) in elk van vier aangewese universiteitstoelatingsvakke verwerf.

### 1.2 Minimum toelatingsvereistes vir graadprogramme in die Fakulteit Teologie

Vir toelating tot die graadprogramme in die Fakulteit, moet jy voldoen aan die volgende minimum toelatingsvereistes:

#### 1.2.1 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)

- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60%, Lewensoriëntering uitgesluit;
- 'n Geweegde gemiddelde vir die Nasionale Senior Sertifikaat (goedgekeurde vakke) van 60% of hoër, indien Teologie nie jou eerste keuse is nie; OF indien jy vir Teologie aansoek doen tydens die registrasietydperk.

### 1.3 Bykomende vereistes vir alle aansoekers

As voornemende voorgraadse student moet jy ook die Nasionale Normtoetse (ook bekend as die *National Benchmark Tests* of *NBT*) aflê. Vir meer inligting hieroor, besoek die NBT-webwerf by www.nbt.ac.za of die Universiteit se webwerf by www.maties.com.

Die Universiteit kan die uitslae van die Nasionale Normtoetse gebruik vir:

- besluitneming oor die plasing van studente in verlengde graadprogramme;
- keuring; en
- kurrikulumontwikkeling.

### 1.4 Toelatingsvereistes vir die verlengde kurrikulumprogramme

- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **minstens 55%, maar minder as 60%,** behaal het, kan jy moontlik tot 'n verlengde kurrikulumprogram toegelaat word, maar dit hang ook af van 'n onderhoud met die Dekaan of dié se verteenwoordiger.
- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **onder 55%** het, mag jy aansoek doen en moontlik tot 'n verlengde kurrikulumprogram toelating kry op grond van die Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -oordrag (KAO).
- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **onder 55%, maar hoër as 50%** het, en sosio-ekonomies benadeeld is, kan jou kerklike denominasie die Dekaan nader vir 'n Dekaansdiskresionêre toelating. Die Dekaan sal hierdie versoek oorweeg in oorleg met die Programkomiteevoorsitter.

## 2. Rekenaarvaardigheid en akademiese geletterdheid

Inligtingsvaardighede 172(6) is 'n verpligte module in die BTh-program met fokusareas Algemeen en Jeugwerk, en in die BDiv-program, omdat rekenaarvaardighede toenemend belangrik is in evangeliebediening.

Akademiese Geletterdheid vir Teologie 113(12) en 143(12) is verpligte modules in die BTh-program.


Akademiese Geletterdheid vir Teologie 112(12) en 142(12) is verpligte modules in die BTh- verlengde kurrikulumprogramme met fokusareas Algemeen en Jeugwerk.

Akademiese Geletterdheid vir Teologie 142(12) is 'n verpligte module in die BDiv- verlengde kurrikulumprogram.

Die oogmerk van hierdie modules is om die akademiese en digitale geletterdheid en ontwikkeling van teologiestudente te bevorder; gevolglik fokus dit op lees, skryf en navorsing oor die kennis, vaardighede en gesindhede wat dit verg om teologie met sukses te bestudeer.

# 3. Opsomming en uiteensetting van voorgraadse programme

Die onderstaande diagram bied 'n uiteensetting van die voorgraadse baccalaureusgraadprogramme in die Fakulteit Teologie en die vereistes ten opsigte van Hebreeus en Grieks. Die blokkies onder BTh-programme bevat die drie rigtings waarin jy kan studeer. Die blokkies onder die verlengde kurrikulumprogramme dui die drie verlengde kurrikulumprogramme aan wat gevolg kan word.




## 3.1 BTh-program (NKR-vlak 7)

### Missie

Studente en personeel funksioneer as mededeelnemers in hierdie program om in studente die vaardighede te ontwikkel om krities en teologies oor die Suid-Afrikaanse, Afrika- en globale konteks te kan besin. Die program streef na 'n betrokke leeromgewing waarin diverse, transformatiewe en kritiese teologiese vermoëns gekweek word. Nadat jy aan hierdie program deelgeneem het, sal jy oor interkulturele vaardighede beskik asook die vermoë om sosiale tersaaklikheid te onderskei.

### Teikengroep

- Studente wat vanuit 'n teologiese perspektief in diverse kontekste by 'n kerk, gemeenskap of instelling wil betrokke raak.
- Denominasies of kerke wat leraars, persone in kinderbediening, jeugwerkers of gemeenskapswerkers in diens het. Grieks en Hebreeus word nie vereis nie.
- Studente wat algemene teologiese opleiding wil deurloop of in jeugwerk wil spesialiseer; die Fakulteit Teologie sal op versoek 'n verklaring uitreik dat jy in jeugwerk gespesialiseer het.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Behalwe dat jy aan die vereistes vir universiteitstoelating moet voldoen, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes om aan die Fakulteit Teologie te studeer:

- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% in die Nasionale Senior Sertifikaat, Lewensoriëntering uitgesluit.
- 'n Geweegde gemiddelde vir die Nasionale Senior Sertifikaat (goedgekeurde vakke) van 60% of hoër, indien Teologie nie jou eerste keuse is nie; OF indien jy vir Teologie aansoek doen tydens die registrasietydperk.

## Sluitingsdatum vir Aan*soeke*

Jy moet **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.

## Duur van Program

Die program word voltyds aangebied en strek oor drie jaar.

## Verdere Studiemoontlikhede

Hierdie program lei tot die Nagraadse Diplomas in Teologie, die MTh-programme, en die MPhil-programme in die Fakulteit Teologie.

Vir meer besonderhede oor toelating tot die nagraadse program wat jy oorweeg, raadpleeg asseblief die betrokke nagraadse program se uiteensetting in die hoofstuk "Nagraadse Programme" in hierdie Jaarboekdeel.

## Programuitkomste

Na afloop van hierdie program sal jy:

- daartoe in staat wees om teologies oor die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks te dink, en insien hoe kompleks dit is;
- 'n denkleier wees wat weet wat tersaaklik is vir die samelewing waarin jy jou bevind en in verskillende kulture kan funksioneer, met die gevolg dat jy –
    - doeltreffend saam met ander sal werk,
    - in gesprek sal tree met verskillende Christelike teologiese teorieë waarmee jy te doen kry, en dit by die geheel sal inweef, en
    - etiese besluitneming in kerke en gemeenskappe sal bevorder;
- godsdienstige tekste soos die Bybel kan vertolk vanuit 'n teologiese verstaan, wat jou in staat stel om oor vraagstukke soos versoening, gelykheid, geregtigheid en vrede in kritiese en teologiese gesprek te tree; en
- die vermoë hê om as leier in verskillende geloofsgemeenskappe te funksioneer, omdat jy weet hoe om persoonlike bestuur en probleemoplossing vanuit 'n teologiese invalshoek te benader.

## Programstruktuur

'n Module word slegs aangebied as die minimum aantal studente of meer vir die module registreer.

Hoewel Hebreeus en Grieks nie verpligtend is nie, kan jy dit wel as keusemodules neem.

Behalwe vir die teologiese kernkurrikulum, is daar ook teologiese en nie-teologiese keusemodules wat relevant is vir die opleiding van gemeentebedienaars, en leiers binne geloofsgemeenskappe, soos jeugwerkers en hulpverleners. Jy kan keusemodules in Teologie, of in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe neem. Die onderstaande tabelle gee 'n uiteensetting van die samestelling van die drie fokus areas in die BTh-program, naamlik Algemeen, Deeltyds en Jeugwerk.

### 3.1.1 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-program, fokusarea Algemeen, oor al drie studiejare

Die aantal krediete wat hieronder genoem word, is die minimum vereiste aantal krediete. Jy kan wel meer krediete as die minimum neem, solank daar nie roosterbotsings is nie.

| BTh: fokusarea Algemeen | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **122** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| | | *Verpligte* Inligtingsvaardighede-module | 6 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 28 |
| **Tweede jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **120** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 72 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 48 |
| **Derde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **120** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 56 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 64 |

### 3.1.2 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-program, fokusarea Deeltyds, oor al vier studiejare

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

Die aantal krediete wat hieronder genoem word, is die minimum vereiste aantal krediete. Jy kan wel meer krediete as die minimum neem, solank daar nie roosterbotsings is nie.

| BTh: fokusarea Deeltyds | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 5** | **24** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 24 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **80** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 80 |
| **Tweede jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **88** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| **Derde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **48** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 48 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **40** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 40 |
| **Vierde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **80** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 80 |

### 3.1.3 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-program, fokusarea Jeugwerk, oor al drie studiejare

Die aantal krediete wat hieronder genoem word, is die minimum vereiste aantal krediete. Jy kan wel meer krediete as die minimum neem, solank daar nie roosterbotsings is nie.

| BTh: fokusarea Jeugwerk | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **130** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| | | *Verpligte* Inligtingsvaardighede-module | 6 |
| | | *Verpligte* Sielkunde- en Sosiologie-modules | 36 |
| **Tweede jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **128** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 104 |
| | | *Verpligte* Sielkunde- en Sosiologie-modules | 24 |
| **Derde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **124** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 104 |
| | | *Verpligte* Sosiologie-modules | 12 |
| | | *Keusemodule* in Teologie | 8 |

## 3.2 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh-program, fokusarea Algemeen (605100) (NKR-vlak 7)

### 1e jaar (minimum 122 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 94)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 143(8) |
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |
| Missiologie | 142(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 114(16), 144(16) |
| Praktiese Teologie | 113(8) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) |
| Sistematiese Teologie | 144(8) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) |

**plus**

### Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 28 krediete uit die onderstaande vakke.

*Let op:* Indien jy Sielkunde 213(8) en 223(8) as keusemodules in jou tweede jaar wil neem, móét jy al twee onderstaande Sielkunde-modules as keusemodules in jou eerste jaar neem.

(krediete = 28)

| | |
|---|---|
| Antieke Kulture | 114(12), 144(12) |
| Basiese Xhosa | 114(12), 144(12) |
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Filosofie | 114(12), 144(12) |
| Grieks | 178(24) |
| Praktiese Teologie | 143(8), 152(8) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Sosiologie | 114(12), 144(12) |
| Xhosa | 178(24) |

## 2e jaar (minimum 120 krediete)

NKR-vlak 6

### Verpligte Modules

(krediete = 72)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 211(8) |
| Praktiese Teologie | 212(8), 222(8), 243(8) |
| Sistematiese Teologie | 212(8), 245(8), 253(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 213(8) OF 262(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 213(8) OF 252(8) |

**plus**

### Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 48 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 48)

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16), 244(16) |
| Ekklesiologie | 253(8) |
| Grieks | 214(16), 244(16) |
| Missiologie | 244(16) |
| Nuwe Testament (die module wat nie hierbo onder die verpligte modules gekies is nie) | 213(8), 262(8) |
| Ou Testament (die module wat nie hierbo onder die verpligte modules gekies is nie) | 213(8), 252(8) |
| Praktiese Teologie | 234(16), 244(16), 254(16) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8) |
| Sosiologie | 222(8) |

## 3e jaar (minimum 120 krediete)

NKR-vlak 7

### Verpligte Modules

(krediete = 56)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 352(8) |
| Nuwe Testament | 321(8) |
| Ou Testament | 344(8) |
| Praktiese Teologie | 314(16), 342(8) |
| Sistematiese Teologie | 312(8) |

**plus**

### Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 64 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 64)

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 312(8), 342(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 324(16), 354(16) |
| Ou Testament | 312(8), 342(8) |
| Praktiese Teologie | 322(8), 332(8), 354(16), 362(8), 378(24) |
| Sistematiese Teologie | 322(8), 342(8) |
| Sosiologie | 364(12) |

## 3.3 BTh program, fokusarea Deeltyds (NKR-vlak 7)

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

### Programbeskrywing

In die BTh-program met fokusarea Deeltyds word die inhoud van die BTh-program met fokusarea Algemeen, wat gewoonlik drie jaar neem, oor vier jaar aangebied.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

#### Geskiktheid

Behalwe dat jy aan die vereistes vir universiteitstoelating moet voldoen, moet jy ook aan sekere bykomende kriteria voldoen om vir die BTh-program met fokusarea Deeltyds in aanmerking te kom.

Om vir hierdie program aansoek te mag doen, moet jy:

- ten minste 30 jaar oud of ouer wees;
- 'n tweedeloopbaanstudent ('n student wat ook in 'n ander loopbaan in diens is of was) of in die bediening wees;
- die fakulteit se inleidende en rekenaargeletterdheid-kortkursusse op NKR-vlak 5 voltooi het;
- bewys van bedieningservaring of 'n motiveringsbrief van 'n denominasionele hoof indien.

Indien jy in 'n voltydse teologieprogram is, kan jy nie na hierdie program oorskakel nie.

Die aantal studente wat per jaar tot hierdie program toegelaat word, is beperk, en 'n keuringspaneel sal voornemende studente evalueer.

#### Toelatingsvereistes vir studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) in 2008 of later verwerf het

Indien jy die Nasionale Senior Sertifikaat voltooi het, moet jy die volgende hê:

- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60%, Lewensoriëntering uitgesluit,
- Vrystelling vir 'n baccalaureusgraad.

#### Toelatingsvereistes vir studente wat in 2007 of vroeër gematrikuleer het

- Jy moet 'n matrieksertifikaat hê met minstens vier simbole tussen A en E (ten minste 40%);
- Ten minste een vak moet op hoër graad wees;
- Jy moes ten minste drie vakke tydens dieselfde eksamengeleentheid geslaag het.
- Jy moet aansoek doen vir matrikulasievrystelling by die matrikulasieraad.
- Indien jy ouer is as 45 jaar, moet jy bewys lewer van matrikulasievrystelling deur die Matrikulasieraad.

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan.

### Duur van Program

Die BTh-program met fokusarea Deeltyds strek oor vier jaar.

### Onderrig- en Leer

Hierdie program word aangebied deur middel van hibridiese leer en bestaan uit blokkontaksessies op kampus sowel as aanlyn en tegnologies bemiddelde aktiwiteite wat sinchronies sowel as asinchronies van aard is.

- Daar sal van jou verwag word om een blokkontakweek per kwartaal op kampus by te woon, dus twee per semester. Hierdie kontakweke sal vir die eerste twee weke van elke kwartaal geskeduleer word en datums sal aan die begin van elke jaar deurgegee word, sodra die Universiteit se akademiese kalender gefinaliseer is. Hierdie blokkontaksessies sal bestaan uit lesings om basiskonsepte, teorie en debatte met betrekking tot die module vas te lê.
- Sinchroniese aktiwiteite (studente en dosente is intyds in kontak) en asinchroniese aktiwiteite (studente leer op hulle eie tyd) sal bykomende leergeleenthede bied en sluit, lesings, tutoriale, interaksies met medestudente en assesseringsgeleenthede in.

### Verdere Studiemoontlikhede

Indien jy die BTh-program met fokusarea Deeltyds voltooi, is die verdere studiemoontlikhede dieselfde as vir die hoofstroom-BTh-programme; dit kan opgevolg word deur die volgende programme in die Fakulteit Teologie:

- die Nagraadse Diplomas in Teologie,
- die MTh-programme,
- die MPhil-programme.

Vir meer besonderhede oor toelating tot nagraadse programme, raadpleeg asseblief die hoofstuk "Nagraadse Programme" in hierdie Jaarboekdeel.

### Programstruktuur

Behalwe dat die BTh-program met fokusarea Deeltyds een jaar langer duur as die BTh-program met fokusarea Algemeen, stem die module-inhoud van die twee programme ooreen.

Vind meer besonderhede oor die module-inhoude van voorgraadse programme in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude van Alle Voorgraadse Programme" in hierdie Jaarboekdeel.

Hieronder word die kurrikulums van die vier studiejare uiteengesit.

## 3.4 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh-program, fokusarea Deeltyds (605104) (NKR-vlak 7)

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

### 1e jaar (minimum 104 krediete)

NKR-vlak 5 & 6

### Verpligte Modules

(krediete = 104)

| | |
|---|---|
| Akademiese geletterdheid vir Teologie | 113(12), 143(12) |
| Ekklesiologie | 153(8) |
| Missiologie | 143(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 113(16), 143(16) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 122(8) |
| Sistematiese Teologie | 153 (8) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 113(16) |

### 2e jaar (minimum 88 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 88)

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 215(8) |
| Ou Testament | 253(8) |
| Praktiese Teologie | 133(8), 145(8), 153(8), 213(8), 215(8), 253(8) |
| Sistematiese Teologie | 213 (8), 241(8), 251(8) |

### 3e jaar (minimum 96 krediete)

NKR-vlak 6 & 7

#### Verpligte Modules

(krediete = 88)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 215(8), 353(8) |
| Missiologie | 243(16) |
| Ou Testament | 313(8) |
| Praktiese Teologie | 211(8), 245(16), 343(8) |
| Sistematiese Teologie | 313(8), 343(8) |

### 4e jaar (minimum 80 krediete)

NKR-vlak 7

#### Verpligte Modules

(krediete = 80)

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 323(8) |
| Ou Testament | 343(8) |
| Praktiese Teologie | 313(16), 323(8), 355(16), 388(24) |

## 3.5 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh-program, fokusarea Jeugwerk (605101) (NKR-vlak 7)

### 1e jaar (minimum 130 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 130)

| | |
|---|---|
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |
| Missiologie | 142(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 114(16), 144(16) |
| Praktiese Teologie | 113(8), 143(8), 152(8) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) |
| Sosiologie | 144(12) |

### 2e jaar (minimum 128 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 128)

| | |
|---|---|
| Praktiese Teologie | 212(8), 222(8), 234(16), 243(8), 244 (16), 254(16) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8) |
| Sistematiese Teologie | 245(8), 253(8) |
| Sosiologie | 222(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 213(8) OF 262(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 213(8) OF 252(8) |

## 3e jaar (minimum 124 krediete)

NKR-vlak 7

### Verpligte Modules

(krediete = 116)

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 321(8) |
| Ou Testament | 344(8) |
| Praktiese Teologie | 314(16), 322(8), 332(8), 342(8), 354(16), 378(24) |
| Sistematiese Teologie | 312(8) |
| Sosiologie | 364(12) |

**plus**

### Keusemodules

Kies 'n module ter waarde van ten minste 8 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 8)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 352(8) |
| Nuwe Testament | 312(8), 342(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 324(16), 354(16) |
| Ou Testament | 312(8), 342(8) |
| Praktiese Teologie | 362(8) |
| Sistematiese Teologie | 322(8), 342(8) |

## 3.6 BDiv-program (604100) (NKR-vlak 8)

### Teikengroep

- Die BDiv-program bied professionele teologiese opleiding aan denominasies wat Hebreeus en Grieks as deel van die teologiese opleiding vereis.
- Volg hierdie program indien jy jou wil voorberei vir die kerklike bediening om as godsdienstige leier in die samelewing op te tree en hulp aan mense in nood te verleen.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Behalwe dat jy aan die vereistes vir universiteitstoelating moet voldoen, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes om in die Fakulteit Teologie te studeer:

- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% in die Nasionale Senior Sertifikaat, Lewensoriëntering uitgesluit.
- 'n Geweegde gemiddelde vir die Nasionale Senior Sertifikaat (goedgekeurde vakke) van 60% of hoër, indien Teologie nie jou eerste keuse is nie; OF indien jy vir Teologie aansoek doen tydens die registrasietydperk.

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

Jy moet **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.

### Duur van Program

Die program word voltyds aangebied en strek oor vier jaar.

### Verdere Studiemoontlikhede

- Hierdie program lei tot die Nagraadse Diplomas in Teologie, die MTh-programme, die MPhil-programme en die MDiv-program in die Fakulteit Teologie.

Vir meer besonderhede oor toelating tot die nagraadse program wat jy oorweeg, raadpleeg asseblief die betrokke nagraadse program se uiteensetting in die hoofstuk "Nagraadse Programme" in hierdie Jaarboekdeel.

## Programuitkomste

Na afloop van hierdie program sal jy:

- 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van alle teologiese dissiplines hê, met inagneming van die Bybel in sy oorspronklike grondtale (Hebreeus, Aramees en Grieks);
- kennis hê van die beginsels en teorie van teologiese hermeneutiek;
- kennis hê van die aard en funksionering van die kerk;
- die vermoë hê om die konteks van gemeentelike bediening te kan bepaal;
- die Christelike boodskap effektief kan oordra;
- die vermoë hê om die toepaslikheid van die Bybel binne die Suider-Afrikaanse konteks te kan uitwys;
- insig hê in die manier waarop persepsies oor menswaardigheid, mense se waardestelsels beïnvloed;
- die vermoë hê om 'n kontekstuele praktykteorie te ontwikkel oor hoe geloofsgemeenskappe binne hulle eie omstandighede moet funksioneer;
- kennis hê, en begrip toon vir ander geloofstradisies, veral in Afrika.

## Programstruktuur

'n Module word slegs aangebied as die minimum aantal studente of meer vir die module registreer.

Afhangend van jou denominasie, word verskillende vlakke van vaardigheid in die grondtale van die Bybel, naamlik Hebreeus, Aramees en Grieks vereis. Jy moet seker maak wat jou betrokke denominasie se vereistes ten opsigte van die grondtale is.

- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) vereis tans twee studiejare in Grieks en Hebreeus.
- Die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) in Suid-Afrika vereis tans een studiejaar in Grieks en Hebreeus, asook een jaar opleiding in 'n Suid-Afrikaanse taal, bykomend tot jou moedertaal, bv. Afrikaans, Engels of isiXhosa (sien taalmodules aangebied deur Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe).

Hoewel die BDiv-program in die eerste jaar geen keusemodules insluit nie, kan jy op tweedejaar- en derdejaarvlak wel keusemodules neem.

In die vierde studiejaar moet jy 'n groot werkstuk (48 krediete) oor enige van die ses onderafdelings van teologie as studieveld doen. Jy moet dit voor of op 1 November inlewer, waarna 'n interne sowel as 'n eksterne eksaminator dit sal assesseer. Die tabel hier onder sit die samestelling van die BDiv-program uiteen.

### 3.6.1 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BDiv-program oor al vier studiejare

| BDiv | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **142** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| | | *Verpligte* Inligtingsvaardighede-module | 6 |
| | | *Verpligte* modules in Lettere en Sosiale Wetenskappe | 48 |
| **Tweede jaar** | NGK -studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **160** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 96 |
| | | *Verpligte* modules in Lettere en Sosiale Wetenskappe | 64 |
| | ANGLIKAANSE studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **128** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 104 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 24 |
| | Alle ANDER denominasie-studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **128** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 96 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 32 |
| **Derde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **144** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 56 |
| **Vierde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 8** | **144** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 144 |

## 3.7 Kurrikulums vir alle studiejare van BDiv-program (604100) (NKR-vlak 8)

### 1e jaar
### (Leerplan vir alle teologiestudente) (minimum 142 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 142)

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Ekklesiologie | 143(8) |
| Grieks | 178(24) |
| Kennisvaardighede | 172(6) |
| Missiologie | 142(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 114(16), 144(16) |
| Praktiese Teologie | 113(8) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) |
| Sistematiese Teologie | 144(8) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) |

**As jou denominasie nie grondtale op tweedejaarsvlak vereis nie, let op:** Indien jy Sielkunde 213(8) en 223(8) as keusemodules in jou tweede jaar wil neem, móét jy al twee onderstaande Sielkunde-modules as keusemodules in jou eerste jaar neem.

| | |
|---|---|
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |

### 2e jaar
### (Leerplan vir Nederduitse Gereformeerde Kerk-studente) (minimum 160 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 160)

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16), 244(16) |
| Ekklesiologie | 211(8) |
| Grieks | 214(16), 244(16) |
| Missiologie | 244(16) |
| Nuwe Testament | 213(8), 262(8) |
| Ou Testament | 213(8), 252(8) |
| Praktiese Teologie | 222(8), 243(8) |
| Sistematiese Teologie | 212(8),245(8), 253(8) |

**OF**

### 2e jaar
### (Leerplan vir studente van denominasies wat nie grondtale op tweedejaarsvlak vereis nie) (minimum 128 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 104 vir Anglikaanse studente; 96 vir alle ander studente)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 211(8) |
| Missiologie | 244(16) |
| Nuwe Testament | 213(8), 262(8) |
| Ou Testament | 213(8), 252(8) |
| Praktiese Teologie | 222(8), 243(8) |
| Sistematiese Teologie | 212(8), 245(8), 253(8) |

**plus**

## Verpligte Module

vir alle Anglikaanse studente

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 253(8) |

**plus**

## Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 24 krediete uit die onderstaande vakke indien jy 'n Anglikaanse student is. Alle ander studente kies modules ter waarde van ten minste 32 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 24 vir Anglikaanse studente; 32 vir alle ander studente)

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16), 244(16) |
| Grieks | 214(16), 244(16) |
| Ekklesiologie | 253(8) |
| Praktiese Teologie | 212(8), 234(16), 244(16), 254(16), 262(8) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8) |
| Sosiologie | 222(8) |

# 3e jaar (Leerplan vir alle teologiestudente) (minimum 144 krediete)

NKR-vlak 7

## Verpligte Modules

(krediete = 88)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 352(8) |
| Nuwe Testament | 312(8), 342(8) |
| Ou Testament | 312(8), 342(8) |
| Praktiese Teologie | 314(16), 342(8) |
| Sistematiese Teologie | 312(8), 322(8), 342(8) |

**plus**

## Keusemodules

(krediete = 56)

Kies modules ter waarde van ten minste 56 krediete uit die onderstaande vakke.

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) |
| Grieks | 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) |
| Ou en Nuwe Testament | 324(16), 354(16) |
| Praktiese Teologie | 322(8), 332(8), 354(16), 362(8) |

# 4e jaar (Leerplan vir alle teologiestudente) (minimum 144 krediete)

NKR-vlak 8

## Verpligte Modules

(krediete = 96)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 423(8), 443(8) |
| Missiologie | 442(16) |
| Nuwe Testament | 422(8), 442(8) |
| Ou Testament | 412(8), 452(8) |
| Praktiese Teologie | 413(16) |
| Sistematiese Teologie | 421(8), 444(8) |

**plus**

### Keusemodule

Kies **een** van die onderstaande modules ter waarde van 48 krediete. Jy doen 'n verpligte navorsingswerkstuk in slegs een van die ses spesialisasierigtings.

(krediete = 48)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 478(48) |
| Missiologie | 478(48) |
| Nuwe Testament | 478(48) |
| Ou Testament | 478(48) |
| Praktiese Teologie | 478(48) |
| Sistematiese Teologie | 478(48) |

## 3.8 Verlengde kurrikulumprogramme

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

### Programbeskrywing

Die verlengde kurrikulumprogram (VKP) bied aan gekeurde studente die geleentheid om hulle kwalifikasie te voltooi deur 'n bykomende jaar van formele studie.

Indien jy vir die program gekeur word, voltooi jy die BTh-program (fokusareas Algemeen en Jeugwerk) oor vier jaar in plaas van die gewone drie. Die eerste akademiese jaar word oor twee jaar versprei en jy ontvang bykomende grondslag-ondersteuning. Die derde studiejaar sluit ook 'n bykomende 16 kredietmodule in om jou ontwikkeling en sukses te bevorder. Hierdie grondslag-ondersteuning fokus op kennis en vaardighede wat daarop gemik is om jou te ondersteun en te help om holisties te ontwikkel. Die doel is om te verseker dat jy nie net die program met die vereiste akademiese en professionele vaardighede voltooi nie, maar ook die persoonlike vaardighede het om jou toekomstige loopbaan as geestelike leier te bestuur.

Die BDiv-program, wat gewoonlik oor vier jaar strek, word oor vyf jaar aangebied as 'n verlengde kurrikulum-program. Jy sal die eerste jaar se modules oor twee studiejare voltooi. Daarna is die modules wat elke jaar gevolg moet word dieselfde as vir die standaard-BDiv-program.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Behalwe dat jy aan die vereistes vir universiteitstoelating moet voldoen, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes om vir 'n verlengde kurrikulumprogram in die Fakulteit Teologie oorweeg te word:

- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **minstens 55%, maar minder as 60%,** behaal het, kan jy moontlik tot 'n verlengde kurrikulumprogram toegelaat word; dit hang ook af van 'n onderhoud met die Dekaan of dié se verteenwoordiger.
- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **onder 55%** het, mag jy aansoek doen en moontlik tot 'n verlengde kurrikulumprogram toelating kry op grond van die Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -oordrag (KAO).
- Indien jy 'n geweegde Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde (goedgekeurde vakke) van **onder 55%, maar hoër as 50%**, het, en sosio-ekonomies benadeeld is, kan jou kerklike denominasie die Dekaan nader vir 'n Dekaansdiskresionêre toelating. Die Dekaan sal hierdie versoek in samewerking met die Programkomiteevoorsitter oorweeg.

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan.

### Duur van Program

Die BTh- verlengde kurrikulumprogramme (fokusareas Algemeen en Jeugwerk) strek oor vier jaar en die BDiv- verlengde kurrikulumprogram strek oor vyf jaar.

### Verdere Studiemoontlikhede

- Indien jy 'n BTh- verlengde kurrikulumprogram voltooi, is die verdere studiemoontlikhede dieselfde as vir die hoofstroom-BTh-programme; dit kan opgevolg word deur die volgende programme in die Fakulteit Teologie:
  - die Nagraadse Diplomas in Teologie,
  - die MTh-programme,
  - die MPhil-programme.

- Indien jy die BDiv- verlengde kurrikulumprogram voltooi, is die verdere studiemoontlikhede dieselfde as vir die hoofstroom BDiv-program; dit kan opgevolg word deur die volgende programme in die Fakulteit Teologie:
  - die Nagraadse Diplomas in Teologie,
  - die MTh-programme,
  - die MPhil-programme,
  - die MDiv-program.

Vir meer besonderhede oor toelating tot nagraadse programme, raadpleeg asseblief die hoofstuk "Nagraadse Programme" in hierdie Jaarboekdeel.

## Programstruktuur

'n Module word slegs aangebied as die minimum aantal studente vir die module registreer.

Vind meer besonderhede oor die module-inhoude van voorgraadse programme in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude van Alle Voorgraadse Programme"' in hierdie Jaarboekdeel.

### 3.8.1 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh-verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Algemeen, oor al vier studiejare

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

Die aantal krediete wat hieronder genoem word, is die minimum vereiste aantal krediete. Jy kan wel meer krediete as die minimum neem, solank daar nie roosterbotsings is nie.

| BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Algemeen | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 5** | **48** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 48 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **40** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 40 |
| **Tweede jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 5** | **24** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 24 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **80** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 48 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 32 |
| **Derde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **120** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 32 |
| **Vierde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **120** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 56 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 64 |

### 3.8.2 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Jeugwerk, oor al vier studiejare

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

Die aantal krediete wat hieronder genoem word, is die minimum vereiste aantal krediete. Jy kan wel meer krediete as die minimum neem, solank daar nie roosterbotsings is nie.

| BTh verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Jeugwerk | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 5** | **48** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 48 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **40** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 40 |

| BTh verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Jeugwerk | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Tweede jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 5** | **24** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 24 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **100** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 64 |
| | | *Verpligte* Sielkunde- en Sosiologie-modules | 36 |
| **Derde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **144** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 120 |
| | | *Verpligte* Sielkunde- en Sosiologie-modules | 24 |
| **Vierde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **124** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 104 |
| | | *Verpligte* Sosiologie-modules | 12 |
| | | *Keusemodules* in Teologie | 8 |

### 3.8.3 'n Uiteensetting van die programsamestelling van die BDiv- verlengde kurrikulumprogram oor al vyf studiejare

Die aantal krediete wat hieronder genoem word, is die minimum vereiste aantal krediete. Jy kan wel meer krediete as die minimum neem, solank daar nie roosterbotsings is nie.

| BDiv- verlengde kurrikulumprogram | Kerkverband | Modulesamestelling | Krediete |
|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 5** | **12** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 12 |
| | | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **64** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 48 |
| **Tweede jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **76** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 28 |
| | | *Verpligte* Lettere en Sosiale Wetenskappe-modules | 48 |
| **Derde jaar** | **NGK**-studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **160** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 96 |
| | | *Verpligte* Lettere en Sosiale Wetenskappe-modules | 64 |
| | **ANGLIKAANSE** studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **128** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 104 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 24 |
| | Alle **ANDER denominasie-** studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 6** | **128** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 96 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 32 |
| **Vierde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 7** | **144** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 88 |
| | | *Keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe | 56 |
| **Vyfde jaar** | Alle studente | **Minimum krediete op NKR-vlak 8** | **144** |
| | | *Verpligte* Teologiemodules | 144 |

## 3.9 Kurrikulums vir alle studiejare van die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Algemeen (VKP) (605102) (NKR-vlak 7)

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

### 1e jaar (minimum 88 krediete)

NKR-vlak 5 & 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 88)

| | |
|---|---|
| Akademiese Geletterdheid vir Teologie | 112(12), 142(12) |
| Ou en Nuwe Testament | 114(16), 132(8), 152(8) |
| Sistematiese Teologie | 144(8), 152(8) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) |

### 2e jaar (minimum 104 krediete)

NKR-vlak 5 & 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 72)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 122(8), 143(8) |
| Missiologie | 142(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 131(8), 144(16) |
| Praktiese Teologie | 113(8) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8), 114(8) |

**plus**

#### Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 32 krediete uit die vakke hieronder.

*Let op:* Indien jy Sielkunde 213(8) en 223(8) as keusemodules in jou *akademiese* tweede jaar wil neem, móét jy al twee die Sielkunde-modules in die tabel hieronder as keusemodules neem. Jy kan hulle tussen die eerste en die tweede VKP-jaar verdeel.

(krediete = 32)

| | |
|---|---|
| Antieke Kulture | 114(12), 144(12) |
| Basiese Xhosa | 114(12), 144(12) |
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Filosofie | 114(12), 144(12) |
| Grieks | 178(24) |
| Praktiese Teologie | 143(8), 152(8) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Sosiologie | 114(12), 144(12) |
| Xhosa | 178(24) |

### 3e jaar (minimum 120 krediete)

NKR-vlak 6

#### Verpligte Modules

(krediete = 88)

| | |
|---|---|
| Deelnemende Burgerskap | 278(16) |
| Ekklesiologie | 211(8) |
| Praktiese Teologie | 212(8), 222(8), 243(8) |
| Sistematiese Teologie | 212(8), 245(8), 253(8) |

**plus**

#### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 213(8) OF 262(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 213(8) OF 252(8) |

**plus**

### Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 48 krediete uit die vakke hieronder.

(krediete = 32)

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16), 244(16) |
| Ekklesiologie | 253(8) |
| Grieks | 214(16), 244(16) |
| Missiologie | 244(16) |
| Nuwe Testament (die module wat nie hierbo onder die verpligte modules gekies is nie) | 213(8), 262(8) |
| Ou Testament (die module wat nie hierbo onder die verpligte modules gekies is nie) | 213(8), 252(8) |
| Praktiese Teologie | 234(16), 244(16), 254(16) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8) |
| Sosiologie | 222(8) |

## 4e jaar (minimum 120 krediete)

NKR-vlak 7

### Verpligte Modules

(krediete = 56)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 352(8) |
| Nuwe Testament | 321(8) |
| Ou Testament | 344(8) |
| Praktiese Teologie | 314(16), 342(8) |
| Sistematiese Teologie | 312(8) |

**plus**

### Keusemodules

Kies modules ter waarde van ten minste 64 krediete uit die vakke hieronder.

(krediete = 64)

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 312(8), 342(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 324(16), 354(16) |
| Ou Testament | 312(8), 342(8) |
| Praktiese Teologie | 322(8), 332(8), 354(16), 362(8), 378(24) |
| Sistematiese Teologie | 322(8), 342(8) |
| Sosiologie | 364(12) |

# 3.10 Kurrikulums vir alle studiejare vir die BTh- verlengde kurrikulumprogram, fokusarea Jeugwerk (VKP) (605103) (NKR-vlak 7)

(Hangende goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)

## 1e jaar (minimum 88 krediete)

NKR-vlak 5 & 6

### Verpligte Modules

(krediete = 88)

| | |
|---|---|
| Akademiese Geletterdheid vir Teologie | 112(12), 142(12) |
| Ou en Nuwe Testament | 114(16), 132(8), 152(8) |
| Sistematiese Teologie | 144(8), 152(8) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) |

## 2e jaar (minimum 124 krediete)

NKR-vlak 5 & 6

### Verpligte Modules

(krediete = 124)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 122(8),143(8) |
| Missiologie | 142(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 131(8), 144(16) |
| Praktiese Teologie | 113(8), 143(8), 152(8) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8), 114(8) |
| Sosiologie | 144(12) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |

## 3e jaar (minimum 144 krediete)

NKR-vlak 6

### Verpligte Modules

(krediete = 144)

| | |
|---|---|
| Deelnemende Burgerskap | 278(16) |
| Praktiese Teologie | 212(8), 222(8), 234(16), 243(8), 244 (16), 254(16) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8) |
| Sistematiese Teologie | 245(8), 253(8) |
| Sosiologie | 222(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 213(8) OF 262(8) |

**plus**

### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 213(8) OF 252(8) |

## 4e jaar (minimum 124 krediete)

NKR-vlak 7

### Verpligte Modules

(krediete = 116)

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 321(8) |
| Ou Testament | 344(8) |
| Praktiese Teologie | 314(16), 322(8), 332(8), 342(8), 354(16), 378(24) |
| Sistematiese Teologie | 312(8) |
| Sosiologie | 364(12) |

**plus**

### Keusemodules

Kies 'n module ter waarde van ten minste 8 krediete uit die vakke hieronder.

(krediete = 8)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 352(8) |
| Nuwe Testament | 312(8), 342(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 324(16), 354(16) |
| Ou Testament | 312(8), 342(8) |
| Praktiese Teologie | 362(8) |
| Sistematiese Teologie | 322(8), 342(8) |

## 3.11 Eerste- en tweedejaarkurrikulums vir BDiv-program (VKP) (604102) (NKR-vlak 8)

### 1e jaar (76 krediete)

#### Verpligte Modules

(krediete = 76)

| | |
|---|---|
| Akademiese Geletterdheid vir Teologie | 142(12) |
| Ekklesiologie | 143(8) |
| Missiologie | 142(8) |
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) |
| Praktiese Teologie | 113(8) |
| Sistematiese Teologie | 144(8) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) |

**As jou denominasie nie grondtale op tweedejaarsvlak vereis nie, let op:** Indien jy Sielkunde 213(8) en 223(8) as keusemodules in jou akademiese tweede jaar wil neem, móét jy al twee die Sielkunde-modules hieronder as keusemodules neem. Jy kan hulle tussen die eerste en die tweede VKP-jaar verdeel.

| | |
|---|---|
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |

### 2e jaar (72 krediete)

#### Verpligte Modules

(krediete = 72)

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Grieks | 178(24) |
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) |


### 3e, 4e en 5e jaar

Kurrikulums vir BDiv-program (604100) (NKR-vlak 8) se tweede, derde, en vierde jaar word gevolg, soos uiteengesit in die hoofstuk "Voorgraadse Programme".

# Nagraadse Programme

## 1. Opsomming en uiteensetting van nagraadse programme

Die onderstaande diagram bied 'n uiteensetting van die nagraadse programme, en gee ook 'n opsomming van die opsies wat die onderskeie programme bied, onder elke blokkie.



# 2. Nagraadse Diplomas

## 2.1 Nagraadse Diploma in Teologie – NGDip (Teologie) (445100, eenjarige program) (445101, tweejarige program) (NKR-vlak 8)

### Godsdiens en Kultuur-fokus

Die MPhil in Godsdiens en Kultuur word deur 'n Nagraadse Diploma in Teologie met 'n Godsdiens en Kultuur-fokus voorafgegaan. Jy registreer vir die Nagraadse Diploma in Teologie, en vir jou navorsingswerkstuk moet jy 'n tema navors wat verband hou met Godsdiens en Kultuur.

### Teikengroep

- Studente sonder enige teologiese opleiding uit 'n verskeidenheid van agtergronde en dissiplines wat vooraf 'n baccalaureusgraad (BSc, BA of soortgelyke graad) op NKR-vlak 7 verwerf het.
- Studente met 'n driejarige kwalifikasie in teologie (uittreevlak NKR-vlak 7) wat nie kwalifiseer om met die MDiv, MTh of Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening voort te gaan nie.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Enige baccalaureusgraad (NKR-vlak 7) of gelykwaardige kwalifikasie, wat nie noodwendig in die teologie hoef te wees nie; of
- 'n gelykwaardige kwalifikasie van hierdie of 'n ander universiteit of seminarium wat deur die Senaat of die Uitvoerende Komitee, wat namens die Senaat optree, vir hierdie doel goedgekeur is.

### Onderrig- en Leervereistes

Hierdie program word in 'n hibridiese formaat aangebied, en sluit dus aanlynaktiwiteite soos lesings en die indiening van jou assesserings deur SUNlearn in; daarom moet jy stabiele toegang tot die internet hê, asook data en 'n rekenaar of soortgelyke elektroniese toestel.

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Indien jy 'n Suid-Afrikaanse burger is, moet jy voor 30 Oktober van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.
- Indien jy 'n buitelandse burger is, moet jy voor 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.

### Duur van Program

Jy kan inskryf om hierdie program binne een jaar of oor twee jaar te voltooi. Indien jy kies om die program oor twee jaar te doen, voltooi jy jou navorsingswerkstuk in die tweede jaar.

### Aanbiedingstruktuur

Elektroniese leer vind plaas deur gebruik te maak van SUNLearn (die leerbestuurstelsel van die Universiteit Stellenbosch) en MS Teams (die span-samewerkingsplatform wat deur die Universiteit Stellenbosch gebruik word), wat kontemporêre onderrigtegnieke, aanlynbesprekingsgroepe met medestudente en dosente en elektroniese opdragte insluit.

Modules (jaarmodules) word gedurende die jaar in blokkontaksessies aangebied.

### Kontakgeleenthede

Sinchroniese en asinchroniese onderrig- en leerkontaksessies sal met behulp van sagtewareplatforms aangebied word (besonderhede in die inligtingsboekie vir die Nagraadse Diploma in Teologie).

### Oriëntering

Twee oriënteringsessies word per jaar gehou, elk aan die begin van 'n semester. Die doel van hierdie sessies is om studente van die nodige inligting te voorsien, dosente voor te stel, en algemene vrae te beantwoord.

### Onderrig en leer

Daar sal gedurende die jaar gedurende blokkontaksessies plaasvind. 'n Program sal in die programgids en moduleraamwerk ingesluit word, en aan die begin van elke akademiese jaar elektronies versprei word.

### Werksessies

Werksessies oor navorsingsmetodologie, akademiese skryfwerk, seleksie en toegang tot hulpbronne, en die gebruik van elektroniese databasisse sal aangebied word. Hierdie werksessies is verpligtend vir studente wat vir die navorsingswerkstukmodule (60 krediete) ingeskryf is en sal slegs aan die begin van elke jaar aangebied word.

## Assessering en Eksaminering

Die 10-krediet-modules word deur middel van diagnostiese, formatiewe en summatiewe assesserings geassesseer soos in die moduleraamwerke aangedui. Die 60-krediet-module word beoordeel op grond van 'n skriftelike navorsingswerkstuk en 'n mondelinge eksamen wat die skryf van boekresensies insluit.

Inhandigingsdatums vir navorsingswerkstukke:

- 1 November vir die Desember-gradeplegtigheid; en
- 15 Januarie vir die Maart-gradeplegtigheid.

Die navorsingswerkstuk word deur 'n interne sowel as 'n eksterne eksaminator geëksamineer.

Let op: graduering is afhanklik van die suksesvolle voltooiing van alle modules (d.w.s. minimum vereiste van 50%).

## Verdere Studiemoontlikhede

Na afloop van hierdie program sal jy:

- kan voortgaan met verdere studies/navorsing in teologie in die Magister in Teologie (NKR-vlak 9), MDiv (NKR-vlak 9), of die Nagraadse Diploma in Christelike Bediening (NKR-vlak 8).

## Programuitkomste

Wanneer jy hierdie program voltooi het, sal jy:

- oor 'n breë oorsig van 'n verskeidenheid van teologiese vakgebiede beskik wat tot jou persoonlike verryking sal lei.
- voorbereid wees vir gevorderde nagraadse studie en navorsing.
- probleme kan identifiseer, en krities analities kan dink.
- 'n basiese begrip hê van metodologie en navorsing in teologie.

Die program bied:

- 'n inleiding, oriëntering, en posisionering van teologie as 'n studierigting op nagraadse vlak.
- 'n Algemene oriëntering in:
  - Ou Testament-studie
  - Nuwe Testament-studie
  - sistematiese teologie
  - ekklesiologie
  - praktiese teologie
  - missiologie

## Programstruktuur

Die program bestaan uit:

- Ses verpligte modules van 10 krediete elk. Hierdie ses modules dek die ses hoofvakke, Ekklesiologie, Missiologie (insluitend Gemeenskapsontwikkeling), Nuwe Testament, Ou Testament, Praktiese Teologie, en Sistematiese Teologie. Hierdie modules word deur die jaar in bloksessies aangebied.
- 'n Navorsingswerkstuk in jou spesialiseringsrigting. Die navorsingsonderwerp vir die opdrag hang af van jou keusemodule. Die keusemodule word oor een jaar aangebied en in sluit in kontaksessies oor navorsingsmetodologie en akademiese skryfwerk, insluitend sessies tussen die studieleier en die student.

### Eenjarige program

Ons beveel aan dat die volgende studente registrasie vir die eenjarige program oorweeg:

- studente wat reeds opleiding in teologie ontvang het, en
- studente wat nie voltyds werksaam is nie.

Die volgende word van jou verwag:

- Bywoning van oriënteringsessies en sessies oor navorsingsmetodologie en akademiese skryfwerk.
- Bywoning van kontaksessies vir al ses die 10-krediet-modules, voltooiing van werkopdragte, en skryf van eksamens.
- Skryf en indiening van 'n navorsingswerkstuk. Hierdie 60-krediet-module omvat uitgebreide leeswerk rakende die spesialiseringsgebied, sowel as die indiening van 'n navorsingswerkstuk en mondelinge eksamens.

### Tweejarige program

Ons beveel aan dat die volgende studente registrasie vir die tweejarige program oorweeg:

- studente sonder enige opleiding in teologie, en
- studente wat voltyds werk.

Gedurende die eerste jaar word die volgende van jou verwag:

- Bywoning van oriënteringsessies.
- Bywoning van kontaksessies vir al ses die 10-krediet-modules, voltooiing van werkopdragte, en skryf van eksamens.

Gedurende die tweede jaar word die volgende van jou verwag:

- Bywoning van sessies oor navorsingsmetodologie en akademiese skryfwerk.
- Skryf en indiening van 'n navorsingswerkstuk. Hierdie 60-krediet-module omvat uitgebreide leeswerk rakende die spesialiseringsgebied, sowel as die indiening van 'n navorsingswerkstuk en mondelinge eksamens.

## Programinhoud

### Totaal 120 krediete

**Indien jy vir die eenjarige program inskryf:**

### Verpligte Modules

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 711(10) |
| Missiologie | 711(10) |
| Nuwe Testament | 711(10) |
| Ou Testament | 711(10) |
| Praktiese Teologie | 711(10) |
| Sistematiese Teologie | 711(10) |

**plus**

### Keusemodules

Kies een vak uit die onderstaande lys. Die fokus van die keusemodule bepaal die onderwerp van jou navorsingswerkstuk.

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 742(60) |
| Missiologie | 742(60) |
| Nuwe Testament | 742(60) |
| Ou Testament | 742(60) |
| Praktiese Teologie | 742(60) |
| Sistematiese Teologie | 742(60) |

**Indien jy vir die tweejarige program inskryf:**

## 1e jaar

### Verpligte Modules

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 711(10) |
| Missiologie | 711(10) |
| Nuwe Testament | 711(10) |
| Ou Testament | 711(10) |
| Praktiese Teologie | 711(10) |
| Sistematiese Teologie | 711(10) |

## 2e jaar

### Keusemodules

Kies een vak uit die onderstaande lys. Die fokus van die keusemodule bepaal die onderwerp van jou navorsingswerkstuk.

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 742(60) |
| Missiologie | 742(60) |
| Nuwe Testament | 742(60) |
| Ou Testament | 742(60) |
| Praktiese Teologie | 742(60) |
| Sistematiese Teologie | 742(60) |

## 2.2 Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening – NGDip (Teologie) (Christelike Bediening) (606100) (NKR-vlak 8)

### Teikengroep

- Voornemende predikante, Christelike leiers en pastorale hulpverleners van alle denominasies wat onder mentorskap binne praktykverband opgelei wil word;
  - om sodoende jou bedieningsvaardighede in denominasieverband te ontwikkel deur teologiese teorie met bedieningspraktyk te integreer.

### Aanbieding

- Die program word aangebied deur die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie, in samewerking met die dissiplinegroepe Ou en Nuwe Testament, en Sistematiese Teologie en Ekklesiologie.
- Die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie is verantwoordelik vir die keuring en opleiding van die toesighouers en mentors, asook die toedeling van gemeentes.
- Die plasing van kandidate in gemeentes vir die gemeentelike blootstelling word gedoen in samewerking met die ingekontrakteerde kerke, **voor** die oriënteringsdag wat in November van die voorafgaande jaar plaasvind.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n MDiv (Kerklike Bedieninge) soos deur die betrokke kerklike denominasie bepaal.

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Indien jy 'n Suid-Afrikaanse burger is, moet jy **voor** 30 Oktober aansoek doen van die jaar wat jou studie voorafgaan.
- Indien jy 'n internasionale student is, moet jy aansoek doen **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan.

### Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

### Assessering en Eksaminering

Assessering bestaan onder meer uit navorsingsverslae en werkopdragte gedurende die eerste en tweede semester.

### Programuitkomste

Na afloop van hierdie program sal jy:

- 'n teologies-hermeneutiese begrip van die bedieningspraktyk in geloofsgemeenskappe hê.
- 'n begrip hê van die werking van 'n prakties-teologiese ekklesiologie.
- die vermoë hê om as leier binne verskillende geloofsgemeenskappe te kan optree.
- die vermoë hê, om verskillende bedieningsvaardighede te illustreer deur geleenthede wat in die bedieningspraktyk geskep word.

## Programstruktuur

- Dit is 'n beroepsgerigte program wat fokus op die ontwikkeling van bedieningsvaardighede, onder mentorskap binne gemeentelike verband.
- Dit vind plaas onder toesig van die kuratoria en kerkrade van verskillende kerklike denominasies in samewerking met die Fakulteit Teologie ten einde te voldoen aan die vereistes wat kerke stel met die oog op die legitimasie en beroeping van predikante, Christelike leiers en pastorale hulpverleners.
- Jy woon geen lesings vir hierdie program by nie. Jy doen selfstandige werk in die vorm van verslae en werksopdragte wat jy moet inhandig.

## Verloop van Program

- Al die voornemende kandidate en hul mentors moet in November van die voorafgaande jaar 'n oriënteringsdag bywoon.
- Die kandidate meld by die gemeentes aan, aan die begin van die laaste volle week in Januarie.
- Studente kom vier keer gedurende die jaar terug kampus toe:
    - In Maart: By hierdie geleentheid sit die programkoördineerder die program uiteen en die dosente verduidelik die werksopdragte en die vereistes van die subdissiplines.
    - In Mei: Die halfjaarlikse assessering vind vir 'n week lank plaas. Alle werkopdragte van die eerste semester word by hierdie geleentheid bespreek.
    - Die laaste twee volle weke in Augustus: Finale gesprekke met die kuratorium vind plaas en die werksopdragte van die tweede semester word bespreek.
    - Die eerste week in November: Nadat kandidate die jaarlange bedieningsblootstelling in die gemeentes afgehandel het, ontmoet die hele groep vir die finale terugvoering en assessering saam met die mentors en dosente.
- Kruiskulturele blootstelling:
    - Elke kandidaat moet vir ten minste twee weke lank kruiskulturele blootstelling kry ten opsigte van 'n ander denominasie.
    - Hierdie kruiskulturele blootstelling word in samewerking met die studieleier gereël op 'n tyd en plek soos wedersyds ooreengekom.

## Programinhoud

### Totaal 120 krediete

## Verpligte Modules

| | |
|---|---|
| Bedieningspraktyk<br>Gemeentebediening en Admin (20)<br>Erediens en Kommunikasie (10)<br>Jeugbediening (10)<br>Pastorale bediening (10) | 711(50) |
| Mentorskap | 711(10) |
| Navorsingsportefeulje | 711(40) |
| Ou en Nuwe Testament | 711(10) |
| Sistematiese Teologie | 711(10) |

# 3. Meestersgrade

## 3.1 MDiv (486101) (NKR-vlak 9)

### Teikengroep

Die MDiv in Kerklike bediening bied professioneel teologiese opleiding vir bedienaars, leraars, predikante, pastore, dienswerkers, pastorale hulpverleners en pastorale terapeute, gerig op die gemeentelike bediening.

### Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BDiv-graad; of
- 'n ander kwalifikasie wat volgens die oordeel van die Senaat gelykstaande is aan die inhoud van die vierjarige BDiv-program, ook wat die grondtaalvereistes van die huidige BDiv-graad aan betref.

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Indien jy 'n Suid-Afrikaanse burger is, moet jy **voor** 30 Oktober van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.
- Indien jy 'n internasionale student is, moet jy **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.

### Duur van Program

Die MDiv-program word voltyds aangebied en strek oor een jaar.

### Assessering en Eksaminering

Die assessering van die sewe modules bestaan uit formatiewe assessering deur die loop van 'n module en summatiewe assessering aan die einde van elke module.

### Programuitkomste

Na afloop van hierdie program sal jy:

- die vermoë hê om jou eie prakties-teologiese ekklesiologie te kan verwoord.
- in staat wees om die rol van die kerk in die samelewing te kan verwoord.
- gemeente-analises binne verskillende kontekste en situasies kan doen.
- 'n begrip hê van teoretiese insigte aangaande kerkreg en kerkgeskiedenis, sistematiese ekklesiologie en simboliek, homiletiek en liturgie, Christelike spiritualiteit en die identiteit van 'n Christelike leier.
- 'n aantal bedienings- en kommunikasievaardighede ontwikkel het met betrekking tot prediking, pastoraat, gemeenskapsontwikkeling en missionale leierskap.
- pastorale hulpverlening- en krisisbedieningvaardighede hê.
- 'n ekosistemiese bediening binne 'n pastorale beleid van voorkoming vir huweliks- en gesinsproblematiek kan toepas.

### Programstruktuur

- Die eerste semester begin in die middel van Januarie en duur een-en-twintig weke. Die tweede semester strek oor vyftien weke.
- Die verskillende subtemas onder die hooftemas word bloksgewys benader en met behulp van die integrering van verskillende teologiese dissiplines aangebied.
- 'n Week begin vir die doel van hierdie program op 'n Dinsdag en eindig op 'n Maandag om sodoende die naweek in te sluit.
- In Mei-Junie gaan al die kandidate op 'n verpligte gekombineerde ekumeniese toer wat ongeveer twee weke duur.

### Programinhoud

Die drie hooftemas met hulle onderskeie subtemas word hieronder uiteengesit:

- *Patos-aspekte*
  - Kerk in die samelewing (kontekstualiteit): Die rol van die kerk in die samelewing binne verskillende kontekste en etiese lewensvraagstukke.
- *Logos-aspekte*
  - Kerk – geskiedenis, sistematiese ekklesiologie, Bybel en erediens (kerklike identiteit): Die aard en funksies van die kerk; historiese verbande; kerklike belydenisse en kommunikasie binne die konteks van erediens en liturgie.

- *Etos-aspekte*
    - Dissipelskap, spiritualiteit en bedieningsvaardighede (bedieningspraktyk): Die verband tussen Christelike spiritualiteit en leierskap met die oog op die ontwikkeling van 'n gemeentelike spiritualiteit binne verskillende vorme van bedieninge. Geloofsvolwassenheid en geloofsvorming: Die ontwikkeling van bedienings- en pastorale vaardighede met die oog op hulpverlening, sorg, troos, voorkoming en verryking binne verskillende lewenskrisisse en verhoudingsproblematiek.

Hieronder volg 'n uiteensetting van die agt module-inhoude onder die hooftemas. Die krediete word in hakies aangedui.

## Module 1: Inleiding

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Christelike leierskap en gemeentebou | Leierskapstyle en gemeentebou. |
| Navorsingsmetodologie | Basiese navorsingsvaardighede |
| Prakties-teologies ekklesiologie | Inleiding tot prakties-teologiese interpretasie |
| Spiritualiteitsweek | Christelike spiritualiteit en roeping van die predikant/Christelike leier. |

## Patos-aspekte

### Module 2: Kerk in die Samelewing 1 (Patos)

(krediete = 15)

| | |
|---|---|
| Bediening van versoening en geregtigheid | Die teologiese aard van versoening en vergifnis. |
| Die kerk en publieke lewe | Morele besluitneming en publieke beleid in die private en publieke sfere. |
| Ekumene | Hedendaagse problematiek en ontwikkelinge. |
| Kerk in Afrika | Die vraagstuk van interkulturele en interreligieuse kommunikasie. |
| Kerk, samelewing en mark | Die vraagstuk van armoede, werkloosheid, kriminaliteit, bendegeweld, straatkinders. |

### Module 3: Kerk en samelewing 2 (Pathos)

(krediete = 15)

| | |
|---|---|
| Gemeentestudies en gemeenskapsanalise in Afrika-kontekste | Oorsigtelike konteksanalise van kerk en samelewing. |
| Gender, kultuur en die Bybel in die lewe van die kerk | Ondersoek na onderlinge verhouding tussen gender en diverse kulturele kontekste. |
| Kinder- en jeugkultuur | Tendense in jeugnavorsing en teologiese verstaan van jeug-problematiek. |

## Logos-aspekte

### Module 4: Kerk in die Bybel, geskiedenis en tradisie 1

(krediete = 15)

| | |
|---|---|
| Figure uit die kerkgeskiedenis en bediening vandag | Geïntegreerde kennis van belangrike figure uit die kerk en teologie geskiedenis. |
| Herinnering, geskiedenis en betrokkenheid | 'n Kritiese bespreking van die belang van herinnering as toegang tot die verlede. |
| Kerkreg en Kerkregering | Teologiese onderbou; metodologie; beginsels en verstaan van kerkwees en kerkregering. |
| Pedagogie van die Bybel | Hermeneutiese impak van Bybelse pedagogie in gemeentekonteks. |

### Module 5: Kerk in die Bybel, geskiedenis en tradisie 2

(krediete = 15)

| | |
|---|---|
| Apologetiek | Teologie in gesprek met wetenskap, kultuur en lewensbeskouings. |
| Simboliek | Geloofsbelydenis en belydenisskrifte. |
| Sistematiese ekklesiologie | Die kerkleer. |

### Etos-aspekte

Module 6: Dissipelskap en bedieningsvaardighede 1

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Homiletiek | Prediking as modus van kommunikasie. Teorie en praktyk. |
| Liturgiek | Die teologiese aard en verstaan van die erediens en die vraagstuk van kommunikasie binne 'n gesekulariseerde lewensmilieu. Verskillende wyses en modelle van aanbidding. |

Module 7: Dissipelskap en bedieningsvaardighede 2

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Jeugsorg en morele vorming | Die teologiese aard van jeugwerk en morele vorming. |
| Kinderbediening | Tendense in jeugnavorsing en teologiese verstaan van jeug-problematiek. |
| Siekte- en hospitaal pastoraat | Hospitaalsupervisie. |
| Voorkomingspastoraat | Huwelikspastoraat en -verryking; gesinspastoraat en -verryking. |

### Module 8: Navorsingskomponent

(krediete = 60)

- Jy moet gedurende die verloop van die program 'n navorsingswerkstuk van ongeveer 50 bladsye voltooi om sodoende navorsingsvaardighede te ontwikkel.
- Die navorsingswerkstuk moet op die laaste dag van die vierde kwartaal ingelewer word.
- Alle MDiv-navorsingswerkstukke word deur 'n interne, sowel as 'n eksterne eksaminator geëksamineer.
- Navorsing geskied in enige van die volgende ses dissiplines: Ekklesiologie, Missiologie, Nuwe Testament, Ou Testament, Praktiese Teologie en Sistematiese Teologie.

Jy moet aan die begin van die akademiese jaar vir die volgende kernmodules inskryf:

### Verpligte Modules

(krediete = 180)

| | |
|---|---|
| Dissipelskap en Bedieningsvaardighede | 871(20), 872(20) |
| Inleiding | 8721 (20) |
| Kerk en Samelewing | 871(15), 872(15) |
| Kerk in die Bybel, geskiedenis en tradisie | 871(15), 872(15) |
| Navorsingswerkstuk | 873(60) |

# 4. MTh (NKR-vlak 9)

## Teikengroep

Die onderskeie MTh-programme is gerig op studente wat gevorderde studie in 'n spesifieke teologiese studieveld wil onderneem.

## Spesifieke Toelatingsvereistes

- Enige graadprogram op NKR-vlak 8 in die Teologie, of enige ander toepaslike vierjarige kwalifikasie gelykstaande aan 'n vierjarige opleiding wat volgens die Senaat se oordeel vir die voorgenome studie geskik is; en
  - jy moet voldoen aan die verdere vereistes wat 'n betrokke dissiplinegroep mag stel; en
  - jy moes tydens jou Teologie-studies 'n gemiddelde prestasie van minstens 60% gehandhaaf het in die vakrigting waarin jy die MTh-graad wil behaal, en 'n gemiddelde prestasie van 60% behaal het in die finale jaar van Teologie-verwante studie wat die MTh-graad voorafgaan; en
  - jy moes skriftelik aansoek gedoen het en amptelik tot die MTh-program toegelaat wees deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat optree; of
- 'n HonsBA (Godsdienskunde) wat jy na die BA (met Teologie) aan hierdie Universiteit verwerf het, of 'n ander honneursgraad wat deur die Senaat as gelykwaardig erken word, of indien jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat volgens die Senaat se oordeel vir die doel geskik is; en
  - jy moet voldoen aan die verdere vereistes wat 'n betrokke dissiplinegroep mag stel; en

- jy moes tydens jou Teologie-studies 'n gemiddelde prestasie van minstens 60% gehandhaaf het in die vakrigting waarin jy die MTh-graad wil behaal, en 'n gemiddelde prestasie van 60% behaal het in die finale jaar van Teologie-verwante studie wat die MTh-graad voorafgaan; en
- jy moes skriftelik aansoek gedoen het en amptelik tot die MTh-program toegelaat wees deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat optree; of

- Indien jy die Nagraadse Diploma in Teologie van hierdie Universiteit met 'n gemiddelde van minstens 65% geslaag het, en 'n punt van minstens 60% vir die navorsingsopdrag in die vak waarin jy die MTh-graad wil verwerf, ontvang het, kan jy aansoek doen om 'n toelatingseksamen, soos deur die betrokke dissiplinegroep bepaal word, af te lê met die oog op moontlike toelating tot 'n MTh-program.
- Indien jy 'n MTh-tesis wil skryf, moet jy 'n navorsingsvoorstel indien waarin die navorsingsprobleem, navorsingsmetodologie en werkswyse tot bevrediging van jou studieleier(s) uiteengesit word.

## Aanvullende Taalvereistes

- Indien jy nie voldoen aan die taalvereistes, byvoorbeeld Duits of Latyn, wat deur 'n betrokke dissiplinegroep gestel word nie, moet jy verkieslik vooraf, of andersins tydens die eerste fase van die MTh-program sorg dat jy die taalvereiste aanvul.
- Indien jy aanvullende studie in Grieks en Ou Nabye Oosterse Tale en Kulture moet doen met die oog op inskrywing vir die programme MTh en PhD, moet jy by die betrokke departemente aanmeld **voor** 1 Oktober van die voorafgaande jaar sodat spesiale reëlings vir jou getref kan word.
- Internasionale kandidate wat hulle kwalifikasies by tersiêre instellings behaal het waar Engels nie die onderrigtaal is nie, moet bewys lewer van hul Engelse taalvaardigheid. **Hierdie bewyse moet jou aansoek vergesel en mag nie ouer as 24 maande vanaf die datum van aansoek aan die Universiteit wees nie**.
  - Die minimum Engelse taalvereistes en erkende taaltoetse vir toelating tot die US se nagraadse graadprogramme is beskikbaar via die Voornemende Nagraadse Studente-webwerf (http://www.sun.ac.za/english/pgstudies/Pages/English-language-proficiency-requirements.aspx).
- Jy kan geen eksamen aflê in 'n program waarvoor jy ingeskryf is, voordat jy nie die verlangde sertifikaat in Engels-kommunikasievaardighede verwerf het nie.

## Aanvullende vereistes met betrekking tot hoofvakke

Die onderstaande aanvullende vereistes geld vir die onderskeie vakke wanneer hulle as hoofvakke vir die MTh gekies word. Indien jy nie aan hierdie vereistes voldoen nie, moet jy die ontbrekende module(s) aanvul:

- Ekklesiologie: Indien nodig, Latyn I.
- Nuwe Testament: Toepaslike taalvereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal in die lig van jou navorsingsonderwerp.
- Ou Testament: Toepaslike taalvereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal in die lig van jou navorsingsonderwerp.
- Ou en Nuwe Testament: Toepaslike taalvereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal in die lig van jou navorsingsonderwerp.
- Sistematiese Teologie: Toepaslike vereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal.
- Die studieleier kan ook aanbeveel dat die Fakulteit Teologie bykomende vereistes stel wat vir 'n bepaalde studieveld nodig mag wees.

## Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Toelatings van nuwe aansoeke vir MTh-programme word twee maal per jaar hanteer, naamlik in Mei en Oktober. Indien jy dus nie jou voorgraadse kwalifikasie aan hierdie universiteit behaal het nie, is die sluitingsdatums vir aansoeke:
  - 1 Mei (vir registrasie met ingang van die tweede semester); of
  - meer verkieslik 1 Oktober (vir registrasie met ingang van die eerste semester van die daaropvolgende jaar).
- Indien jy jou voorgraadse kwalifikasie aan die US behaal het, kan jy egter enige tyd van die jaar aansoek doen.
- Doen aansoek by die Registrateur en dui jou spesialisasierigting aan.
- Rig navrae oor die aansoekprosedure aan die Fakulteitsadministrateur by shirle@sun.ac.za.

## Duur van Program

- Die MTh-program duur minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

## Assessering en Eksaminering

- Van kandidate wat die gestruktureerde opsie volg, ook 889-kandidate genoem:
  - Studente (uitgesluit die Kliniese Pastoraat- en Bedieningspraktyk-studente), doen 'n finale mondelinge eksamen wat handel oor die werkstuk en (waar relevant) die assessering van praktiese werk. Die eksamen word afgeneem deur minstens die dissiplinegroepe betrokke by die hoofvak en byvakke.
  - Die navorsingswerkstuk moet uit ongeveer 50-60 bladsye bestaan.
  - Werkstukke word as deel van die eksamen bespreek:
    - Jy moet 'n elektroniese pdf-weergawe en minstens drie gedrukte kopieë van die werkstuk betyds vir die finale eksamen by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep inlewer; of
    - Jy moet minstens agt gedrukte kopieë van die werkstuk betyds vir die finale eksamen by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep inlewer.
  - Indien jy 'n student in die MTh (Praktiese Teologie: Bedieningspraktyk), MTh (Praktiese Teologie: Jeugbediening) en MTh (Praktiese Teologie: Kliniese Pastoraat) is, moet jy ook die Nagraadse Beleids- en Ooreenkomsdokument van die Fakulteit Teologie raadpleeg wat jy met registrasie ontvang het.
  - Die navorsingswerkstuk word intern geëksamineer en gemodereer, en ook ekstern geëksamineer.
- Van kandidate wat die tesisopsie volg, ook 879-kandidate genoem:
  - Jy doen 'n finale mondelinge eksamen wat handel oor die tesis en (waar relevant) die assessering van praktiese werk. Die eksamen word afgeneem deur minstens die dissiplinegroepe betrokke by die hoofvak en byvakke.
  - Wanneer jy as 879-kandidaat jouself gereed verklaar vir die eksamen, en indien jou tesis in die teenwoordigheid van die Fakulteitsraad geëksamineer word, moet jy:
    - 'n elektroniese pdf-weergawe en minstens drie gedrukte kopieë van die tesis **voor** 1 September (met die oog op die Desember-gradeplegtigheid); of **voor** 1 Desember (met die oog op die Maart-gradeplegtigheid) by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep inlewer; of
    - minstens agt gedrukte kopieë van die tesis **voor** 1 September (met die oog op die Desember-gradeplegtigheid); of **voor** 1 Desember (met die oog op die Maart-gradeplegtigheid) by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep inlewer.
  - Die navorsingstesis word in ooreenstemming met die Fakulteit se "Riglyne vir Administrasie en Begeleiding van Nagraadse Studie" geëksamineer.
  - Vir die tegniese voorskrifte in verband met die fisiese voorkoms, duplisering en bind van tesisse, raadpleeg Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.
  - Raadpleeg ook Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek vir Algemene Bepalings in verband met eksaminators van M-tesisse.

## Programstruktuur

Om die MTh-graad te verwerf, kan jy een van twee opsies volg.

- Jy volg 'n gestruktureerde opsie (ook genoem die 889-opsie) en verwerf die graad indien jy:
  - vier vraestelle in jou spesialisasierigting en een vraestel in elk van die byvakke suksesvol aflê; en
  - 'n werkstuk suksesvol voor die Fakulteit verdedig waarin veral die probleemstelling, die navorsingshipotese en -metodologie in verband met 'n bepaalde tema behandel word; of
- Jy volg 'n tesisopsie (ook genoem die 879-opsie) en verwerf die graad indien jy:
  - twee vraestelle in die spesialisasierigting en 'n vraestel in een byvak suksesvol aflê; en
  - 'n tesis suksesvol voor die Fakulteit verdedig.

## Verloop van die Program

- Jy registreer vir die betrokke modules en werkstuk of tesis by die administratiewe beampte van die betrokke dissipline waarin jy wil spesialiseer.
- Nadat jy vir die program geregistreer het, sal jy 'n beleidsdokument ontvang van die betrokke dissiplinegroepe met duidelike riglyne oor die wedersydse verantwoordelikhede van die student en studieleier, gereelde samesprekings, vorderingsverslae, eksamenprosedures, beoordelingskriteria vir tesisse en ander reëlings van die dissiplinegroep.

- Dissiplinegroepe doen jaarliks aan die Fakulteit verslag oor die vordering van studente.
- Jy moet ook kennis neem van alle gelde en moontlike bykomende heffings betaalbaar soos gespesifiseer in Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek, of jy moet die Afdeling Studentegelde raadpleeg.

### Legitimasie met die Oog op die Bediening

Indien jy jou wil aanbied vir legitimasie met die oog op die bediening in 'n spesifieke kerkgenootskap, kan jy tydens jou MTh-studie die ontbrekende modules van die MDiv- en of Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening-program(me) aanvul, tot bevrediging van die betrokke kerk se legitimerende instansie.

### Programinhoud

- Die MTh- gestruktureerde opsie (ook genoem die 889-opsie), sowel as die MTh-tesis-opsie (ook genoem die 879-opsie) kan in een van die volgende teologiese dissiplines gevolg word:
  - Ekklesiologie
  - Missiologie
  - Nuwe Testament
  - Ou Testament
  - Praktiese Teologie
  - Sistematiese Teologie
- Jy mag byvakke volg wat in departemente in ander fakulteite aan hierdie Universiteit aangebied word.
- Die spesifieke modules wat jy neem in elke teologiese dissipline word uiteengesit onder die spesifieke MTh- gestruktureerde programme.

## 4.1 MTh- Gestruktureerde Programme (889-opsies)

### 4.1.1 MTh in Ekklesiologie (12068:889)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

#### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

#### Programinhoud

#### Totaal 180 krediete

#### Verpligte module

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Ekklesiologie | 875(60) |

**plus**

#### Keusemodules

Kies vier modules ter waarde van 80 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 80)

| | |
|---|---|
| Geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika | 872(20) |
| Geskiedenis van die Reformasie | 872(20) |
| Kerkreg | 872(20) |
| Middeleeuse Kerkgeskiedenis | 872(20) |
| Moderne Kerkgeskiedenis | 872(20) |
| Vroeë-Christelike Kerkgeskiedenis | 872(20) |

**plus**

Kies nog twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke **plus** enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Gendergesondheid en Teologie | 872(20) |
| Missiologie | 816(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

### 4.1.2 MTh in Missiologie (50768:889)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

#### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

#### Programinhoud

Totaal 180 krediete

#### Verpligte modules

(krediete = 140)

| | |
|---|---|
| Ander Godsdienste | 872(20) |
| Geskiedenis van Missiologie | 872(20) |
| Navorsingswerkstuk Missiologie | 875(60) |
| Teologie van Missiologie | 872(20) |
| Teorie, Praktyk en Gemeenskapsontwikkeling | 872(20) |

**plus**

#### Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke **plus** enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Gendergesondheid en Teologie | 816(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

### 4.1.3 MTh in Nuwe Testament (16586:889)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

#### Duur van program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

## Programinhoud

### Totaal 180 krediete

## Verpligte Modules

(krediete = 140)

| | |
|---|---|
| Konteks van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Nuwe Testament | 872(20) |
| Navorsingswerkstuk Nuwe Testament | 875(60) |
| Resepsie van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Teks van die Nuwe Testament | 872(20) |

**plus**

## Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke **plus** enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Gendergesondheid en Teologie | 816(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Ou Testament | 873(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

# 4.1.4 MTh in Ou en Nuwe Testament (50547:889)

## Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

## Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

## Programinhoud

### Totaal 180 krediete

## Verpligte Module

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Ou en Nuwe Testament | 873(60) |

**plus**

## Keusemodules

Kies vyf modules ter waarde van 100 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 100)

| | |
|---|---|
| Konteks van die Bybel | 874(20) |
| Konteks van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Konteks van die Ou Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Bybel | 872(20) |
| Kritiek op die Nuwe Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Ou Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Bybel | 872(20) |
| Resepsie van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Ou Testament | 872(20) |
| Teks van die Bybel | 872(20) |
| Teks van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Teks van die Ou Testament | 872(20) |

**plus**

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Gendergesondheid en Teologie | 816(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

### 4.1.5 MTh in Ou Testament (17418:889)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

#### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

#### Programinhoud

Totaal 180 krediete

#### Verpligte Modules

(krediete = 140)

| | |
|---|---|
| Konteks van die Ou Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Ou Testament | 872(20) |
| Navorsingswerkstuk Ou Testament | 873(60) |
| Resepsie van die Ou Testament | 872(20) |
| Teks van die Ou Testament | 872(20) |

**plus**

#### Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke **plus** enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Gendergesondheid en Teologie | 816(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

## 4.1.6 MTh in Praktiese Teologie (Algemeen) (50776:889)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

### Programstruktuur

As gevolg van die uitfasering van die programme MPhil in Kapelaanstudies; en MTh Kliniese Pastoraat, kan jy nou die volgende twee fokusse in die MTh in Praktiese Teologie (Algemeen) ook volg:

- Kapelaanstudies-fokus
    - Jy registreer vir die MTh (gestruktureerde opsie) in Praktiese Teologie en volg ook twee Kapelaanstudiesmodules in die Fakulteit Krygskunde. Vir jou MTh-navorsingswerkstuk moet jy 'n tema navors wat verband hou met Kapelaanstudies.

  **OF**
- Pastoraat-fokus
    - Indien jy wil spesialiseer in Pastoraat, registreer jy vir vier modules in Praktiese Teologie, en kies een module in elk van twee byvakke. Vir jou MTh-navorsingswerkstuk moet jy 'n tema navors wat verband hou met Pastoraat.

### Programinhoud

#### Totaal 180 krediete

### Verpligte Module

#### (krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Praktiese Teologie | 875(60) |

**plus**

### Keusemodules

Kies vier modules ter waarde van 80 krediete uit die onderstaande vakke.

#### (krediete = 80)

| | |
|---|---|
| Bedieningspraktyk | 873(20) |
| Homiletiek | 872(20) |
| Jeugwerk | 872(20) |
| Pastoraat | 872(20) |
| Teorie, Praktyk en Gemeenskapsontwikkeling | 872(20) |

**plus**

Kies nog twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke **plus** enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe of in 'n ander fakulteit.

#### (krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Gendergesondheid en Teologie | 816(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

## 4.1.7 MTh in Praktiese Teologie (Spesialisasie)

### 4.1.7.1. MTh in Praktiese Teologie Bedieningspraktyk (50784:889)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme. Jy moet ook by 'n gemeente betrokke wees.
- Hoogstens vyftien studente sal per geleentheid tot die program toegelaat word. Die program sal slegs aangebied word indien 'n minimum van tien studente inskryf.

#### Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Addisioneel tot jou aansoek wat die Registrateur moet bereik voor 1 Mei of 1 Oktober (sien "Sluitingsdatums vir Aansoeke" onder MTh), moet die volgende dokumente aan die administratiewe beampte by die Fakulteit Teologie **voor** 1 November van die voorafgaande jaar, per e-pos gestuur word aan dr@sun.ac.za of faks 086 530 0839:
  - persoonlike en kontakbesonderhede;
  - alle vorige akademiese uitslae en sertifikate;
  - 'n volledige CV; en
  - 'n afskrif van jou identiteitsdokument.

#### Duur van Program

Hierdie deeltydse program word deeltyds oor twee jaar in ses blokkursusse van 'n week elk aangebied.

#### Assessering en Eksaminering

Jy word geëksamineer tydens elke blok. Die ses gedoseerde modules dra tweederdes ter waarde van 120 krediete tot die finale punt by, en 'n navorsingswerkstuk die ander derde ter waarde van 60 krediete.

#### Programstruktuur

Hierdie program maak voorsiening vir spesialisasie in bedieningspraktyk en bestaan uit ses gedoseerde modules en 'n navorsingswerkstuk.

#### Programinhoud

Totaal 180 krediete

#### Verpligte Modules

(krediete = 180)

| | |
|---|---|
| Gemeente as Kultuur | 873(20) |
| Kerke in Afrika-konteks | 813(20) |
| Leierskap | 873(20) |
| *Missio Dei*-spiritualiteit | 873(20) |
| Missionale Formasie | 812(20) |
| Navorsingswerkstuk Bedieningspraktyk | 872(60) |
| Triniteit en Identiteit | 873(20) |

### 4.1.7.2. MTh in Praktiese Teologie Jeugbediening (50792:889)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh programme. Jy moet ook by 'n gemeente betrokke wees.
- Hoogstens vyftien studente sal per jaar tot die program toegelaat word. Die program sal slegs aangebied word indien 'n minimum van tien studente inskryf.

#### Duur van Program

Hierdie deeltydse program word oor twee jaar aangebied in ses blokkursusse van twee weke elk per jaar, naamlik in die eerste twee vol weke van Maart, Junie en September.

### Assessering en Eksaminering

Jy word geëksamineer tydens elke blok. Die ses gedoseerde modules ter waarde van 120 krediete dra twee derdes tot die finale punt by, en 'n navorsingswerkstuk ter waarde van 60 krediete die ander derde.

### Programuitkomste

Hierdie program is daarop gerig om studente toe te rus met die oog op jeugbediening. Die program poog om:

- studente gespesialiseerde kennis van die moderne jeug en die spesifieke jeugproblematiek te gee;
- die wyse te illustreer waarop die Evangelie aan die jeug gekommunikeer moet word met die oog op geloofsontwikkeling tot geloofsvolwassenheid; en
- die kennis en vaardighede oor te dra wat nodig is om die nodige empiriese ondersoeke te kan doen.

### Programinhoud

Totaal 180 krediete

### Verpligte Modules

(krediete = 180)

| | |
|---|---|
| Bediening aan Adolessente | 872(20) |
| Bediening aan Voorskoolse en Primêre-skoolkinders | 872(20) |
| Die Opvoedkundig-psigologiese Basis van Geloofsontwikkeling | 872(20) |
| Jeugbediening as Gespesialiseerde Gemeentelike Bediening | 872(20) |
| Jeugpastoraat | 872(20) |
| Navorsingswerkstuk Jeugbediening | 875(60) |
| Strategiese Teologiese Beplanning en Gemeente-analise | 872(20) |

## 4.1.7.3. MTh in Praktiese Teologie Kliniese Pastoraat (50806:889)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme. Studente vanuit terapeutiese omgewings (mediese/paramediese dissiplines soos kliniese sielkunde, fisioterapie, arbeidsterapie, spraakterapie en gehoorterapie) wat oor 'n vierjarige graad beskik, kan aansoek doen en vir keuring in aanmerking kom.
- Indien jy oor 'n minimum van 'n vierjaarkwalifikasie beskik, kan jy aanlyn aansoek doen (www.maties.com) vir die betrokke program.
- Hoogstens agt studente sal per jaar tot die program toegelaat word.
- Nadat jou aansoek deur die departement ontvang is, sal daar 'n interne aansoekvorm aan jou gestuur word wat jy met die oog op keuring vir die program moet voltooi.
- Alle aansoeke moet die Universiteit voor 15 September bereik.

### Duur van die Program

Hierdie program word deeltyds aangebied oor 'n tydperk van minstens twee jaar. Daar word van studente verwag om drie blokkursusse van 'n week elk in die eerste jaar, en drie blokkursusse van 'n week elk in die tweede jaar by te woon en tydens die blokkursusse op Stellenbosch woonagtig te wees. Bywoning van die blokkursusse is verpligtend en assessering vorm deel hiervan.

### Assessering en Eksaminering

Bo en behalwe jou punt vir kliniese werk, word jou slaagpunt bereken op grond van nege eksamens en werkstukke rakende die verpligte modules.

### Programinhoud

Die program is daarop gerig om die pastorale teologie by 'n praktykteorie te integreer. Opleiding vind onder supervisie binne 'n kliniese situasie plaas.

### Totaal 180 krediete

### Verpligte Modules

(krediete = 180)

| | |
|---|---|
| Algemene Pastorale Sorg | 873(10) |
| Dogmatiese Vraagstukke | 872(10) |
| Groepwerk | 872(5) |
| Huweliks- en Gesinspastoraat | 873(10) |
| Navorsingswerkstuk Pastoraat | 874(60) |
| Onderhoudsvoering | 873(16) |
| Persoonlike- en Ontwikkelingspsigologie | 871(16) |
| Prakties: Kliniese Pastoraat | 873(15) |
| Teologiese Etiek in 'n Mediese Konteks | 872(10) |
| Toegepaste Kliniese Pastorale Sorg | 874(28) |

## 4.1.8 MTh in Sistematiese Teologie (50741:889)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

### Programinhoud

### Totaal 180 krediete

### Verpligte Module

(krediete = 60)

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Sistematiese Teologie | 875(60) |

plus

### Keusemodules

Kies vier modules ter waarde van 80 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 80)

| | |
|---|---|
| Afrika-teologieë | 872(20) |
| Christelike Belydenisskrifte | 872(20) |
| Christelike Etiek en die Media | 872(20) |
| Christelike Etiek en Globalisasie | 872(20) |
| Christologie | 872(20) |
| Dogma-geskiedenis | 872(20) |
| Ekologiese Etiek | 872(20) |
| Ekonomiese Etiek | 872(20) |
| Ekumeniese Etiek | 872(20) |
| Ekumeniese Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Eskatologie | 872(20) |
| Etiek en Skrifgebruik | 872(20) |
| Etiek in Afrika-Kontekste | 872(20) |
| Etiese Teorieë | 872(20) |
| Evangelikale Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Gereformeerde Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Geskiedenis van die Etiek | 872(20) |
| Godsleer | 872(20) |
| Inleiding tot Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Katolieke Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Klassieke Werke en Figure uit die Christelike Etiek | 872(20) |
| Mediese Etiek | 872(20) |

| | |
|---|---|
| Morele Vorming | 872(20) |
| Oorsig van die Christelike Geloofsleer | 872(20) |
| Pneumatologie | 872(20) |
| Politieke Etiek | 872(20) |
| Sakramentologie | 872(20) |
| Seksuele Etiek | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Aanbidding | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Afrika-teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Bevrydingsteologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Feministiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Spiritualiteit | 872(20) |
| Soteriologie en Sondeleer | 872(20) |
| Teologie en die Wetenskap | 872(20) |
| Teologie en Hermeneutiek | 872(20) |
| Teologie en Kontekstualiteit | 872(20) |
| Teologie en Retoriek | 872(20) |
| Teologie en Tydsgees | 872(20) |

**plus**

Kies nog twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke **plus** enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Gendergesondheid en Teologie | 816(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |

## 4.2 MTh-tesisprogramme (879-opsies)

*Let op:* Dit is moontlik om die MTh (tesis-opsie; 879) in enige van die ses teologiedissiplines met 'n fokus op "Gender" en "Gesondheid" te doen:

- Jy registreer vir die twee modules in jou rigting van spesialisasie, asook vir die verpligte "Gender, Gesondheid en Teologie-module"; en
- Vir jou MTh-tesis moet jy 'n tema navors wat verband hou met gender en gesondheid.

Hieronder volg uiteensettings van die MTh-tesisopsies in die ses onderskeie teologiese dissiplines.

### 4.2.1 MTh in Ekklesiologie (Tesis) (12068:879)

*Let op:* Vanaf 2020 word 'n aantal modules in samewerking met die Universiteit van Glasgow (UG), in Skotland, by wyse van videokonferensie aangebied. Die US sal die module Geskiedenis van die Christendom in Afrika op dié manier aanbied; UG-studente sal via videoverbinding by gesamentlike seminare betrek word. Net so sal US-studente via videoverbinding aan modules wat die UG aanbied, kan deelneem: Die Vroeë Kerk, Reformasiegeskiedenis, en Die Aard en Praktyk van Kerkgeskiedenis.

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

#### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

#### Programinhoud

Totaal 180 krediete

#### Verpligte Module

(krediete = 120)

| | |
|---|---|
| Tesis Ekklesiologie | 873(120) |

**plus**

### Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Aard en Praktyk van Kerkgeskiedenis | 871(20) |
| Geskiedenis van die Kerk in Afrika | 872(20) |
| Geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika | 872(20) |
| Geskiedenis van die Reformasie | 872(20) |
| Kerkreg | 872(20) |
| Middeleeuse Kerkgeskiedenis | 872(20) |
| Moderne Kerkgeskiedenis | 872(20) |
| Vroeë-Christelike Kerkgeskiedenis | 872(20) |

**plus**

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

## 4.2.2 MTh in Missiologie (Tesis) (50768:879)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

### Programinhoud

Totaal 180 krediete

### Verpligte Modules

(krediete = 160)

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsontwikkeling | 872(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Tesis Missiologie | 872(120) |

**plus**

### Keusemodule

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF** kies 'n module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande lys.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

## 4.2.3 MTh in Nuwe Testament (Tesis) (16586:879)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

### Programinhoud

Totaal 180 krediete

### Verpligte Module

(krediete = 120)

| | |
|---|---|
| Navorsingsmetodologie en -tesis Nuwe Testament | 872(120) |

**plus**

### Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Konteks van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Nuwe Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Teks van die Nuwe Testament | 872(20) |

**plus**

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF** kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

## 4.2.4 MTh in Ou Testament (Tesis) (17418:879)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

### Programinhoud

Totaal 180 krediete

### Verpligte Module

(krediete = 120)

| | |
|---|---|
| Navorsingsmetodologie en -tesis Ou Testament | 872(120) |

**plus**

## Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Konteks van die Ou Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Ou Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Ou Testament | 872(20) |
| Teks van die Ou Testament | 872(20) |

**plus**

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF** kies 'n module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

### 4.2.5 MTh in Praktiese Teologie (Algemeen) (Tesis) (50776:879)

*Let op:* Dit is moontlik om die MTh in Praktiese Teologie (Algemeen) (tesis-opsie; 879) met 'n fokus op Pastoraat te doen.

#### Pastoraat-fokus

- Indien jy wil spesialiseer in Pastoraat, moet jy registreer vir:
  - twee modules in Praktiese Teologie; en
  - vir 'n derde in enige ander toepaslike module op M-vlak; en
- vir jou MTh-tesis moet jy 'n tema navors wat verband hou met Pastoraat.

## Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

## Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

## Programinhoud

Totaal 180 krediete

## Verpligte Module

(krediete = 120)

| | |
|---|---|
| Tesis Praktiese Teologie | 872(120) |

**plus**

## Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsontwikkeling | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 874(20), 872(20) |

**plus**

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF**

kies 'n module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

## 4.2.6 MTh in Praktiese Teologie (Spesialisasie) (Tesis)

### 4.2.6.1. MTh in Praktiese Teologie (Tesis) Gemeenskapsontwikkeling (58963:879)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme. Jy moet ook by 'n gemeente betrokke wees.
- Hoogstens agt studente sal per jaar tot elke afsonderlike spesialisasierigting toegelaat word.

#### Duur van Program

Die program word deeltyds oor 'n tydperk van twee jaar aangebied.

#### Assessering en Eksaminering

Jy moet mondelinge eksamens aflê en 'n tesis inhandig. Die ses modules dra 50% tot die finale punt by en 'n tesis die ander 50%.

#### Programinhoud

Hierdie program maak voorsiening vir spesialisasie in Gemeenskapsontwikkeling en bestaan uit ses modules ter waarde van 90 krediete en 'n tesis ter waarde van 90 krediete.

Totaal 180 krediete

#### Verpligte Modules

(krediete = 180)

| | |
|---|---|
| Die kerk se Bestuur van die Gemeenskaps-ontwikkelingsproses – Leierskap | 872(15) |
| Multi-kulturele en -generasionele Kommunikasie | 872(15) |
| Prakties-Teologiese Sisteemanalise | 872(15) |
| Sosiale Diakonaat in die Stedelike en Arbeidsomgewing | 872(15) |
| Teologiese Perspektief op Ontwikkeling: Polities, Ekonomies, Sosiaal | 872(15) |
| Tesis Gemeenskapsontwikkeling | 872(90) |
| Waardestudies in Ontwikkeling | 872(15) |

### 4.2.6.2. MTh in Praktiese Teologie (Tesis) Jeugbediening (50792:879)

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme. Jy moet ook by 'n gemeente betrokke wees.
- Hoogstens vyftien studente sal per jaar tot die program toegelaat word.

#### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

#### Assessering en Eksaminering

Hierdie program word deur middel van 'n tesis, mondelinge eksamens en werkstukke geassesseer.

#### Programuitkomste

Hierdie program is gerig op die toerusting van studente met die oog op jeugbediening. Dit fokus op:

- Gespesialiseerde kennis van die moderne jeug en die spesifieke jeugproblematiek;
- Die wyse waarop die Evangelie aan die jeug gekommunikeer moet word met die oog op geloofsontwikkeling tot geloofsvolwassenheid; en
- Die kennis en vaardigheid om die nodige empiriese ondersoeke te kan doen.

## Programinhoud

Die program bestaan uit drie modules ter waarde van 60 krediete en 'n tesis ter waarde van 120 krediete.

Totaal 180 krediete

## Verpligte Modules

(krediete = 160)

| | |
|---|---|
| Jeugbediening as Gespesialiseerde Gemeentelike Bediening | 872(20) |
| Navorsingsmetodologie (Jeugwerk) | 872(20) |
| Tesis Jeugbediening | 872(120) |

**plus**

## Keusemodules

Kies een module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

### 4.2.6.3. MTh in Praktiese Teologie (Tesis) Prediking (50784:879)

## Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme. Jy moet ook betrokke wees by 'n gemeente.
- Hoogstens agt studente sal per jaar tot elke afsonderlike spesialisasierigting toegelaat word.

## Duur van Program

Die program word deeltyds oor twee jaar aangebied.

## Assessering en Eksaminering

Jy moet mondelinge eksamens aflê en 'n tesis inhandig. Die ses modules dra 50% tot die finale punt by en 'n tesis die ander 50%.

## Programinhoud

Hierdie program maak voorsiening vir spesialisasie in Prediking. Die program bestaan uit ses modules ter waarde van 90 krediete en 'n tesis ter waarde van 90 krediete.

Totaal 180 krediete

## Verpligte Modules

(krediete = 180)

| | |
|---|---|
| Homiletiek en Liturgiek | 873(15) |
| Kommunikasie van die Evangelie: Prediking en Pluraliteit | 872(15) |
| Prakties-Teologiese Sisteemanalise | 872(15) |
| Prediking en Gemeente: Preekevaluasie | 872(15) |
| Prediking en Moraliteitsvorming | 872(15) |
| Tesis Prediking | 872(90) |
| Triniteit en Identiteit | 872(15) |

## 4.2.7 MTh in Sistematiese Teologie (Tesis) (50741:879)

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.

### Duur van Program

- Die program strek oor minstens een jaar.
- Indien 'n studieleier, in oorleg met die betrokke dissipline dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir MTh-studente van buite Suider-Afrika.

### Programinhoud

Totaal 180 krediete

### Verpligte Module

(krediete = 120)

| | |
|---|---|
| Tesis Sistematiese Teologie | 872(120) |

**plus**

### Keusemodules

Kies twee modules ter waarde van 40 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 40)

| | |
|---|---|
| Afrika-teologieë | 872(20) |
| Christelike Belydenisskrifte | 872(20) |
| Christelike Etiek en die Media | 872(20) |
| Christelike Etiek en Globalisasie | 872(20) |
| Christologie | 872(20) |
| Dogma-geskiedenis | 872(20) |
| Ekologiese Etiek | 872(20) |
| Ekonomiese Etiek | 872(20) |
| Ekumeniese Etiek | 872(20) |
| Ekumeniese Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Eskatologie | 872(20) |
| Etiek en Skrifgebruik | 872(20) |
| Etiek in Afrika-Kontekste | 872(20) |
| Etiese Teorieë | 872(20) |
| Evangelikale Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Gereformeerde Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Geskiedenis van die Etiek | 872(20) |
| Godsleer | 872(20) |
| Inleiding tot Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Katolieke Sistematiese Teologie | 872(20) |
| Klassieke Werke en Figure uit die Christelike Etiek | 872(20) |
| Mediese Etiek | 872(20) |
| Morele Vorming | 872(20) |
| Oorsig van die Christelike Geloofsleer | 872(20) |
| Pneumatologie | 872(20) |
| Politieke Etiek | 872(20) |
| Sakramentologie | 872(20) |
| Seksuele Etiek | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Aanbidding | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Bevrydingsteologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Feministiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie en Spiritualiteit | 872(20) |
| Soteriologie en Sondeleer | 872(20) |
| Teologie en die Wetenskap | 872(20) |
| Teologie en Hermeneutiek | 872(20) |
| Teologie en Kontekstualiteit | 872(20) |
| Teologie en Retoriek | 872(20) |

**plus**

Kies enige toepaslike module ter waarde van 20 krediete in Lettere en Sosiale Wetenskappe **OF** kies 'n module ter waarde van 20 krediete uit die onderstaande vakke.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |

# 5. MPhil-programme

## 5.1 MPhil in Godsdiens en Kultuur voorafgegaan deur NGDip (Teologie)

### 5.1.1 Nagraadse Diploma (Teologie) (445100)

- Godsdiens en Kultuur-fokus
  - Indien jy wil spesialiseer in Godsdiens en Kultuur, registreer jy vir die Nagraadse Diploma in Teologie. Vir jou navorsingswerkstuk moet jy 'n tema navors wat verband hou met Godsdiens en Kultuur.
- Sien Nagraadse Diploma in Teologie onder Nagraadse Diplomas.

### 5.1.2 MPhil in Godsdiens en Kultuur (11646:889)

#### Aanbieding

- Die program word aangebied deur die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch, in samewerking met die Humboldt Universiteit, Berlyn.
- Wyse van onderrig: klaswerk, lesings, voorgeskrewe werk.
- Onderrigmedium: Engels.

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Sien spesifieke, asook aanvullende toelatingsvereistes soos vir alle MTh-programme.
- Indien jy slegs oor 'n driejarige B-graadkwalifikasie beskik, moet jy eers 'n Nagraadse Diploma in Teologie (met die fokus op Godsdiens en Kultuur) voltooi en ten minste 'n gemiddeld van 65% behaal om vir hierdie MPhil te kan inskryf; of
- Indien jy oor 'n vierjarige kwalifikasie beskik wat nie gelykwaardig is aan 'n Honneursgraad in Teologie nie, dien bogenoemde Nagraadse Diploma in Teologie (met die fokus op Godsdiens en Kultuur) ook as 'n oorbruggingskwalifikasie; maar
- Indien jy wel oor 'n toepaslike vierjaarkwalifikasie in Teologie beskik, kan jy egter vir die MPhil inskryf sónder om eers die Nagraadse Diploma in Teologie (met die fokus op Godsdiens en Kultuur) te voltooi, en
- Omdat die program in samewerking met die Humboldt Universiteit in Berlyn, Duitsland, aangebied word, is 'n drie- of vierjarige B-graadkwalifikasie van daardie universiteit, of 'n gelykwaardige kwalifikasie van bogenoemde universiteit wat aan die toelatingsvereistes voldoen, ook aanvaarbaar.

#### Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Indien jy 'n Suid-Afrikaanse burger is, moet jy **voor** 30 Oktober van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.
- Indien jy 'n internasionale student is, moet jy **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.

#### Duur van Program

Hierdie program strek oor minstens een jaar.

#### Assessering en Eksaminering

Om hierdie program suksesvol af te handel, moet jy 'n aantal werkstukke voltooi en eksamens of toetse mondeling of skriftelik aflê. Jy moet ook 'n tesis oor 'n relevante navorsingsonderwerp inlewer.

#### Programstruktuur

Die MPhil in Godsdiens en Kultuur word op NKR-vlak 9 aangebied en bestaan uit vier gedoseerde modules ter waarde van 80 krediete, sowel as 'n tesis ter waarde van 100 krediete wat moet handel oor 'n tema wat verband hou met Godsdiens en Kultuur.

### Programinhoud

Totaal 180 krediete

### Verpligte Module

(krediete = 100)

| | |
|---|---|
| Tesis: Godsdiens en Kultuur | 812(100) |

**plus**

### Keusemodules

Kies een van die twee opsies van die volgende module.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Antropologie en Menslike Identiteit | 812(20) Religieuse Studies; OF Godsdiens/Religie en Gender) |

**plus**

Kies een van die drie opsies van die volgende module.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Godsdiens en Kontemporêre Gemeenskap | 812(20) Religie/Godsdiens, Ekumene en Interkulturaliteit; OF Religie/Godsdiens en Ekonomie; OF Religie/Godsdiens, Publieke Teologie en Politiek. |

**plus**

Kies een van die twee opsies van die volgende module.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Godsdiens, Spiritualiteit en Lewensvaardighede | 812(20) Religie/Godsdiens en Versoening; OF Religie en die Heling van die Lewe (cura vitae). |

**plus**

Kies een van die drie opsies van die volgende module.

(krediete = 20)

| | |
|---|---|
| Vorme en Kontekste van Religieuse Diskoers | 812(20) Religie/Godsdiens en Media; OF Religie/Godsdiens en Simbool/Ritueel; OF Religie binne Historiese Kontekste (Christendom/Islam/Judaïsme). |

# 6. Meestersgrade in Teologie: Samewerking

### Aanbieding

Meestersgrade in die Teologie word aangebied in samewerking met die Assosiasie van Teologiese Inrigtings in die Wes-Kaap.

- Die vennote in die Assosiasie is op die oomblik:
  - Departement Godsdiens en Teologie, Universiteit van Wes-Kaapland;
  - Departement Godsdienskunde, Universiteit van Kaapstad;
  - Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch en verwante departemente aan die Universiteit Stellenbosch;
  - Helderberg Kollege in (Somerset-Wes).

### Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Indien jy 'n Suid-Afrikaanse burger is, moet jy **voor** 30 Oktober van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.
- Indien jy 'n internasionale student is, moet jy **voor** 30 September van die jaar wat jou studie voorafgaan aansoek doen.

### Aansoekprosedure

- Aansoeke om aan die uitruilprogram deel te neem, is onderworpe aan die goedkeuring van die gasheerinrigtings.
- Kry inligting oor die meestersgraadprogramme wat binne die Assosiasie van Teologiese Inrigtings in die Wes-Kaap aangebied word, by die fakulteitsadministrateur van die Fakulteit Teologie en by die ander deelnemende inrigtings.

### Programstruktuur

- As jy vir 'n gestruktureerde meestersprogram inskryf, kan jy sekere komponente of modules van die program by een of meer van die vennote van die Assosiasie van Teologiese Inrigtings van die Wes-Kaap neem.
- Jy hoef nie by gasheerinrigtings te registreer of finansiële verpligtinge ten opsigte van registrasie of onderrig daar na te kom nie. Jy sal dus slegs by die Universiteit Stellenbosch geregistreer wees indien jy by die Fakulteit Teologie en verwante departemente registreer.

### Verloop van Program

- Op grond van die ooreenkoms tussen die bogenoemde vennote mag jy as student wat by die Fakulteit Teologie en verwante departemente aan die Universiteit Stellenbosch geregistreer is, modules van 'n gestruktureerde meestersprogram volg wat by enige van die ander deelnemende inrigtings aangebied word. Nadat sodanige modules suksesvol voltooi is, sal die Fakulteit Teologie en verwante departemente van die Universiteit Stellenbosch jou erkenning gee vir modules van die MTh- of MPhil-program wat vervang is deur modules wat by ander inrigtings voltooi is.

  Die volgende prosedures geld:

  - Jy moet skriftelike aansoek doen by die fakulteitsadministrateur van die Fakulteit Teologie minstens twee weke **voor** die finale datum vir registrasie.
  - Jy moet duidelik aandui watter module(s) van die Fakulteit Teologie en verwante departemente van die Universiteit Stellenbosch jy wil vervang en watter module(s) wat deur ander deelnemende inrigtings aangebied word, jy in plaas daarvan wil volg.
  - Kry inligting oor die getal modules van 'n program wat uitgeruil mag word by die inrigting waar jy geregistreer is.
  - Jy moet by die Universiteit Stellenbosch registreer vir die komponente van die gestruktureerde meestersprogram wat jy by 'n deelnemende inrigting wil volg.

# 7. Doktorsgrade

## 7.1 PhD

### Spesifieke Toelatingsvereistes

Indien jy wil inskryf vir die PhD-program, moet jy:

- in besit wees van die MTh-graad (tesisopsie) van hierdie Universiteit met 'n minimum finale punt van 60%, met dien verstande dat,
  - indien jy voor 1985 vir die MTh-program ingeskryf het, jy 'n voorlopige eksamen moet aflê wat bestaan uit vier vraestelle (skriftelik of mondeling) oor die hoofvakgroep en een vraestel (skriftelik of mondeling) oor elk van die twee byvakke en 'n mondelinge eksamen wat jy voor die Fakulteit Teologie moet aflê; en
  - jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal in elk van bogenoemde vraestelle in die hoofvakgroep; en 'n finale punt van minstens 50% behaal in elk van die twee byvakke om in die voorlopige eksamen te slaag; of
- in besit wees van die MTh-graad (gestruktureerde opsie) van hierdie Universiteit met 'n minimum finale punt van 60% en in die navorsingswerkstuk 'n minimum finale punt van 70% behaal het; aanvullende werk kan vereis word, met dien verstande dat,
  - indien jy voor 1985 vir die MTh-program ingeskryf het, jy 'n voorlopige eksamen moet aflê wat bestaan uit vier vraestelle (skriftelik of mondeling) oor die hoofvakgroep en een vraestel (skriftelik of mondeling) oor elk van die twee byvakke en 'n mondelinge eksamen wat jy voor die Fakulteit Teologie moet aflê; en
  - jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal in elk van bogenoemde vraestelle in die hoofvakgroep; en 'n finale punt van minstens 50% behaal in elk van die twee byvakke om in die voorlopige eksamen te slaag; of
- in besit wees van 'n MDiv-graad van hierdie Universiteit met 'n minimum finale punt van 70% en in die navorsingswerkstuk, wat normaalweg oor 'n ooreenstemmende dissipline of gebied van studie moet handel, 'n minimum van 70% behaal het; en aanvullende werk, soos deur die dissiplinegroep bepaal, voltooi het; of
- in besit wees van die MPhil (Godsdiens en Kultuur)-graad van hierdie Universiteit met 'n minimum finale punt van 60%, en nadat daar in oorleg met die betrokke dissiplinegroep enige relevante aanvullende werk gelewer is; of
- op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die Senaat se oordeel vir dié doel toereikend is.

Benewens bogenoemde vereistes ten opsigte van minimum finale punte, moet studente van ander universiteite in besit wees van navorsingsmagistergrade of magistergrade met 'n beduidende navorsingskomponent.

## Aanvullende Vereistes

Die Fakulteit Teologie kan op aanbeveling van die promotor enige aanvullende vereistes stel wat vir 'n bepaalde studieveld nodig mag wees. Die volgende verdere vereistes word deur die dissiplinegroepe Ou Testament en Nuwe Testament onderskeidelik gestel met die oog op toelating tot die PhD-studie:

- vir Ou Testament: Bybelse Hebreeus III, of 'n ekwivalente kwalifikasie;
- vir Nuwe Testament: Grieks III, of 'n gelykwaardige kwalifikasie;
  - Daar kan uitsonderings gemaak word ten opsigte van die Bybelse Hebreeus III- of Grieks III-vereistes in gevalle waar die grondtale nie belangrik is vir die tema van 'n proefskrif nie;
- taalvaardigheidsvereistes vir internasionale studente met Engels as tweede taal. Sien aanvullende taalvereistes by "MTh-toelatingsvereistes".

## Indiening van jou Navorsingsvoorstel

- Tydens die oorweging van jou aansoek, sal die betrokke dissiplinegroep met jou in aanraking kom om 'n aanduiding te kry in watter spesifieke subdissipline jy wil spesialiseer.
- Indien jy toegelaat word, sal 'n studieleier op grond van beskikbaarheid aan jou toegeken word wat jou sal help in die voorbereiding van 'n navorsingsvoorstel.
- Jy kan eers as student registreer nadat jou navorsingsvoorstel by die Fakulteit se Navorsingskomitee goedgekeur is. Hierdie proses duur 'n paar maande.

## Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Toelatings van nuwe aansoeke vir PhD-programme word twee maal per jaar hanteer, naamlik in Mei en Oktober. Indien jy nie jou voorafgaande kwalifikasie aan hierdie universiteit behaal het nie, is die sluitingsdatums vir aansoeke:
  - 1 Mei; of
  - meer verkieslik 1 Oktober.
- Studente sal na die keuringsvergaderings van die uitslag in kennis gestel word, waarna 'n navorsingsvoorstel in oorleg met 'n promotor voorberei moet word. Na aanvaarding van die voorstel deur die fakulteitsraad en bekragtiging van toelating deur die Senaat, is registrasie vir die PhD moontlik.
- Indien jy jou voorafgaande kwalifikasie aan die US behaal het, kan jy enige tyd van die jaar aansoek doen.
- Doen aansoek by die Registrateur en dui jou spesialisasierigting aan.
- Rig navrae oor die aansoekprosedure aan die Fakulteitsadministrateur by shirle@sun.ac.za.

## Duur van Program

- Jy moet minstens twee jaar vir die PhD-program ingeskryf wees voordat jy vir die finale eksamen kan aanmeld; en
- Indien 'n promotor, in oorleg met die betrokke omgewing, dit vereis, is ses maande die minimum totale verblyftydperk (residensie) vir PhD-studente buite Suider-Afrika.

## Programbeskrywing

- As kandidaat vir die PhD-program moet jy 'n proefskrif voorlê wat deur die Senaat goedgekeur moet word; en
  - wat handel oor 'n onderwerp in die hoofvak;
  - wat op die vroegste twee jaar ná verwerwing van die MTh-graad ingelewer mag word; of
  - nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in die bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.
- Nadat jy vir die PhD geregistreer het, sal jy 'n beleidsdokument ontvang van die betrokke dissiplinegroep met duidelike riglyne oor die wedersydse verantwoordelikhede van die student en promotor, gereelde samesprekings, vorderingsverslae, eksamenprosedures, beoordelingskriteria vir proefskrifte en ander reëlings van die dissiplinegroep.
- Jy moet minstens een maal 'n verslag lewer oor jou navorsing by 'n nagraadse seminaar.
- Dissiplinegroepe doen jaarliks aan die Fakulteit verslag oor die vordering van doktorale studente.
- Jy moet ook kennis neem van alle gelde en moontlike bykomende heffings betaalbaar soos gespesifiseer in Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek, of jy moet die Afdeling Studentegelde raadpleeg.

## Assessering en Eksaminering

### Afhandeling en Inlewering van jou Proefskrif

- Wanneer jy jouself gereed verklaar vir die eksamen, moet jy:
  - 'n elektroniese pdf-weergawe en vier gedrukte kopieë van die proefskrif **voor** 1 September (met die oog op die Desember-gradeplegtigheid); of **voo**r 1 Desember (met die oog op die Maart-gradeplegtigheid) by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep inlewer; of
  - minstens elf gedrukte kopieë van die proefskrif **voor** 1 September (met die oog op die Desember-gradeplegtigheid); of **voo**r 1 Desember (met die oog op die Maart-gradeplegtigheid) by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep inlewer.
- Jy doen 'n finale mondelinge eksamen wat handel oor die proefskrif. Die eksamen word afgeneem deur die Fakulteitsraad, terwyl die promotor, die interne eksaminator en, indien prakties moontlik, die eksterne eksaminators teenwoordig moet wees.
  - Raadpleeg Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek vir Algemene Bepalings in verband met eksamens en eksaminators vir doktorale proefskrifte.
- Jy word aangemoedig om, waar toepaslik en uitvoerbaar, met inagneming van die vereistes hiervoor deur die Universiteit gestel, 'n manuskrip of manuskripte oor jou navorsingsresultate vir publikasie aan erkende vaktydskrifte voor te lê, voordat jy vir eksaminering aanmeld.
- Vir die tegniese voorskrifte in verband met die fisiese voorkoms, duplisering en bind van proefskrifte, raadpleeg Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

# Vakke, Modules en Module-inhoude van Alle Voorgraadse Programme

## 1. Definisies en verduideliking van belangrike terme

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme later in hierdie hoofstuk sal verskyn onder die module-inhoude.

Voorbeeld:

**50547 Ou en Nuwe Testament**

**114 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T)**

### 1.1 Verduideliking van bogenoemde terme

- Vyfsyfer-vaknommer **50547 Ou en Nuwe Testament**

  Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer.
- Vaknaam **50547 Ou en Nuwe Testament**

  Die spesifieke vak se naam word net na die vyfsyfer-vaknommer aangedui, voor die verskillende modules van die vak aangebied word. Normaalweg word die vaknaam gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Ou en Nuwe Testament 114(16)
- Modulekode **114 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T)**

Die modulekode bestaan uit 'n driesyfer-nommer wat uniek is tot die spesifieke module. Die modulekode "114" beteken die volgende:

  - Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word byvoorbeeld:

    Jaar 1: **1**14

    Jaar 2: **2**14

    Jaar 3: **3**14
  - Die tweede syfer "1" dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor beide semesters strek (dit wil sê jaarmodules). Die syfers wat die semesters aandui lyk as volg:
    - **1**, **2** of **3** - modules word in die eerste semester aangebied.
    - Semester 1: 1**1**4, 4**2**2, 2**3**4
    - **4**, **5** of **6 -** modules word in die tweede semester aangebied.

      *Semester 2: 1**4**3, 2**5**2, 2**6**2*
    - **7**, **8** of **9** - modules word in beide semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.

      *Jaarmodules (beide semesters): 4**7**8, 2**8**8, 3**9**1*
  - Die derde syfer van die modulekode 11**4** dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.
- Kredietwaarde **114 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T)**

  Die getal tussen hakies dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word, in hierdie geval **16**.
- Module-onderwerp **114 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T)**

  Dit dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.
- Doseerlading **114 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T)**

  Die doseerlading van 'n module word in die blokkie **na** die module-onderwerp aangedui en gee vir jou beide die lading en die soort onderrig per week wat jy in die module kan verwag. Jy kan byvoorbeeld vir die module Ou en Nuwe Testament 114(16) twee lesings en twee tutoriale elke week vir die duur van die module, naamlik gedurende die eerste semester, verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:
  - **L** – Lesing van 50 minute byvoorbeeld 1L, 3 L
  - **P** – Praktikumperiode van 50 minute byvoorbeeld 1P, 2P, 3P

- **S** – Seminaar van 50 minute byvoorbeeld 1S, 2S
- **T** – Tutoriaal van 50 minute byvoorbeeld 1T, 2T

# 2. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules

Onderaan modules se inhoud word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende terme word gebruik:

- Slaagvoorvereistemodule
  - 'n Slaagvoorvereistemodule is 'n module wat jy eers moet slaag voordat jy die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, kan volg.
- Voorvereistemodule
  - 'n Newevereistemodule is 'n module waarvoor jy **in 'n vorige semester of in dieselfde semester** as die module waarvoor dit 'n newevereiste is, moet registreer.
  - Nadat jy eenmaal aan 'n voorvereistebepaling voldoen het, bly jou voldoening geldig vir die tydperk wat in die toepaslike assesseringsreëls bepaal word, selfs al herhaal jy die voorvereistemodule en behaal jy nie die minimum prestasie met jou herhaling nie.
  - *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as voorvereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.
- Newevereistemodule
  - 'n Newevereistemodule is 'n module wat jy **voor** of in dieselfde akademiese jaar moet volg as die module waarop dit verband hou.
  - *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as newevereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

## 2.1 Voorwaarde vir die toekenning van 'n kwalifikasie of graad

Die Fakulteit sal slegs 'n kwalifikasie toeken indien jy ál die voorgeskrewe voorvereiste- en newevereistemodules van die spesifieke program geslaag het.

# 3. Assessering van modules

Modules word deur middel van toetse en eksamens geassesseer tensy dit anders in die module-inhoude aangedui word.

# 4. Vakke, modules en module-inhoude

Die vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings, taalspesifikasie en module-inhoude word hieronder aangebied.

Vir alle ander keusemodules in ander fakulteite, raadpleeg die tersaaklike deel van die US Jaarboek.

## 13864 Akademiese Geletterdheid vir Teologie

### 112 (12) Grondslag vir Akademiese Geletterdheid vir Teologie (1L, 1T) (BTh-VKP)

### 113 (12) Grondslag vir Akademiese Geletterdheid vir Teologie (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Hierdie module beoog om studente toe te rus met die basiese vaardighede wat nodig is om suksesvol in die hoëronderwyskonteks te funksioneer en te presteer.

**Inhoud**

Die module fokus op drie temas wat teologiestudente wat die hoër onderwys betree, ondersteun.

- Die module stel studente bekend aan en help hulle om die hoër onderwys se akademiese omgewing, prosesse en verwagtinge te verstaan, en om daardie basiese vaardighede aan te leer wat nodig is om die akademiese lewe en verwagtinge suksesvol te bestuur.
- Die tweede komponent van die module fokus op die aanleer van vaardighede en bevoegdhede in verskillende akademiese geletterdhede om studentesukses te bevorder. Dit sluit vaardighede in inligtingskommunikasietegnologie, akademiese lees en skryf, verwysingstelsels en -tegnieke, kommunikasie, akademiese beplanning, leerstyle en -benaderings, en tydsbestuur in.
- Laastens ondersteun die module die ontwikkeling van persoonlike en sosiale vaardighede en eienskappe, en die integrasie daarvan met die akademiese omgewing, om die suksesvolle

voltooiing van die akademiese program te verseker en om gegradueerde eienskappe in te bou wat nodig is vir betekenisvolle bydraes tot die breë gemeenskap.

Uitkomste

Studente wat die module suksesvol voltooi het, sal die volgende kan doen:

- ’n Begrip van die akademiese omgewing, prosesse en verwagtinge van die hoër onderwys demonstreer deur:
  - kritiese denke in ’n kruiskulturele konteks te gebruik deur deel te neem aan besprekings oor die multikulturele aard van die hoëronderwyskonteks;
  - scenario’s volgens die kursusraamwerk te oefen en uit te voer wat hul begrip van leeswerk demonstreer;
  - hul eie begrip te toon, mondeling of in annotasies, deur verwagtinge van akademiese opdragte en werkstukke vir assesserings te verduidelik;
  - die gedetailleerde uitleg van hul eie akademiese beplanning te wys;
  - tydbestuursvaardighede op gepaste wyse toe te pas;
  - verskillende leerstrategieë vir persoonlike leer toe te pas;
  - gedurende lesings relevante aantekeninge te maak en annotasies aan te bring om begrip van lesings aan te dui.
- ’n Aangeleerde begrip en bekwaamheid om op aanlyn en vanlyn tegnologiese platforms te werk, demonstreer deur:
  - die verskil tussen die funksies van ’n skootrekenaar en ’n rekenaar te beskryf, te vergelyk en te ontleed;
  - die basiese bewerkings van rekenaars uit te ken en uit te voer;
  - lêers te organiseer en te stoor;
  - op die internet te navigeer (webwerwe, e-pos, URL’s, skakels, netwerke, ens.);
  - met selfvertroue met dosente en eweknieë te kommunikeer deur gebruik te maak van selfoontegnologie;
  - toepaslike aanlynhulpopsies te identifiseer en doeltreffend te gebruik en te kommunikeer hoe om aanlynhulpopsies te gebruik;
  - die relevante etiese kwessies wat verband hou met die internet as ’n bron van akademiese inligting te beskryf;
  - elektroniese aanbiedings op ’n basiese vlak van vaardigheid te skep;
  - kommunikasiestrategieë toe te pas en individuele en groep-aanbiedings doeltreffend aan te bied.

- Die akademiese lees- en skryfproses verstaan om akademiese take soos die volgende effektief te voltooi:
  - identifiseer, differensieer, en beskryf verskeie leesstrategieë vir akademiese tekste;
  - gebruik toepaslike leesstrategieë om die hoofgedagtes in teologietekste te identifiseer en doeltreffend in kort opsommings aan te bied;
  - ontwikkel basiese interpretasievaardighede om eie opinies oor leesstof te vorm en uit te druk;
  - stel die hoofgedagtes van toepaslike teologiese tekste saam en kommunikeer dit doeltreffend;
  - gebruik verskillende platforms en bronne om relevante akademiese inligting op te spoor en te gebruik;
  - identifiseer verskillende verwysingstyle en gebruik dit toepaslik;
  - interpreteer en verduidelik instruksies vir akademiese opdragte; verstaan dit en gee dit weer;
  - beplan en struktureer geskrewe opdragte;
  - beskryf die konsep van plagiaat, identifiseer die verskillende vorms daarvan en herken etiese beginsels van verwysing en voer dit uit;
  - pas korrekte en gepaste verwysingstyle in opstelle toe.

*Tuisdepartement: Dekaanskantoor*

### 142 (12) Akademiese Geletterdheid vir Teologie (1L, 1T)  (BTh-VKP; BDiv-VKP)
### 143 (12) Akademiese Geletterdheid vir Teologie (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Hierdie module het ten doel om akademiese en digitale geletterdheid en die toepaslike kennis, vaardighede en houdings te bevorder en te ontwikkel om 'n suksesvolle Teologiestudent en bekwame professionele persoon te word.

Inhoud

Die akademiese geletterdheid- en vaardigheidsontwikkelingskomponent fokus op lees- en skryfstrategieë, verwysingstegnieke, en tydbestuur- en leervaardighede wat deur die studente regdeur hul akademiese loopbaan gebruik kan word.

'n Komponent oor rekenaargeletterdheid sal studente in staat stel om basiese rekenaarvaardighede (insluitend universiteitstelsels, SUNLearn, MS Word, PowerPoint en Mendeley) op te doen. Daarbenewens fokus die module op die verbetering van kommunikasie- en aanbiedingsvaardighede, mondelings sowel as digitaal.

Uitkomste

Studente wat die module suksesvol voltooi het, sal die volgende kan doen:

- effektiewe leesstrategieë toepas om teologiese tekste te lees;
- effektiewe skryfwerk, opsomming, parafrasering en verwysingsvaardighede vir teologiese opstelle toepas;
- die biblioteekstelsel en navorsingsdatabasis reg vir literatuursoektogte gebruik;
- die internet strategies en toepaslik vir akademiese doeleindes gebruik;
- MS Word gebruik om elektroniese dokumente saam te stel wat aan die vereistes van akademiese werk voldoen;
- elektroniese aanbiedings skep op 'n basiese vlak van vaardigheid;
- kommunikasiestrategieë toepas en individuele- en groepaanbiedings doeltreffend aanbied;
- tydsbestuursvaardighede toepaslik gebruik;
- verskillende leerstrategieë vir persoonlike leer- en inhoudspesifieke behoeftes verstaan en toepas.

***Akademiese Geletterdheid vir Teologie 142 (BTh-VKP)***

*Slaagvoorvereistemodule vir BTh-VKP (fokusareas Algemeen en Jeugwerk): Akademiese Geletterdheid vir Teologie 112*

***Akademiese Geletterdheid vir Teologie 143 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Akademiese Geletterdheid vir Teologie 113*

*Tuisdepartement: Dekaanskantoor*

## 14496 Deelnemende Burgerskap

### 278 (16) Deelnemende Burgerskap (1L, 1T, 1P) (BTh-VKP)

Doelstellings

Om studente voor te berei vir 'n toekomstige loopbaan as geestelike leiers. Studente sal betrokke raak by kontemporêre sosiale kwessies, insluitende kwessies van leierskap en mentorskap, omgewings- en maatskaplike rentmeesterskap, gemeenskapwelstand en samehorigheid, geslag en seksualiteit, en ontwikkelingskwessies.

Inhoud

Studente sal bekend gestel word aan konsepte wat met globale burgerskap verband hou, soos leierskap, omgewingsrentmeesterskap, kulturele identiteit en diversiteit, sosiale geregtigheid en gelykheid, en volhoubare ontwikkelingsagendas, soos dit met plaaslike sowel as globale kontekste verband hou. Dit sal ondersoek word in die konteks van studente se teologiese opleiding by die Fakulteit Teologie.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die tema van globale burgerskap bespreek deur te verwys na verskeie subtemas wat met globale burgerskap verband hou, soos globale leer, interkulturele bevoegdheid, globale gesondheid, globale leierskap, geslagsgelykheid, globale onderwys, identiteit, en globale leierskap, en dit aan die bestaande teologie-kurrikula wat gebied word, koppel;

- die gesindhede, kennis, en vaardighede wat daarmee geassosieer word om 'n wêreldburger te wees, identifiseer en beskryf, dit wil sê die vaardighede wat hulle in staat stel om met empatie te leef en aktief 'n begrip van en betrokkenheid by die wêreld na te streef;
- die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte verduidelik en ontleed;
- die moontlike impak van persoonlike en korporatiewe maniere van wees, dink en doen op gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd bespreek;
- 'n waardegebaseerde benadering op 'n spesifieke scenario toepas om positiewe verandering te weeg te bring;
- leierskapstyle en -kenmerke, insluitende dié van mentorskap, toepas met verwysing na hul eie ervarings sowel as na die plaaslike en globale omgewing soos dit met spesifieke scenario's verband hou;
- breë omgewings-, sosiale, en ontwikkelingskwessies en agendas kritiseer en bespreek, en daartoe bydra op grond van hul eie begrip van hul rentmeesterskap;
- die konsep van sosiale kohesie, in die SA konteks, bespreek en dit in verband bring met die moontlike rol van geloofsgemeenskappe in die strewe na gemeenskapswelstand.

*Tuisdepartement: Dekaanskantoor*

## 12068 Ekklesiologie

### 122 (8) Inleiding tot die Kerkgeskiedenis (1L, 1T) (BTh-VKP)

Doelstellings

Hierdie module bestaan uit 'n basiese inleiding tot die akademiese vaardighede wat studente benodig vir die studie van kerkgeskiedenis as 'n akademiese dissipline.

Inhoud

Dit is veral gemik op die ontwikkeling van vaardighede in die lees, interpretasie, en begrip van historiese tydlyne en geografiese besonderhede in die konteks van kerkhistoriese skuiwe.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n tydlyn optrek wat die belangrikste gebeure in die geskiedenis van Christendom uitstip;
- belangrike geografiese liggings (stede, streke, ryke) relevant tot die tydperk tot 1500 CE op 'n landkaart aandui;
- kerkhistoriese ontwikkelings in die verlede in verhouding tot spesifieke kontekste beskryf ('n historiese bewussyn ontwikkel het);
- onderskei tussen verskillende Christelike tradisies (Rooms-Katoliek, Grieks-Ortodoks en Protestants);
- die groei van die Christendom in die eerste duisend jaar CE naspoor;
- verduidelik en motiveer waarom die studie van geskiedenis belangrik is.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

### 143 (8) Kerkgeskiedenis 1: Vanaf die Vroeë Christendom tot die Laat Middeleeue (1L, 1T)

### 153 (8) Kerkgeskiedenis 1: Vanaf die Vroeë Christendom tot die Laat Middeleeue (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente met kennis van belangrike historiese gebeure, figure en denkrigtings uit die vroeë kerk en die Middeleeue toe te rus en om hulle daartoe te begelei om 'n teologies-historiese vertolkingsraamwerk ten opsigte van hierdie eras te vorm.

Inhoud

Hierdie module fokus op die geskiedenis van die kerk en die teologie van die vroeë kerk tot die Hoogmiddeleeue. Studente sal belangrike figure, gebeure en denkstrome uit hierdie era bestudeer met die oog daarop om die kerkhistoriese betekenis daarvan vir die hedendaagse tydvak te bepaal. Die onderliggende aanname van hierdie module is dat kritiese interaksie met die verlede van kernbelang is om die uitdagings te kan hanteer waarvoor die hedendaagse kerk en samelewing te staan kom.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- onderskei tussen die toonaangewende historiese figure en denkstrome uit die vroeë kerk en die Middeleeue;
- 'n teologies-historiese gerigtheid en interpretasieraamwerk ten opsigte van daardie eras ontwikkel;

- teologies-historiese kennis en vaardighede met hulle eie konteks en moontlike bedienings integreer;
- besef hoe belangrik vergete of stilgemaakte stemme is, wat dikwels nie 'n vername plek in kerkhistoriese verslae uit daardie era beklee nie;
- leesvaardighede demonstreer om kreatief en krities met primêre bronne sowel as sekondêre literatuur om te gaan.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 211 (8) Kerkgeskiedenis 2: Vanaf die 16de-eeuse Hervormings tot Vandag (1L, 1T)

## 215 (8) Kerkgeskiedenis 2: Vanaf die 16de-eeuse Hervormings tot Vandag (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente met kennis van belangrike historiese gebeure, figure en strominge uit die Reformasie en die vroeë tot laat moderne tydvak toe te rus, en om hulle daartoe te begelei om 'n teologies-historiese vertolkingsraamwerk ten opsigte van hierdie eras te vorm.

Inhoud

Hierdie module fokus op die geskiedenis van die kerk en die teologie van die 16de-eeuse Reformasie en hervormings, en die nadraai daarvan. Dit ondersoek belangrike figure, gebeure en denkstrome uit hierdie era met die oog daarop om die kerkhistoriese betekenis daarvan vir die hedendaagse tydvak te bepaal. Die onderliggende aanname van hierdie module is dat kritiese interaksie met die verlede van kernbelang is om die uitdagings te kan hanteer waarvoor die hedendaagse kerk en samelewing te staan kom.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die relevante figure, gebeure, praktyke en intellektuele strominge van hierdie tydperk beskryf soos ingebed in die raamwerk van 'n verantwoordelike historiese en teologiese hermeneutiek;
- 'n teologies-historiese interpretasieraamwerk vir hierdie tydperk toepas;
- die belangrikheid van die vergete of gedempte stemme, dié wat dikwels nie prominent in kerkhistoriese inligting oor hierdie tydperk voorkom nie, bespreek;
- die invloed en bepalende impak van die Reformasie en die nasleep daarvan op die hedendaagse wêreldbeskouing sowel as hul onderskeie kerklike tradisies beskryf en daaroor nadink;
- teologies-historiese kennis en vaardighede geïntegreer met hul eie konteks en potensiële bedieninge in opdragte en besprekings toon;
- opdragte uitvoer wat kerkhistoriese lees- en skryfvaardighede demonstreer wat kreatief en krities met primêre bronne sowel as sekondêre literatuur omgaan.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 253 (8) Denominasionele Geskiedenis, Politiek, Teologie en Praktyk (1L, 1T)

Doelstellings

Om 'n ekumeniese bekendstelling aan die omvang en hooftemas van kerklike politiek te bied, en sodoende die verband tussen ekumenisme en kerklike politiek te ondersoek.

Inhoud

Hierdie module fokus op denominasiespesifieke geskiedenis, politiek en praktyk. Studente sal denominasionele bronne (soos die teologie, geskiedenis, politiek en liturgie) bestudeer om 'n kritiese begrip van die betrokke denominasie se identiteit en praktyke te vorm.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal:

- krities oor denominasionele identiteit en geskiedenis kan besin;
- teologies binne hulle gekose denominasionele raamwerk kan dink, besin en skryf;
- bande met die ekumeniese gemeenskap kan bou – die kerk se verantwoordelikheid teenoor die sosiale, politieke, ekonomiese en opvoedkundige uitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse burgerlike samelewing besef; en
- die politiek van hulle gekose denominasie op 'n kritiese en teologiese manier kan uitdruk en daarmee in gesprek tree.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 352 (8) Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in Globale Perspektief (1L, 1T)

## 353 (8) Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in Globale Perspektief (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om die Christelike geloof in Suid-Afrika saam met studente te ondersoek binne die konteks van die hedendaagse tydvak en aan die hand van eietydse tersaaklikheid; met besondere aandag aan belangrike figure en denkstrome uit hierdie tydvak, asook aan tersaaklike temas uit die geskiedenis van teologie, missionêre werk en spiritualiteit.

Inhoud

Hierdie module fokus op die godsdienstige en teologiese geskiedenis van die Christelike geloof in Suid-Afrika vanaf die 17de eeu tot laat in die 20ste eeu. Jy sal belangrike figure, gebeure en denkstrome uit hierdie tydvak bestudeer met die oog daarop om die kerkhistoriese betekenis daarvan vir die hedendaagse tydvak te bepaal. Die onderliggende aanname van hierdie module is dat kritiese interaksie met die verlede van kernbelang is om die uitdagings te kan hanteer waarvoor die hedendaagse kerk en samelewing te staan kom.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- tersaaklike figure, gebeure, praktyke en intellektuele strominge van hierdie tydvak, binne die raamwerk van 'n verantwoordelike historiese en teologiese hermeneutiek, noem en beskryf;
- 'n teologies-historiese vertolkingsraamwerk vir hierdie tydvak formuleer;
- 'n bewustheid toon van die belangrikheid van vergete of gedempte stemme; dié wat dikwels nie prominent in kerkhistoriese verslae uit daardie era voorkom nie;
- die invloed en bepalende impak van die Reformasie en die nadraai daarvan op die kontemporêre politieke en sosiale konteks in Suid-Afrika sowel as studente se onderskeie kerklike tradisies, omskryf en daarop kritiek lewer;
- teologies-historiese kennis en vaardighede geïntegreer met hul eie konteks en potensiële bedieninge in bespreking en werkstukke toon;
- kerkhistoriese lees- en skryfvaardighede demonstreer wat kreatief en krities met primêre bronne sowel as sekondêre literatuur omgaan.

***Ekklesiologie 352***

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114*

***Ekklesiologie 353 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 113*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 423 (8) Historiografie, Biografie en Sosiale/Kulturele Bewegings in Kerk-geskiedenis (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente gevoelig te maak vir die gebruike en misbruike van biografie as 'n historiografiese genre, maar ook om die belangrike figure en strominge uit die geskiedenis van die Christendom uit te lig; om studente sodoende geleentheid te gee om te leer van belangrike persone en bewegings wat nie in besonderhede in die vroeër studiejare gedek word nie.

Inhoud

Hierdie module benader biografie as 'n historiografiese metode, en wys die probleme sowel as die uitdagings uit wat met biografie en historiografie saamhang.

Verskillende benaderings tot biografie as 'n akademiese genre of metode word teenoor mekaar gestel. Die module konsentreer hoofsaaklik op hoe biografiese studies kerkhistoriese navorsing en onderrig kan verbeter.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal:

- historiografies kan skryf oor temas wat met herinnerings en onthou verband hou;
- ingelig wees oor 'n sekere persoon of beweging in die geskiedenis van die kerk en die teologie, en insien hoe 'n sekere persoon of beweging gedurende verskillende historiese tydvakke en binne die ooreenstemmende historiese kontekste toegeëien is;
- die verband kan lê tussen die biografie en die spiritualiteit van die gekose historiese figuur en sy of haar standpunte, en andersom;

- tekste van 'n belangrike figuur of beweging met verantwoordelikheid kan lees, met die nodige bewustheid van die historiese konteks waarbinne hierdie tekste ontwikkel het en hoe hulle in verband staan met ander tekste deur dieselfde skrywer of uit dieselfde tydvak;
- 'n biografiese essay van goeie gehalte oor die lewe en teologie van 'n sekere figuur of beweging kan skryf; en
- die verband lê tussen 'n sekere figuur of beweging en eietydse uitdagings en bedienings.

*Slaagvoorvereistemodules: Ekklesiologie 143, 211*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 443 (8) Kerkreg (1L, 1T)

### Doelstellings

Om die student in te lei in teologie van die kerkreg asook in die beginsels wat ten grondslag van die Gereformeerde Kerkreg lê. Om die student te leer om teologies en sistematies te dink met die toepassing van kerkregbeginsels in die gemeente, ring, sinode.

### Inhoud

Die module behels 'n algemene oriëntasie met betrekking tot die teologie van die kerkreg, ekumeniese kerkreg, die historiese agtergrond van die Gereformeerde Kerkregering, die beginsels van Kanonieke Reg wat geassosieer word met die Anglikaanse Kerk, die bronne en strukture van gesag in die kerk asook 'n oriëntering vir die effektiewe gebruik van die Kerkordelike beginsels in die praktyk.

### Uitkomste

Die kerkregeringstelsels en Kerkorde van sy/haar kerk in die lig van die geskiedenis in Nederduits Gereformeerde tradisie (kontinentale Europa) of Anglikaanse Kerk te verstaan en tussen die Bybelse beginsels onderliggend tot Gereformeerde kerkreg of Anglikaanse kanonieke reg lê te onderskei en daardie beginsels in 'n gegewe kulturele en historiese konteks te konkretiseer.

*Slaagvoorvereistemodules: Ekklesiologie 143, 213*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 478 (48) Navorsingsmetodologie en -werkstuk Ekklesiologie (1L, 1T)

### Doelstellings

Om studente aan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek bekend te stel.

Om verskeie aspekte van navorsingsmetodologie te behandel, onder meer die volgende: inleiding tot navorsing, hoe om 'n navorsingsvoorstel uit te werk, navorsingsmetodes en metodologieë, die literatuuroorsig, verwysingsmetodes en -stelsels, navorsingsetiek, rolverhoudings tussen die student en studieleier, hoe om navorsing aan te bied, hoe om navorsing gepubliseer te kry, professionele akademiese verenigings, en navorsingsleiding.

### Inhoud

Navorsingsmetodologie

Hoe om 'n akademiese navorsingsvoorstel op te stel (fokus op een vakgebied)

Hoe om 'n navorsingsvoorstel en navorsingsresultate voor 'n openbare gehoor te formuleer en te verdedig (fokus op een vakgebied)

### Uitkomste

Verstaan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek.

Kan 'n navorsingsvoorstel op grond van toepaslike akademiese kennis, waardes en vaardighede uitwerk en op skrif stel.

Kan verskillende aspekte van die navorsingsvoorstel en navorsingsprojek in 'n kritiese openbare situasie oordra.

*Slaagvoorvereistemodules: Ekklesiologie 143, 213*

*Newevereistemodules: Ekklesiologie 414, 443*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

# 55743 Missiologie

## 142 (8) Inleiding tot die Teorie en die Geskiedenis van Sending (1L, 1T)

## 143 (8) Inleiding tot die Teorie en die Geskiedenis van Sending (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Die doel van die module is om studente te help om basiese missiologiese konsepte en teorieë te begryp, en missiologie as 'n "ekumeniese" en kruiskulturele dissipline te waardeer – in dialoog met ander godsdienste.

Inhoud

Die module bied 'n breë oorsig van die teorieë, metodes en geskiedenis van wêreldwye getuienis en diens. Dit fokus op die Bybelse, teologiese en sosiohistoriese dimensies van kruiskulturele, interkulturele en ander praktykgebaseerde dimensies van Christenskap wêreldwyd.

Uitkomste

Studente wat die module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die teorieë, metodiek, en geskiedenis van getuienis en diens in missionale bewegings (19de tot 21ste eeu) en missionale gemeentes (sedert die 1980s) beskryf en bespreek;
- kruiskulturele en interkulturele analitiese en interpretasievaardighede van temas en gevallestudies van getuienis en diens in die missionêre bewegings en missionale gemeentes beskryf en bespreek;
- in groepbesprekings en werkstukke begrip toon vir 'n omvattende verstaan van *missio Dei*-teologieë, versoening, diens en getuienis van geselekteerde denominasies;
- beskryf waarom missiologie 'n "ekumeniese" en kruiskulturele dissipline is – in dialoog met ander godsdienste.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 243 (16) Afrikagodsdienste en Ekumenisme (2L, 1P) (BTh: Deeltyds)

## 244 (16) Afrikagodsdienste en Ekumenisme (2L, 1P)

Doelstellings

Hierdie module stip die interaksie en ontmoetings uit tussen individue, groepe en gemeenskappe vanuit drie wêreldgodsdienste (tradisionele Afrikagodsdienste, die Christelike geloof in Afrika en die Islam in Afrika) in woonbuurte, sosiale en godsdienstige bewegings en organisasies, skole, kolleges en universiteite, werkplekke, hospitale, korrektiewe dienste, die militêre mag en ander openbare omgewings. Verskillende kulturele, geloofs- en missionale bande word deur kulturele, godsdienstige en teologiese tradisies gevorm en beïnvloed hoe mense op kulturele en godsdienstige diversiteit as 'n gegewe, 'n sosiale verskynsel, reageer. Die module gebruik 'n vertellingsmetodologie en 'n praksissiklus-benadering om te ondersoek hoe interkulturele en intergodsdienstige interaksies verband hou met reaksies op diversiteit onder navolgers of lede van die drie godsdienste (*inter*godsdienstige ekumene in Afrika) en onder verskillende Christelike denominasies (*intra*godsdienstige ekumene in Afrika). Uit die benadering word afleidings gemaak oor die implikasies van hierdie verband vir die vorming en omvorming (transformasie) van mense, stelsels en strukture deur middel van godsdienstige, geestelike en sosiale bediening, gesprek en getuienis in die kontekste en tekste van die betrokke godsdienste.

Inhoud

Interaksies en reaksies onder navolgers of lede en interkulturele, intergodsdienstige en missionale leiers op diversiteit in die alledaagse lewe en die media (Verdieping, Ontmoeting en Respons in Interkulturele, Intergodsdienstige en Missionale Teorie, Teologie en Hermeneutiek).

Die vorming en omvorming (transformasie) van godsdienstige en geestelike identiteite, gesindhede en gedrag binne en tussen kontekste en die inhoud van die drie godsdienste onder bespreking (Persoonlike en Interpersoonlike Vorming en Omvorming as Respons op Diversiteit in Afrika-kontekste).

Historiese en hedendaagse verhale en gevallestudies van godsdienstige, geestelike en sosiale bediening, gesprek en getuienis in die kontekste en tekste van godsdienste as bronne van interkulturele, intergodsdienstige missionale ontmoetings (Kennis, Modusse en Metodes van Ontmoetings en Praktyke van Geloofsgebaseerde Gemeenskappe, Bewegings, Organisasies en Instellings).

Oortuigings, waardes en praktyke in kulturele, godsdienstige en teologiese wêreldbeskouings, -tipologieë en -modelle wat individue en groepe uitkies en verweef in verhale en reaksies op diversiteit (Godsdienstige Kosmologieë en Geleefde Godsdienste in Afrika-teologieë, Kultuurteologieë en Godsdiensteologieë).

Leierskapsvaardighede om inklusiwiteit en gasvryheid (ubuntu) prakties uit te leef deur middel van verhoudinge, aktiwiteite en projekte ter wille van die algemene welsyn, en om sosiale en strukturele transformasie in gemeenskappe, bewegings, organisasies en instellings in Afrika-kontekste te bewerkstellig (Prakties-Etiese Brug as Gemeenskaplikheidsmodel in Afrika-godsdiensteologie).

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- basiese metodologieë van etnografie en vertelling in 'n praksissiklus-benadering gebruik om ontmoetings en praktyke van individue en groepe in sosiale, kulturele, en godsdienstige ruimtes en in die media waar te neem, daaraan deel te neem, en sin daarin te vind;
- kulturele en teologiese response (gesindhede, gedrag, en handelings) oor diversiteit ondersoek en beskryf;
- die gelowe, waardes, en praktyke van Afrika- Inheemse Godsdienste, Christelikheid, en Islam in Afrika ondersoek;
- akademiese vaardighede implementeer om begrippe, modelle, en tipologieë in interkulturele teologieë, Afrika-teologieë en godsdiensteologieë te vergelyk ten einde interkulturele, intergodsdienstige, en missionale ontmoetings en reaksies onder mense wat verskillend gerig is wat kultuur en godsdiens betref, te verstaan;
- leierskapsvaardighede demonstreer om te besin oor persoonlike en intergroep-narratiewe, identiteitsvorming, en wat dit beteken om in kultureel en godsdienstig diverse kontekste te behoort;
- die praksissiklus-benadering toepas om die interaksies en invloede aan te dui tussen kulturele en godsdienstige oortuigings, waardes, en ervarings enersyds en interpersoonlike identiteite andersyds; asook die rol van individue en groepe in die transformasionele of ekumeniese missionale praktyke en prosesse van geloofsgemeenskappe.

***Missiologie 243 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Missiologie 143*

***Missiologie 244***

*Slaagvoorvereistemodule: Missiologie 142*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 442 (16) Tendense in Missiologie en Godsdienswetenskap (2L, 1T)

Doelstellings

Om 'n diepgaande studie te doen van uitgesoekte interreligieuse temas en praktyke in minstens drie godsdienste wat in Afrika voorkom (tradisionele Afrikagodsdienste, die Christelike geloof, Islam, Boeddhisme en Hindoeïsme).

Om insig te gee in die teorieë, teologieë en metodes vanuit huidige tendense in die missiologie en die wetenskap van godsdiens (interkulturele teologiese perspektief) wat algemene en besondere benaderings tot die temas en praktyke in godsdienste en geloofsorganisasies help vorm het, en hoe sodanige beïnvloeding plaasgevind het.

Om insig te gee in en te herbesin oor (kritiese nadenke) die aard en invloed van individuele en (inter)groepidentiteite en -rolle op interkulturele en interreligieuse gasvryheid, ontmoetings, gesprekke, dialoog, sosiale diens, vorming, en persoonlike nadenke.

Om 'n begrip te gee van praktykgebaseerde (gerig op probleemoplossing en transformasie) benaderings vanuit die missiologie en die wetenskap van godsdiens tot interreligieuse uitdagings en probleme in geloofsgemeenskappe en ander publieke.

Inhoud

Huidige tendense in benaderings vanuit die vergelykende godsdiens en teologie wat in godsdiens en teologie voorkom: agtergrond, teorieë en metodes.

Postkoloniale teorieë in die missiologie en die wetenskap van godsdiens.

Interkulturele en interreligieuse teologie: agtergrond, teorieë, teologieë en metodes.

Inhoud, rituele, praktyke, etiek en instellings van die Christelike geloof, tradisionele Afrikagodsdienste, Islam, Hindoeïsme en Boeddhisme.

Benaderings vanuit die vergelykende godsdiens tot sekere dimensies van 'Die Goue Reël', ubuntu ('Afrikagasvryheid') en menswaardigheid in godsdienste en geloofsgemeenskappe.

Gevallestudies van interkulturele en interreligieuse ontmoetings en gesprekke in godsdienste, 'sending'-bewegings en ander geloofsgemeenskappe en organisasies.

Interkulturele en interreligieuse temas en praktyke van volhoubare ontwikkeling in godsdienste en geloofsbewegings

Interkulturele en interreligieuse gasvryheid, gesprekke, dialoog, sosiale diens en getuienis.

Hedendaagse leer en vorming oor interkulturele en interreligieuse grense heen.

Diensleer- en basiese kwalitatiewe (probleemoplossing-'etnografie') navorsingsprojekte.

Uitkomste

Het die insig en die vermoë om teorieë en metodologieë vanuit huidige tendense in die missiologie en die wetenskap van godsdiens toe te pas op interkulturele en interreligieuse vraagstukke en op temas in historiese en eietydse kontekste.

Toon groei in die vergelykende godsdienstige en teologiese ontleding en interpretasie van minstens twee godsdienste aan die hand van begrippe, rituele, instellings en 'n leerstellige of etiese vraagstuk.

Het basiese metodologiese vaardighede vir probleemoplossing verwerf in die loop van 'n toegepaste-etnografie-navorsingsprojek oor 'n interreligieuse vraagstuk in 'n verkose publieke sfeer.

Het die vermoeë om die bydraes van twee godsdienste of geloofsorganisasies tot tersaaklike en kontekstuele vraagstukke oor volhoubare ontwikkeling te beoordeel; byvoorbeeld, 'n uitkomsgebaseerde onderwerp wat met vryheid, menswaardigheid, sosiale versoening of geregtigheid verband hou.

Toon persoonlike of professionele vorming en ontwikkeling van vaardighede in individuele en kleingroepverband wat interkulturele en interreligieuse gasvryheid, gesprekke, dialoog, sosiale diens, en nadenke betref.

*Slaagvoorvereistemodule: Missiologie 244*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

### 478 (48) Navorsingsmetodologie en -werkstuk Missiologie (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente aan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek bekend te stel.

Om verskeie aspekte van navorsingsmetodologie te behandel, onder meer die volgende: inleiding tot navorsing, hoe om 'n navorsingsvoorstel uit te werk, navorsingsmetodes en metodologieë, die literatuuroorsig, verwysingsmetodes en -stelsels, navorsingsetiek, rolverhoudings tussen die student en studieleier, hoe om navorsing aan te bied, hoe om navorsing gepubliseer te kry, professionele akademiese verenigings, en navorsingsleiding.

Inhoud

Navorsingsmetodologie

Hoe om 'n akademiese navorsingsvoorstel op te stel (fokus op een vakgebied)

Hoe om 'n navorsingsvoorstel en navorsingsresultate voor 'n openbare gehoor te formuleer en te verdedig (fokus op een vakgebied)

Uitkomste

Verstaan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek.

Kan 'n navorsingsvoorstel op grond van toepaslike akademiese kennis, waardes en vaardighede uitwerk en op skrif stel.

Kan verskillende aspekte van die navorsingsvoorstel en navorsingsprojek in 'n kritiese openbare situasie oordra.

*Slaagvoorvereistemodule: Missiologie 244*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 16586 Nuwe Testament

### 213 (8) Sinoptiese Evangelies (1L, 1P)
### 215 (8) Sinoptiese Evangelies (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die Sinoptiese Evangelies en Handelinge.

Begrip vir die eie aard van die Evangelies en Handelinge as antieke verhale.

Insig in die "historiese Jesus"-vraagstuk.

Die interpretasie van verhalende tekste.

Inhoud

Die genre van die Evangelies.

Die Sinoptiese vraagstuk.

Oorsig oor die metodes van evangelie-ondersoek.

Kultuurhistoriese agtergrond en boodskap van die betrokke tekste.

Die "historiese Jesus"-vraagstuk.

Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste en die eietydse relevansie daarvan.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste definieer en verduidelik;
- die toepaslike metode van teksinterpretasie identifiseer en toepas;
- die literêre vorm en genre van die betrokke tekste identifiseer en beskryf;
- verhalende tekste teologies vertaal en interpreteer;
- die relevansie van die verhalende tekste van die Nuwe Testament vir die teologie en etiek in Suider-Afrika verduidelik en bespreek.

***Nuwe Testament 213***

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114*

***Nuwe Testament 215 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 113, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 143;*
*OF*
*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 143, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 113*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 262 (8) Die Briewe van Paulus (1L, 1P)

Doelstellings

Inleiding in die wetenskaplike bestudering van die briefliteratuur van Paulus.

Om Paulus se briewe te verstaan as argumentatiewe tekste wat 'n betoog lewer, gesitueer in die spanningsveld tussen die breë samehang en die spesifieke geval, binne die konteks van die 1ste eeu AJ.

Inhoud

Die genre van die brief – retories en epistolêr.

Die kronologie van Paulus.

Oorsig oor die Paulus-ondersoek.

Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.

Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste van Paulus.

Uitkomste

Insig in die literêre vorm en genre van die briewe van Paulus.

Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.

Die vermoë om argumentatiewe tekste te lees, te vertaal en teologies te interpreteer.

Vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die briewe van Paulus in samehang met ander dissiplines teologies toe te pas met die oog op die eise van die kerk en samelewing.

Insig in die relevansie van die briewe van Paulus vir die eie moderne konteks in Suider-Afrika.

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 312 (8) Johannese Literatuur (1L, 1T)

Doelstellings

In hierdie module word die Johanneïese literatuur vanuit die perspektief van 'n (Suid-)Afrikaanse konteks, teen 'n sosiohistoriese agtergrond, gelees en bestudeer. Die module fokus op die teologiese vertolking van die Vierde Evangelie, 1 tot 3 Johannes, en Openbaring vir geloofsgemeenskappe in die besonder en vir die samelewing in die algemeen.

Inhoud

Die literêre genre van die Johannes-Evangelie en -briewe.

Oorsig oor tendense in die Johannese ondersoek.

Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.

Die Christus-belydenis van die Johannese gemeenskap.

Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste.

Uitkomste

Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.

Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.

Die vermoë om die Johannese tekste te kan lees, vertaal en teologies te interpreteer.

Insig in die relevansie van die Johannese literatuur – inbegrepe apokaliptiese tekste – vir die teologie en etiek in die huidige Suider-Afrika.

Die vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die Johannese literatuur in samehang met ander dissiplines teologies toe te pas met die oog op die behoeftes van geloofsgemeenskappe en die samelewing.

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 114, 144*

*Newevereistemodule: Nuwe Testament 213 of 262*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 321 (8) Nuwe Testament-tekste en -kontekste: Die Lees van die Nuwe Testament in Afrika (1L, 1T)

## 323 (8) Nuwe Testament-tekste en -kontekste: Die Lees van die Nuwe Testament in Afrika (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente aan vraagstukke in verband met die bestudering en die lees van die Nuwe Testamentiese (NT-) teks en kontekste bekend te stel aan die hand van kultuur/kulture; en om sodoende deel te hê aan bewusmaking van, en begrip vir, die lees van die NT *vanuit* 'n Afrika-konteks en *vir* 'n Afrika-konteks.

Inhoud

Hierdie module behels die bestudering en lees van NT-tekste met verwysing na kontekste en kulture. Dit fokus op hermeneutiese pluralisme en teologiese implikasies in verband met die vertolking van NT-tekste in verskillende kontekste, in die besonder in Afrika.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- hermeneutiese pluralisme en teologiese implikasies wat verband hou met die vertolking van Nuwe Testamentiese tekste in verskillende kontekste, in die besonder in Afrika, beskryf en bespreek;
- 'n diepgaande kennis van hoe waardes en praktyke op grond van die Nuwe Testament ontwikkel, en hoe die Afrika-konteks in hierdie verband belangrik is, demonstreer;
- benaderings tot hermeneutiese en samelewingskwessies wat kulturele waardes en Afrika-praktyke insluit, omskryf;
- die uitdagings, metodes, en implikasies van die lees van antieke tekste in moderne kontekste bespreek, veral deur die Nuwe Testament met die Afrika-vasteland en sy sosiopolitieke en moreel-etiese vraagstukke en probleme in verband te bring;
- die aard van antieke tekste evalueer en waardeer, hermeneutiese sensitiwiteit bevorder, en interpretasies van die Nuwe Testament in Afrika toe-eien.

***Nuwe Testament 321***

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 114, 144*

*Newevereistemodule: Nuwe Testament 213 of 262*

***Nuwe Testament 323 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 113, 143*

*Newevereistemodule: Nuwe Testament 215*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 342 (8) Algemene Briewe en Hebreërs (1L, 1T)

Doelstellings

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die algemene briewe en Hebreërs.

Begrip vir die aard van die briewe as argumentatiewe tekste.

Insig in die kultuurhistoriese konteks van die wêreld waarin hierdie tekste funksioneer.

Die interpretasie van argumentatiewe tekste.

Insig in die teologie van die algemene briewe.

Inhoud

Die genre van die brief – retories en epistolêr.

Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.

Die vroeë kerk volgens die algemene briewe.

Sentrale teologiese temas in die betrokke tekste en die relevansie daarvan tans.

Uitkomste

Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.

Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

Begrip van die kultuurhistoriese invloed op die algemene briewe en Hebreërs.

Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.

Die vermoë om die betrokke tekste te lees, te vertaal en teologies te interpreteer.

Insig in die relevansie van die algemene briewe en Hebreërs vir die teologie en etiek in die huidige Suider-Afrika.

Die vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die betrokke tekste in samehang met ander dissiplines toe te pas met die oog op die eise van die kerk en samelewing.

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 114, 144*

*Newevereistemodule: Nuwe Testament 213 of 262*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 422 (8) Teks en Konteks van die Nuwe Testament (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente in staat te stel om in Nuwe Testament te spesialiseer met besondere fokus op buite-Bybelse tekste en historiese kontekste wat tot die ontstaan van die Nuwe Testament bygedra het.

Inhoud

Diepgaande bestudering van buite-Bybelse tekste uit die Nuwe-Testamentiese tydperk.

Ontwikkeling van vaardighede om die invloed van die buite-Bybelse omgewing en dokumente op die Nuwe Testament te beoordeel.

Gevorderde bestudering van die geskiedenis van navorsing wat met die historiese bestudering van die Nuwe Testament verband hou.

Ontwikkeling van die vermoë om verskillende benaderings tot geskiedskrywing in die Nuwe-Testamentiese tyd te beoordeel.

Gevorderde blootstelling aan die rol van argeologie, ikonografie en epigrafie in die historiese bestudering van die Nuwe-Testamentiese dokumente.

Uitkomste

Het gevorderde kennis van die buite-Bybelse literatuur uit die Nuwe-Testamentiese tydperk.

Het 'n gevorderde vaardigheid om die genres van buite-Bybelse literatuur te herken en te interpreteer.

Het diepgaande kennis van die invloed van die buite-Bybelse konteks en literatuur op die ontwikkeling en interpretasie van die Nuwe-Testamentiese tekste, afsonderlik én as 'n bundel.

Het 'n omvattende oorsig en ontleding van die historiese navorsing van Nuwe-Testamentiese tye gedoen, asook van die belangrikheid van argeologie, ikonografie en epigrafie.

Kan 'n omvattende sintese konstrueer uit die vernaamste benaderings en studies om in ag te neem wanneer oor die sosiohistoriese kontekste van die Nuwe-Testamentiese tekste geskryf word, en kan hierdie materiaal krities beoordeel.

Het die vermoë om historiese navorsing op 'n kritiese, omvattende en uitvoerige manier met Bybelse hermeneutiek in verband te bring.

Die vaardighede om kontekstuele en tekstuele vraagstukke en perspektiewe in verband met die Nuwe Testament uiteen te sit en oor te dra aan 'n reeks gehore (bv. aan kategeseklasse en Bybelstudiegroepe, en in preke) wat binne die verskillende bedieningsfere voorkom.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Ou en Nuwe Testament 114, 144*
- *Nuwe Testament 213, 262*

*Slaagvoorvereistemodule: Nuwe Testament 312, en*
*Voorvereistemodule: Nuwe Testament 342*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Nuwe Testament 342, en*
*Voorvereistemodule: Nuwe Testament 312*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 442 (8) Kritiek en Resepsie van die Nuwe Testament (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente in staat te stel om in Nuwe Testament te spesialiseer met besondere fokus op die interpretasie en resepsie van die Nuwe Testament.

Inhoud

Die konsepsuele opklaring van terminologie soos die hermeneutiek, eksegese, kritiek, resepsie, teologie en etiek van die Nuwe Testament sowel as Bybelse teologie.

'n Oorsig van onlangse akademiese werk wat handel oor die kritiek op en resepsie van die Nuwe Testament, met besondere aandag aan sodanige werk wat uit Afrika voortgekom het.

Die eksegese van 'n verteenwoordigende keuse van Nuwe-Testamentiese tekste, sowel as teologies-etiese nadenke oor die implikasies daarvan vir uiteenlopende interpretatiewe gemeenskappe in Suider-Afrika.

'n Bespreking van die manier waarop akademiese werk wat op die kritiek op en resepsie van die Nuwe Testament fokus, die aanbied van kategeseklasse, Bybelstudiegroepe en preke kan beïnvloed.

Uitkomste

Het 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van Nuwe-Testamentiese hermeneutiek, eksegese, teologie en etiek.

Het 'n koherente en kritiese begrip van die beginsels, omvang, teorieë en epistemologieë van Nuwe-Testamentiese kritiek en resepsie.

Het die vermoë om krities te oordeel oor huidige navorsing en gevorderde akademiese werk wat met Nuwe-Testamentiese hermeneutiek, eksegese, teologie en etiek verband hou.

Het die vaardighede om hermeneutiese, eksegetiese, teologiese en etiese idees en perspektiewe wat met die Nuwe Testament verband hou aan 'n reeks gehore (bv. aan kategeseklasse en Bybelstudiegroepe, en in preke) binne die verskillende bedieningsfere uiteen te sit en oor te dra.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Ou en Nuwe Testament 114, 144*
- *Nuwe Testament 213, 262*

*Slaagvoorvereistemodule: Nuwe Testament 312, en*
*Voorvereistemodule: Nuwe Testament 342*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Nuwe Testament 342, en*
*Voorvereistemodule: Nuwe Testament 312*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 478 (48) Navorsingsmetodologie en-werkstuk Nuwe Testament (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente aan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek bekend te stel.

Om verskeie aspekte van navorsingsmetodologie te behandel, onder meer die volgende: inleiding tot navorsing, hoe om 'n navorsingsvoorstel uit te werk, navorsingsmetodes en metodologieë, die literatuuroorsig, verwysingsmetodes en -stelsels, navorsingsetiek, rolverhoudings tussen die student en

studieleier, hoe om navorsing aan te bied, hoe om navorsing gepubliseer te kry, professionele akademiese verenigings, en navorsingsleiding.

Inhoud

Navorsingsmetodologie

Hoe om 'n akademiese navorsingsvoorstel op te stel (fokus op een vakgebied)

Hoe om 'n navorsingsvoorstel en navorsingsresultate voor 'n openbare gehoor te formuleer en te verdedig (fokus op een vakgebied)

Uitkomste

Verstaan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek.

Kan 'n navorsingsvoorstel op grond van toepaslike akademiese kennis, waardes en vaardighede uitwerk en op skrif stel.

Kan verskillende aspekte van die navorsingsvoorstel en navorsingsprojek in 'n kritiese openbare situasie oordra.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Ou en Nuwe Testament 114, 144*
- *Nuwe Testament 213, 262*

*Slaagvoorvereistemodule: Nuwe Testament 312, en*
*Voorvereistemodule: Nuwe Testament 342;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Nuwe Testament 342, en*
*Voorvereistemodule: Nuwe Testament 312*

*Newevereistemodules: Nuwe Testament 422, 442*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 50547 Ou en Nuwe Testament

### 113 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T) (BTh: Deeltyds)

### 114 (16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament (2L, 2T)

Doelstellings

'n Inleidende en oriënterende module aangaande die studie van die Ou en Nuwe Testament.

Inhoud

Die module bied 'n breë oorsig oor die kuns en tegniek van Bybelinterpretasie wat fokus op die teks, konteks en resepsie van die Bybel.

Die module sluit die unieke aspekte van die interpretasie van die Bybel in, sowel as die historiese en sosiokulturele kontekste van die boeke van die Ou en Nuwe Testament.

Uitkomste

Studente wat die module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die unieke aard van die Bybel verduidelik en kennis toon van die diverse literêre genres wat in die onderskeie boeke van die Ou en Nuwe Testament omvat word, sowel as die historiese en sosiokulturele kontekste van hierdie boeke;
- 'n hermeneutiese benadering tot Teologie en die interpretasie van die Bybel artikuleer, insluitende kennis van die onderskeie metodologiese benaderings wat gebruik word om die Bybel te interpreteer;
- eksegetiese teorie beskryf en kennis van die praktyk toon;
- werkstukke voltooi wat analitiese en kritiese Engelse leesvaardighede demonstreer.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

### 131 (8) Die Ontwikkeling van Historiese Bewussyn (1L, 1T) (BTh-VKP)

Doelstellings

Hierdie module het ten doel om historiese bewussyn by studente te ontwikkel deur 'n basiese inleiding tot wêreldgeskiedenis in terme van verskillende tydperke te bied.

Inhoud

Die meer spesifieke historiese fokus is die Ou Nabye Ooste, die Griekse en Romeinse wêrelde, die Vroeë Christelike Kerk en die Reformasie-tydperk. Die module plaas ook hierdie historiese tydperke geografies en

stel studente bekend aan die belangrikheid van landkaarte in die bestudering van die geïdentifiseerde tydperke.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- identifiseer en verduidelik waarom sosiohistoriese konteks belangrik is om sin te maak van teks deur gebruik te maak van verwysings;
- belangrike gebeure en karakters in die geïdentifiseerde eras beskryf; en die intra- en inter-era skakels verklaar;
- geografiese gebiede, antieke streke en stede en dorpe en natuurverskynsels identifiseer en uitwys.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 132 (8) Maak Sin van Tekste (1L, 1T) (BTh-VKP)

### Doelstellings

Die module is 'n inleiding tot die kuns om sin te maak uit tekste in die breë.

### Inhoud

Alhoewel dit nie tot literêre tekste beperk is nie, sal die module studente blootstel aan tekstuele analise, insluitende die identifisering en bestudering van elemente wat 'n rol speel om sin te maak van tekste soos genres, styl, karakters, intrige, retoriese argument, en ander. Studente sal Ou Testament, Nuwe Testament en verwante kontemporêre tekste uit korpusse soos filosofiese, mediese, magiese, en ander tekstuele versamelings lees.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n reeks literêre aspekte in, en effekte van, tekste identifiseer en verduidelik, asook die rol aantoon wat dit speel om sin van tekste te maak;
- interpretatiewe vaardighede demonstreer, insluitende om begrip te toon van literêre en retoriese funksie(s) wat verband hou met en gevind word in tekste, en hoe tekste en interpretatiewe gemeenskappe mekaar beïnvloed;
- die aard van antieke teksstyl en antieke literêre konvensies identifiseer en verklaar.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 143 (16) Verhalende Literatuur in die Bybel (2L, 2T) (BTh: Deeltyds)

## 144 (16) Verhalende Literatuur in die Bybel (2L, 2T)

### Doelstellings

Inleiding en oriëntering tot die bestudering van Bybelse narratiewe in hulle onderskeie sosiohistoriese kontekste.

Bestudering van die aard van die narratiewe genre en antieke historiografie tesame met die gebruik van gepaste metodologieë.

In die Ou Testamentiese gedeelte word gefokus op die Deuteronomistiese geskiedenis, Esra-Nehemia en Kronieke.

In die Nuwe Testamentiese gedeelte val die fokus op Handelinge (tesame met aspekte van die Sinoptiese Evangelies).

### Inhoud

Inleiding tot die verhalende genres in die Bybelse tekste.

Inleiding tot die narratologiese modelle waarmee verhalende tekste in die Bybel geïnterpreteer word.

Inleiding tot die kenmerke en dinamika van antieke en Bybelse historiografie.

Inleiding tot die Deuteronomistiese geskiedenis, sowel as Kronieke en Esra-Nehemia.

Inleiding tot Handelinge (en verwante Evangelie-literatuur).

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die literêre vorm van 'n teks identifiseer en die verhalende genres in Bybelse tekste verduidelik;
- gepaste metodologieë vir die lees en ontleed van Bybelse narratiewe gebruik;
- die sosiohistoriese konteks van Bybelse narratiewe beskryf en die belangrikheid daarvan vir die interpretasie van narratiewe verduidelik;
- die basiese vaardigheid om narratiewe tekste in 'n teologiese konteks te lees, te vertaal en te verduidelik, demonstreer;

- 'n basiese begrip toon van hoe Bybelse historiografie in verhalende formaat kommunikeer;
- die relevansie van narratiewe Bybelse tekste vir teologie en etiek in die kontemporêre wêreld beskryf;
- die basiese vermoë demonstreer om praktiese programme vir implementering in gemeentelike kontekste te ontwerp, wat bekendheid met die verhalende en historiografiese genres in die Bybel onder veral sekondêreskoolleerders fasiliteer.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 152 (8) Die Ontwikkeling van Hermeneutiese Vaardighede (1L, 1T) (BTh-VKP)

### Doelstellings

Hierdie module bied 'n inleiding tot hermeneutiek op 'n basiese vlak.

### Inhoud

Die module fokus daarop om studente aan teoretiese standpunte, teorieë en konsepte bekend te stel en betrek studente deur hermeneutiese oefeninge – die lees en interpretasie van tekste, hoofsaaklik van die antieke konteks. Studente sal leer hoe om hermeneutiese vaardighede toe te pas deur tekste te interpreteer, asook om materiële kultuuritems (bv. statute, munte, inskripsies) te interpreteer.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- teorieë en teoretiese konsepte wat met teologiese en Bybelse hermeneutiek verband hou, uiteensit en verduidelik;
- hermeneutiese vaardighede demonstreer deur teoretiese insigte in teksinterpretasie toe te pas;
- verantwoordelike en verantwoordbare interpretasies van antieke tekste en materiële kultuuritems (bv. statute, munte, inskripsies) bied;
- toerekeningsvatbaarheid vir eie leer en leer as deel van 'n groep demonstreer, deur verantwoordelike gebruik van hulpbronne in die konteks van die module te toon.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 324 (16) Argeologie van die Antieke Wêreld (2L, 1T)

### Doelstellings

Hierdie keusemodule bied die moontlikheid om oriëntering m.b.t. argeologie van die Antieke Wêreld te ontvang, asook praktiese ervaring in die nuutste argeologiese metodes.

### Inhoud

Oriëntering tot argeologie van die Antieke Wêreld as historiese dissipline;

Inleiding tot Argeologiese metodes;

Inleiding tot die identifisering en kategorisering van artefakte;

Inleiding tot argeologiese opgrawingsplekke in Israel/Griekeland/Turkye;

Praktiese ervaring m.b.t. argeologie.

### Uitkomste

Na voltooiing van die module sal die student:

- Gevorderde kennis hê oor argeologie van die Antieke Wêreld as historiese dissipline;
- 'n Deeglike oorsig hê oor die geskiedenis van argeologiese metodes en navorsing;
- 'n Deeglike oriëntering hê m.b.t. die vernaamste argeologiese opgrawingsplekke in Israel/Griekeland/Turkye;
- 'n Goed-ontwikkelde vaardigheid hê om argeologiese artefakte te identifiseer en kategoriseer;
- Praktiese ervaring hê in argeologiese opgrawings.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 354 (16) Gender en die Bybel (2L, 1T)

(Die module word jaarliks met 'n fokus op die Ou Testament, die Nuwe Testament of die Ou en Nuwe Testament aangebied.)

### Doelstellings

Eksegetiese, literêre en teologiese studie van gender en/in die Bybel. Spesiale aandag sal gegee word aan globale en multikulturele perspektiewe in die besinning oor die verhouding gender en Bybel, met inagneming van verskillende kulturele, sosiale, ekonomiese en politieke kontekste.

### Inhoud

Van die volgende komponente en temas sal in verskillende modusse en kombinasies, en in samehang met verskillende tekste aan die orde kom:

- Verskillende teoretiese en metodologiese benaderings (o.a. Feministies, Postkoloniaal, Gender-krities, Queer-teoreties)
- Sosiohistoriese konteks van die Bybel (met betrekking tot gender-sake)
- Mans, vroue en kinders in/en die Bybel
- Liggaamlikheid, gender, geslagtelikheid en die Bybel
- Seks, seksualiteit (o.a. hetero- en homoseksualiteit) en die Bybel
- Gender-taal, -retoriek, lesers en die Bybel
- Teologiese perspektiewe

### Uitkomste

Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om:

- duidelike begrip van die teoretiese, literêre en eksegetiese aspekte met betrekking tot gender en die Bybel te toon.
- eksegese-vaardighede ten opsigte van Bybeltekste belangrik in gender-kritiese Bybelinterpretasie te demonstreer.
- geïntegreerde, samehangende verstaan van die dissiplinegroep se fokus op teks/konteks/resepsie in terme van die krities-konstruktiewe studie van Bybeltekste te toon.
- sinvol die impak van 'n persoon se kulturele en sosiale posisie in gender-kritiese interpretasie te artikuleer.
- gender-kritiese perspektiewe aan die hand van die Bybel wat menswaardigheid in die hand werk, met die oog op verskillende toepaslike kontekste (samelewing, akademie, en/of kerk) te formuleer.

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

# 17418 Ou Testament

## 213 (8) Pentateug (1L, 1P)

### Doelstellings

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van die eerste vyf Bybelboeke van die Ou Testament.

### Inhoud

Die kultuurhistoriese agtergrond van die ontstaan van die Pentateug in die kanon van die Ou Testament.

Die teologiese interpretasie van die eerste vyf Bybelboeke aan die hand van belangrike teologies-etiese temas.

Die Pentateugvraagstuk.

### Uitkomste

Die vermoë om die kanoniese ontstaan van die Pentateug teen die betrokke kultuurhistoriese agtergrond te verstaan.

Insig in die teologies-etiese samehang van die eerste vyf Bybelboeke.

Begrip vir die dialektiese verband tussen onderrig en verhaal in die Pentateug.

Die vermoë om Pentateug te lees, te vertaal en teologies te eksegetiseer.

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 252 (8) Die Profetiese Literatuur in die Ou Testament (1L, 1P)

## 253 (8) Die Profetiese Literatuur in die Ou Testament (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)

### Doelstellings

Hierdie module bied 'n inleiding tot die sleuteltemas en tekste van die profetiese literatuur van die Ou Testament. Gedurende hierdie kursus sal studente voortgaan om die formele kritiese instrumente te ontwikkel wat nodig is om krities ingeligte en verantwoordelike Bybellesers te word.

### Inhoud

Die fokus van hierdie module is op die belangrikste historiese, literêre en teologiese temas van elk van die boeke wat deel vorm van die profetiese literatuur in die Ou Testament. Die module kyk ook na hoe verskeie gemeenskappe (Joods, feministies, Afrika-, internasionaal) hierdie tekste gelees het, met spesiale aandag aan die relevansie van die profetiese literatuur vir die Suid-Afrikaanse konteks.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die inhoud van die uiteenlopende literêre genres wat onder die profetiese literatuur voorkom, die historiese en sosiokulturele konteks van hierdie tekste, en die literêre en teologiese betekenis van elke boek, identifiseer en beskryf;
- differensieer tussen die verskillende metodologiese benaderings (vormkritiese, literêr-kritiese, teologies, feministies, postkoloniaal) waarvolgens die profetiese literatuur vertolk word;
- die kritiese vaardighede vir formele eksegese toepas, insluitende die vermoë om 'n verskeidenheid nuttige kommentare te verstaan en te evalueer, asook ander hulpbronne wat studente se voortgesette omgang met die teks kan baat;
- effektief in gesprek tree met die voorste Afrika-akademici wat oor die Hebreeuse profete geskryf het;
- krities beoordeel hoe die profetiese literatuur vandag in 'n verskeidenheid kontekste gebruik word, en die uitkoms van hul eksegetiese werk op 'n verantwoordelike en ingeligte manier op die eietydse Suid-Afrikaanse konteks toepas.

***Ou Testament 252***

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 144, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 114*

***Ou Testament 253 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 113, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 143;*

*OF*

*Slaagoorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 143, en*
*Voorvereistemodule: Ou en Nuwe Testament 113*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 312 (8) Lied en Klaaglied in Antieke Israel en Vandag (1L, 1T)

## 313 (8) Lied en Klaaglied in Antieke Israel en Vandag (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

### Doelstellings

Hierdie module bied 'n inleiding tot die sleuteltemas en tekste van die liriese literatuur in die Ou Testament. Gedurende hierdie kursus sal studente voortgaan om die formele kritiese instrumente te ontwikkel wat nodig is om krities ingeligte en verantwoordelike Bybellesers te word.

### Inhoud

Die fokus van hierdie module is om 'n inleiding tot die sleuteltemas en tekste van die liriese literatuur van die Ou Testament te bied. Tydens die module sal ons voortgaan om die formele kritiese vaardighede te ontwikkel wat nodig is om krities ingeligte en verantwoordelike Bybellesers te word. Benewens 'n fokus op die hoof- historiese, literêre, en teologiese temas van elkeen van die boeke wat deel vorm van die liriese literatuur sal ons ook kyk hoe 'n verskeidenheid van geloofsgemeenskappe hierdie tekste gelees het (Joods, feministies, etnies, globaal). Ten slotte sal ons kritiese vrae vra aangaande die betekenis van die liriese materiaal vir die Christen geloof en lewe.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die inhoud van die diverse literêre genres van die liriese literatuur, die historiese en sosiokulturele konteks van hierdie tekste, asook elke boek se literêre en teologiese betekenis, beskryf en bespreek;
- verskillende metodologiese benaderings (vormkrities, literêr-krities, teologies, feministies en postkoloniaal) gebruik om die profetiese literatuur te interpreteer;
- kritiese vaardighede vir formele eksegese toepas, insluitende die vermoë om 'n verskeidenheid nuttige kommentare en ander hulpbronne te verstaan en te evalueer wat voordelig kan wees vir voortgesette omgang met die teks;

- krities beoordeel hoe die liriese literatuur vandag in 'n verskeidenheid kontekste gebruik word, en die uitkoms van die eksegetiese werk op 'n verantwoordelike en ingeligte wyse op die huidige Suid-Afrikaanse konteks toepas.

***Ou Testament 312***

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 114, 144*

*Newevereistemodule: Ou Testament 213 of 252*

***Ou Testament 313 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 113, 143*

*Newevereistemodule: Ou Testament 253*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 342 (8) Wysheidsliteratuur (1L, 1T)

Doelstellings

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

Inhoud

Kultuurhistoriese invloed op die kanoniese gestalte van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

Die geskiedenis van wysheidsonderrig in die Ou Testament.

Die eksegese van wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

Teologiese en etiese temas in die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

Uitkomste

Die vermoë om die kultuurhistoriese invloed op die kanonvorming van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament te bepaal.

Insig in die historiese ontwikkeling van wysheidsonderrig in die Ou Testament.

Die teologiese interpretasie van wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

Die identifisering en beskrywing van teologiese en etiese temas in wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 114, 144*

*Newevereistemodule: Ou Testament 213 of 252*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 343 (8) Resepsie van die Ou Testament in Afrika (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

## 344 (8) Resepsie van die Ou Testament in Afrika (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente bekend te stel aan die resepsie van die Ou Testament in Afrika; om 'n duidelike begrip te kweek van intreevlakbegrippe van hermeneutiek, vertolking en metodologie in Afrika; en om 'n oorsig te doen van ontwikkelings in Bybeluitleg in Afrika sedert die laat 18de eeu.

*Inhoud*

Hierdie module stel studente bekend aan die resepsie van die Ou Testament in Afrika en kweek 'n duidelike begrip van intreevlakbegrippe van die hermeneutiek, vertolking en metodologie. Daar word ook 'n oorsig gedoen van ontwikkelings in Bybeluitleg in Afrika sedert die laat 18de eeu, met 'n ontleding in groter besonderhede van die aard van vertolking en hermeneutiese voorveronderstellings wat die kruispunt van Ou Testamentiese studies vorm. Verskillende benaderings in Afrika tot 'n akademiese lees van die Ou Testament word ook omskryf en ondersoek. Die module sluit af deur verskeie metodes van kontekstuele vertolking in Ou Testamentiese studies in Afrika uit te wys en te omskryf.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die resepsie van die Ou Testament in Afrika uiteensit en beoordeel;
- die intreevlakbegrippe van hermeneutiek, vertolking, en metodologie definieer en bespreek;
- Bybeluitleg in Afrika sedert die laat 1800s beskryf, asook hoe dit geloofsgemeenskappe op die vasteland (Suid-Afrika) beïnvloed het;
- die aard van vertolking en hermeneutiese voorveronderstellings wat die kruispunt van Ou Testamentiese studies vorm, analiseer en bespreek;
- intellektuele strominge in die akademiese lees van die Ou Testament in Afrika identifiseer en beskryf;
- verskeie metodes van kontekstuele vertolking in Ou Testamentiese studies in Afrika definieer en bespreek.

***Ou Testament 343 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 113, 143*

*Newevereistemodule: Ou Testament 253*

***Ou Testament 344***

*Slaagvoorvereistemodules: Ou en Nuwe Testament 114, 144*

*Newevereistemodule: Ou Testament 213 of 252*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 412 (8) Teks en Konteks van die Ou Testament (1L, 1T)

Doelstellings

Hierdie module bied die moontlikheid om te spesialiseer in Ou Testament met 'n spesifieke fokus op die buite-bybelse tekste en historiese kontekste wat beïnvloedend bygedra het tot die totstandkoming van die Ou Testament.

Inhoud

Gevorderde studie van buite-bybelse tekste van die voor-Christelike era in Antieke Israel;

Ontwikkeling van vaardigheid om die invloed van buite-bybelse geskrifte op die Ou Testament te kan beoordeel;

Gevorderde oorsig oor die geskiedenis van navorsing rondom die skryf van 'n geskiedenis van Antieke Israel;

Ontwikkeling van kritiese vermoë om verskillende benaderings tot die geskiedskrywing van Antieke Israel te kan beoordeel;

Gevorderde blootstelling aan die rol van ikonografie, argeologie en epigrafie in die historiese waardering van Israel se verlede.

Uitkomste

Gevorderde kennis hê oor buite-bybelse literatuur van die voor-Christelike era;

Vaardigheid hê in genre-herkenning en interpretasie van buite-bybelse literatuur;

Insig hê in hoe buite-bybelse literatuur die totstandkoming en interpretasie van die Ou Testament beïnvloed (het);

'n Deeglike oorsig hê oor die historiografiese navorsing oor die verlede van Antieke Israel, insluitende die waarde van argeologie, ikonografie en epigrafie;

'n Deeglike oriëntering hê m.b.t. die vernaamste die vernaamste benaderings en werke tot die skryf van 'n geskiedenis van Israel, asook 'n kritiese vermoë om hierdie werke te beoordeel;

'n Goed-ontwikkelde vaardigheid hê om historiografiese navorsing in verband te bring met 'n historiese hermeneutiek.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Ou en Nuwe Testament 114, 144*
- *Ou Testament 213, 252*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou Testament 312, en*
*Voorvereistemodule: Ou Testament 342;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou Testament 342, en*
*Voorvereistemodule: Ou Testament 312*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 452 (8) Kritiek en Resepsie van die Ou Testament (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente in staat te stel om in Ou Testament te spesialiseer, met besondere fokus op die interpretasie van resepsie van die Ou Testament

Inhoud

Die konsepsuele uitklaring van terminologie soos die hermeneutiek, eksegese, kritiek, resepsie, teologie en etiek van die Ou Testament sowel as Bybelse teologie

'n Oorsig oor onlangse akademiese werk wat oor die kritiek op en resepsie van die Ou Testament handel, met besondere aandag aan sodanige werk wat uit Afrika voortkom

Die eksegese van 'n verteenwoordigende monster van Ou-Testamentiese tekste, sowel as teologies-etiese nadenke oor die implikasies daarvan vir uiteenlopende interpretatiewe gemeenskappe in Suider-Afrika

'n Bespreking van die manier waarop akademiese werk wat op die kritiek op en resepsie van die Ou Testament fokus, die aanbied van kategeseklasse, Bybelstudiegroepe en preke kan beïnvloed

Uitkomste

Besit 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van Ou-Testamentiese hermeneutiek, eksegese, teologie en etiek.

Het 'n koherente en kritiese begrip van die beginsels, omvang, teorieë en epistemologieë van Ou-Testamentiese kritiek en resepsie.

Besit die vermoë om krities te oordeel oor huidige navorsing en gevorderde akademiese werk wat met Ou-Testamentiese hermeneutiek, eksegese, teologie en etiek verband hou.

Het die vaardighede om hermeneutiese, eksegetiese, teologiese en etiese idees en perspektiewe in verband met die Ou Testament uiteen te sit en oor te dra aan 'n reeks gehore (bv. aan kategeseklasse en Bybelstudiegroepe, en in preke) binne die verskillende bedieningsfere.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Ou en Nuwe Testament 114, 144*
- *Ou Testament 213, 252*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou Testament 312, en*
*Voorvereistemodule: Ou Testament 342;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou Testament 342, en*
*Voorvereistemodule: Ou Testament 312*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

## 478 (48) Navorsingsmetodologie en -werkstuk Ou Testament (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente aan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek bekend te stel.

Om verskeie aspekte van navorsingsmetodologie te behandel, onder meer die volgende: inleiding tot navorsing, hoe om 'n navorsingsvoorstel uit te werk, navorsingsmetodes en metodologieë, die literatuuroorsig, verwysingsmetodes en -stelsels, navorsingsetiek, rolverhoudings tussen die student en studieleier, hoe om navorsing aan te bied, hoe om navorsing gepubliseer te kry, professionele akademiese verenigings, en navorsingsleiding.

Inhoud

Navorsingsmetodologie

Hoe om 'n akademiese navorsingsvoorstel op te stel (fokus op een vakgebied)

Hoe om 'n navorsingsvoorstel en navorsingsresultate voor 'n openbare gehoor te formuleer en te verdedig (fokus op een vakgebied)

Uitkomste

Verstaan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek.

Kan 'n navorsingsvoorstel op grond van toepaslike akademiese kennis, waardes en vaardighede uitwerk en op skrif stel.

Kan verskillende aspekte van die navorsingsvoorstel en navorsingsprojek in 'n kritiese openbare situasie oordra.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Ou en Nuwe Testament 114, 144*
- *Ou Testament 213, 252*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou Testament 312, en*
*Voorvereistemodule: Ou Testament 342;*

*OF*

*Slaagvoorvereistemodule: Ou Testament 342, en*
*Voorvereistemodule: Ou Testament 312*

*Newevereistemodules: Ou Testament 412, 452*

*Tuisdepartement: Ou en Nuwe Testament*

# 50776 Praktiese Teologie

## 113 (8) Teologiese Begronding vir Jeugwerk (2L, 1T)

## 133 (8) Teologiese Begronding vir Jeugwerk (2L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

In hierdie module leer studente hoe om die teologiese begronding van die jeugwerkpraktyk te identifiseer. Hulle sal ook begrip ontwikkel vir die implikasies van 'n teologiese raamwerk vir jeugbediening in die praktyk.

Inhoud

Die inhoud fokus op:

- die vraag "Wat kan 'n teologiese raamwerk vir jeugwerk informeer?"
- die noodsaaklikheid van 'n teologiese begronding vir jeugwerk.
- verskillende perspektiewe oor die teologiese begronding vir jeugwerk.
- die implikasies van 'n teologiese raamwerk vir die jeugwerkpraktyk.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die teologiese raamwerk vir jeugwerk identifiseer en definieer;
- die belangrikheid van 'n teologiese begronding vir jeugwerk beskryf en bespreek;
- teologiese jeugwerk-begrondings in jeugwerkpraktyk identifiseer;
- aandui hoe die teologiese begronding van jeugwerk die jeugwerkpraktyk inlig en vorm.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 143 (8) Groepwerk (1L, 1P)

## 145 (8) Groepwerk (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om belangstelling in groepwerkteorieë te prikkel en om studente daarop voor te berei om kleingroepe in verskeie kontekste te fasiliteer.

Inhoud

Die doelstellings van die module is om:

- studente toe te rus met die nodige kennis oor groepwerkteorie.
- studente voor te berei om kleingroepe in verskeie kontekste te fasiliteer.
- deur middel van diensleer verskeie soorte groepe waar te neem en ook daaraan deel te neem.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n teoretiese begrip van groepwerk beskryf en bespreek;
- groepwerk-teorie bevorder en prakties implementeer, met begrip vir die integrale rol wat groepwerk vervul waar in verskeie kontekste gewerk word;
- vaardig klein groepe in verskillende kontekste hou en fasiliteer.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 152 (8) Kinderteologie (1L, 1T)

## 153 (8) Kinderteologie (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om die teologiese begronding te verstaan wat die bediening aan kinders informeer, en om teologiese tekste deur die lens van 'n kind te kan lees.

*Inhoud*

Hierdie module is daarop gemik om studente te leer om teologies te besin oor die plek, rol en stem wat kinders in teologiese ontwikkeling het. Dit fokus daarop om studente met die hermeneutiese vaardighede toe te rus wat nodig is om met kinders in die Suid-Afrikaanse, Afrika- en internasionale konteks te werk.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die Bybelse agtergrond tot Kinderteologie beskryf en bespreek;
- die teologiese hermeneutiek betrokke by werk met kinders in geskrewe of mondelinge vorm, konseptualiseer en toepas;

- 'n oorsig van die verskillende kontekste van kinders in Suid-Afrika en Afrika beskryf en bespreek;
- bediening aan kinders in Afrika en bediening aan kinders in die res van die wêreld beskryf en met mekaar vergelyk.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 211 (16) Kinderbediening (2L, 1P) (BTh: Deeltyds)

## 234 (16) Kinderbediening (2L, 1P)

### Doelstellings

Om studente te begelei om kennis van die teoretiese onderbou en teologie van kinderbediening te ontwikkel; ook om studente 'n praktiese begrip van kinderbediening te gee aan die hand van onderwerpe soos hermeneutiek en verskillende benaderings tot en interpretasies van kinderbediening.

### Inhoud

Die teoretiese onderbou en teologie van kinderbediening.

Praktiese begrip van kinderbediening: hermeneutiek, verskillende benaderings tot interpretasies van kinderbediening.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die teologiese teorie van kinderbediening verstaan en bespreek;
- die hermeneutiek wat betrokke is wanneer vir kinderbediening voorberei word, beskryf en bespreek;
- verskillende benaderings tot kinderbediening beskryf en demonstreer;
- verskeie vaardighede wat met die kinderbedieningspraktyk verband hou, toepas;
- Suid-Afrikaanse kinder- en gesinswetgewing relevant tot kinderbediening beskryf en bespreek.

***Praktiese Teologie 211 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie 153*

  *OF*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 122*

***Praktiese Teologie 234***

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*

- *Praktiese Teologie 113, 152*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

*Vir BTh: Algemeen en BDiv:*

- *Praktiese Teologie 152*

  *OF*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 212 (8) Benaderings tot Jeugwerk (1L)

## 213 (8) Benaderings tot Jeugwerk (1L) (BTh: Deeltyds)

### Doelstellings

Om aan studente die verskillende benaderings binne die vakgebied jeugwerk oor te dra.

### Inhoud

Teorie van die verskillende benaderings tot jeugwerk

Die teologiese grondslae vir die onderskeie benaderings

Die gesinsbenadering

Die missionêre benadering

Die relasionele benadering

Die evangelistiese benadering

Die inklusiewe gemeentelike benadering

Die gemeenskapsbenadering

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- verskillende benaderings tot jeugwerk beskryf en bespreek;
- die onderskeie benaderings krities evalueer;
- verskillende benaderings tot jeugwerk in 'n spesifieke konteks identifiseer;
- toepaslike benaderings tot jeugwerk vir 'n bepaalde konteks ontleed;
- relevante benaderings tot jeugwerk in 'n spesifieke konteks toepas.

***Praktiese Teologie 212***

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*

- *Praktiese Teologie 113*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

*Vir BTh: Algemeen en BDiv:*

- *Praktiese Teologie 113*

  *OF*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

***Praktiese Teologie 213 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie 133*

  *OF*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 122*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 215 (8) Inleiding tot Pastorale Berading (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)
## 222 (8) Inleiding tot Pastorale Berading (1L, 1P)

### Doelstellings

Die verstaan van die verband tussen die eiesoortigheid van die pastorale teologie en antropologie en die invloed daarvan op 'n gespreksmodel vir die pastorale bediening. Dit wil studente se basiese gespreksvaardighede ontwikkel met die oog op pastorale sorg en berading en 'n sensitiwiteit ontwikkel vir die vraagstuk van interkulturaliteit in kruiskulturele kommunikasie.

### Inhoud

Teologiese basisteorie: wat is pastorale sorg en berading?

Die behandeling van verskillende pastorale metafore ten einde die teologiese aard van sorg, troos en hulpverlening te verstaan.

Pastorale sorg in verskillende kontekste.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n teologiese verstaan van pastorale sorg as 'n teologiese en wetenskaplike strewe in 'n transdissiplinêre benadering bespreek;
- die teorie van pastorale sorg as 'n teologiese en wetenskaplike strewe definieer en beskryf;
- die teorie van 'n transdissiplinêre benadering tot die veld van pastorale sorg beskryf en bespreek;
- kommunikasievaardighede vir berading en pastorale beraad, wat tydens praktiese sessies in die module ontwikkel is, toepas;
- beradingsvaardighede binne die pastorale konteks gedurende praktiese sessies beoefen.

***Praktiese Teologie 215 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie 133, 145*

  *OF*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 122*

***Praktiese Teologie 222***

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*

- *Praktiese Teologie 113, 143*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

*Vir BTh: Algemeen en BDiv:*

- *Praktiese Teologie 113*

  *OF*

- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 243 (8) Teologie en Ontwikkeling (1L, 1T)
## 253 (8) Teologie en Ontwikkeling (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om teologiese besinning oor pogings tot sosiale transformasie in konkrete ontwikkelingsituasies te verdiep met die oog daarop om te bepaal hoe Bybelse norme en oogpunte die aard van konkrete ontwikkelingswerk kan beïnvloed; ook, om studente met teoretiese en kritiese perspektiewe oor 'witwarm' ontwikkelingsvraagstukke (plaaslik, op die vasteland en wêreldwyd) toe te rus, en met die ontledingsinstrumente en teoretiese raamwerk om krities te kan besin oor die proses van ontwikkeling en hoe geloofsgemeenskappe 'n rol kan vervul in die respons op ontwikkelingsprosesse en -vraagstukke.

Inhoud

Hierdie module fokus op armoede en ongelykheid in Suid-Afrikaanse, Afrika- en globale kontekste met 'n fokus op beide makro- en voetsoolvlakperspektiewe. Dit poog om studente te help om teologiese perspektiewe te ontwikkel en die geskiedenis van geloofsgemeenskappe wat betref die hantering van kwessies van armoede en ongelykheid, te verstaan, insluitende die rol van kerke en geloofsgebaseerde organisasies (FBO's). Dit beklemtoon ook aktuele kwessies in ontwikkelingstudies soos: geslag en ontwikkeling; kultuur en ontwikkeling; en die dekolonisering van ontwikkeling.

Uitkomste

Studente wat die module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- teorieë en kritiese perspektiewe oor armoede en ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse, Afrika- en globale konteks identifiseer, definieer, en bespreek;
- die rol van geloof in ontwikkeling krities ontleed, asook die geskiedenis van geloofsgemeenskappe se betrokkenheid by vraagstukke rakende armoede en ongelykheid, en die tersaaklikheid daarvan in hedendaagse praksis;
- 'n etiese bewustheid en morele gevoeligheid in verband met sosiale vraagstukke en menslike nood toon, wat hulle in staat stel om die rol te verstaan wat die geloofsgemeenskap in hierdie verband vervul;
- teologies besin oor die rol wat geloofsgemeenskappe speel in reaksies op vraagstukke oor armoede, ongelykheid, en ongeregtigheid, met die oog daarop om doeltreffend met geloofsgemeenskappe oor hul sosiale verantwoordelikheid te kommunikeer.

***Praktiese Teologie 243***

*Slaagvoorvereistemodule: Praktiese Teologie en Missiologie 112*

***Praktiese Teologie 253 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Praktiese Teologie en Missiologie 122*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 244 (16) Organisasie en Beplanning van Jeugwerk (2L, 1P)
## 245 (16) Organisasie en Beplanning van Jeugwerk (2L, 1P) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente te begelei om kennis en begrip te verkry van die beplannings- en organisatoriese proses by jeugwerk.

Inhoud

Die strategiesebeplanningsproses.

Organisatoriese werking.

Leierskapstyle in die bediening.

'n Begrip van die dinamika van kerklike, parakerklike en ander jeugorganisasies.

Die werwing en opleiding van vrywilligers.

Die toepassing van verskeie beplannings- en organisatoriese jeugwerkstrategieë in die praktyk.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die proses van beplanning en organisasie in jeugwerk beskryf en bespreek;
- kennis van die verskillende teorieë oor strategiese beplanning in die bediening, werwing en opleiding van vrywilligers wat betref die ontwikkeling van 'n voorstel vir hul konteks, demonstreer en toepas;

- die verskillende leierskapstyle in jeugbediening herken en hulle op gepaste maniere ontwikkel.

***Praktiese Teologie 244***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie 113*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*

***Praktiese Teologie 245 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie 133*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 122*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 254 (16) Jeugpastoraat (2L, 1P)

### Doelstellings

Om studente begrip te gee vir die hedendaagse kwessies waarmee Suid-Afrikaanse jongmense te doen kry in die konteks van die gemeenskap en samelewing – kwessies soos tienerseksualiteit en MIV/Vigs, eetversteurings, depressie, bendebetrokkenheid, middelmisbruik, geweld en selfmoord; die module fokus op die geestelike vorming van jongmense wat voor hierdie kwessies te staan kom.

### Inhoud

Tienerseksualiteit en MIV/Vigs

Eetversteurings

Depressie

Bendebetrokkenheid

Geweld en selfmoord onder SA jongmense

Middelmisbruik

Die geestelike vorming van jongmense

### Uitkomste

Ken verskeie benaderings/moontlikhede wat berading en die bou van verhoudings betref wanneer daar met jongmense gewerk word.

Verstaan die kwessies wat by tienerseksualiteit ter sprake is.

Verstaan die verband tussen lewensorg en geestelike sorg, heling en berading.

Pas die beginsels van pastorale sorg toe op gemeenskapsorg en sorg aan mense wat by bendebedrywighede betrokke is.

Ontwikkel 'n sisteembenadering tot lewensprobleme en die begrip “mag”.

Pas die beginsels van pastorale sorg toe op jongmense wat met middelmisbruik sukkel.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie 113*
- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*
- *Praktiese Teologie 222*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 262 (8) Bedieningspraktyk (1L, 1P)

### Doelstellings

Die doel van die module is die ontwikkeling van 'n geïntegreerde prakties-teologiese ekklesiologie met die oog op die bediening in Christelike geloofsgemeenskappe.

Die module ontwikkel verder studente se basiese bedieningsvaardighede met die oog op Christelike leierskap in geloofsgemeenskappe.

### Inhoud

Teologiese basisteorie: Wat is bediening en wat is die vaardighede wat nodig is om leiding in die bediening te neem? Dit sluit in:

- Kontekstuele analise – die rol en belang van 'n kultuur hermeneutiek
- Die rol van die Skrif en tradisie – Skrifhantering, dissipelskap en geloofsonderskeiding
- Bedieningspraktyke – liturgiek, prediking, lering, pastorale sorg en diens
- Rol van leierskap en prosesse – verhoudings, konflik, prosesse en leierskap

Uitkomste

Verwerwing van 'n konseptuele begrip van bedieningspraktyk en 'n prakties-teologiese ekklesiologie.

Ontwikkel van 'n basisteorie vir die bediening.

Die vermoë om kontekstuele analises te kan doen.

Hermeneutiese vaardighede in Skrifhantering.

Die ontwikkel van 'n basiese begrip oor die rol van leierskap en prosesse in geloofsgemeenskappe.

*Slaagvoorvereistemodule: Praktiese Teologie en Missiologie 112*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 313 (16) Homiletiek en Liturgie (2L, 1T) (BTh: Deeltyds)

## 314 (16) Homiletiek en Liturgie (2L, 1T)

Doelstellings

'n Basiese inleiding tot die teorie van kommunikasie, met die oog op preek- en gespreksvaardighede.

Om teologies te besin oor die rol van 'n sinvolle liturgie en in besonder van die prediking in die vorming van geloofsgemeenskappe.

Om studente in te lei in die belangrike aspekte van eietydse liturgievorming en ontwikkeling in gemeenteverband.

Om, in aansluiting by Hermeneutiek, Ou en Nuwe Testament en Sistematiese Teologie, die Skrif so te interpreteer dat dit gehoor word as die dinamiese Woord van God in die tyd waarin ons leef.

Om die dinamiek van die preekmaak- en -leweringsproses te verstaan as 'n hermeneutiese proses binne die dialoog tussen Woord en situasie.

Om onder leiding van studieleiers teologies-verantwoorde liturgiese en homiletiese ontwerpe in bepaalde eredienste te maak.

Om onder leiding van 'n spraakdeskundige ingelei te word in die tegnieke van liturgiese en homiletiese kommunikasie.

Inhoud

Die teologie van die erediens in historiese perspektief.

Die basiese beginsels van die liturgie en erediensontwikkeling.

Die uitgangspunte van die prediking as eietydse verkondiging van die Woord van God.

Die preekmaakproses in aansluiting by Ou en Nuwe Testament, en Sistematiese Teologie.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die teologie, geskiedenis, fenomenologie en beginsels van liturgie en homiletiek in detail beskryf en bespreek;
- 'n preek en liturgie ontwikkel deur 'n homiletiese benadering tot Bybelteks en gemeentelike konteks vir prediking, en dit in die praktyk toepas;
- liturgiese en homiletiese bronne en praktyke krities evalueer;
- die doel en geskiedenis van kerkmusiek en die integrasie daarvan in 'n liturgiese model definieer en bespreek;
- 'n preek lewer wat goeie stemgebruik, betroubare kommunikasie, en samehangende oordrag van komplekse inligting bied.

***Praktiese Teologie 313 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie en Missiologie 122*
- *En, ten minste een van:*
  - *Nuwe Testament 215*
  - *Ou Testament 253*

***Praktiese Teologie 314***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Praktiese Teologie en Missiologie 112*
- *En, ten minste een van:*
  - *Nuwe Testament 213*
  - *Nuwe Testament 262*
  - *Ou Testament 213*
  - *Ou Testament 252*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 322 (8) Jeugkultuur (1L, 1T)

### Doelstellings

Om studente met kennis toe te rus oor die aard en die implikasies van jeugkultuur en ook oor die uitdagings wat dit vir jeugwerk inhou, om sodoende in staat te wees om die Evangelie doeltreffend aan die jeug te kommunikeer

### Inhoud

Kennis van jeugkultuur

Generasionele teorie

Media, musiek

Jeugkultuur en morele waardes

Jeugkultuur en godsdiens

### Uitkomste

Beskik oor 'n konseptuele begrip van kultuur en jeugkultuur

Verstaan hoe die inligtingsera, tegnologie en globalisering jeugkultuur beïnvloed en vorm

Demonstreer die vermoë om die uitdagings en geleenthede wat jeugkultuur vir jeugwerk inhou te identifiseer

Demonstreer die vermoë om jeugkultuur te verstaan en daarmee in gesprek te tree

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*
*Ten minste drie van:*

- *Praktiese Teologie 212*
- *Praktiese Teologie 222*
- *Praktiese Teologie 234*
- *Praktiese Teologie 243*
- *Praktiese Teologie 244*
- *Praktiese Teologie 254*

*Vir BTh: Algemeen:*

- *Praktiese Teologie 212, 222*

*Vir BDiv:*

- *Praktiese Teologie 212 OF 222*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 323 (8) Jeug- en Familiepastoraat (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

## 332 (8) Jeug- en Familiepastoraat (1L, 1T)

### Doelstellings

Hierdie module is toegespits op refleksie oor familielewe as 'n integrale aspek van jeugwerk. Dit fokus op die belangrikheid van familie wanneer daar met die jeug in enige konteks gewerk word.

### Inhoud

Lewensvaardighede in pastorale sorg en voorligting

Groepswerk

Familiesorg en voorligting

Familieverryking

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n goed begronde en geïntegreerde teologie van jeugsorg as gesinsorg ontwikkel;
- 'n samehangende en kritiese begrip demonstreer van basiese lewensvaardighede in sorg en voorligting wat verband hou met huweliksorg en gesinsorg;
- die dinamika van groepwerk in terme van 'n stelselbenadering tot gesinsorg beskryf en bespreek;
- integrerende kennis oor die teologie van gesinsorg toon en bespreek;
- vaardighede demonstreer wat verband hou met die toepassing van die modelle van gesinsorg;
- modelle vir gesinsverryking (voorkoming) toepas wanneer met die jeug gewerk word.

***Praktiese Teologie 323 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Praktiese Teologie 215*

***Praktiese Teologie 332***

*Slaagvoorvereistemodule: Praktiese Teologie 222*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 342 (8) Gemeenskapsontwikkelingspraksis (1L, 1T)

## 343 (8) Gemeenskapsontwikkelingspraksis (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente toe te rus met ontledingsinstrumente en -metodes vanuit die sosiologie en die gebied van ontwikkeling met die oog daarop om dit te benut in 'n realistiese ontleding van die samelewing ten einde 'n begrip te vorm van die uitdagings en vraagstukke wat gemeenskappe in 'n Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks moet oorkom. Om die basiese kennis en vaardighede in studente te ontwikkel om projekte en programme te bestuur, wat hulle in staat sal stel om agente van verandering te wees in die proses om die geloofsgemeenskap te mobiliseer tot samewerking met die breë gemeenskap ter wille van ontwikkeling.

Inhoud

Leierskap in gemeenskapsontwikkeling; benaderings tot gemeenskapsontledings; in gemeenskaps-navorsing; projek- en programbestuur; en diensleer en veldwerk.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- plaaslike gemeenskapsontwikkelingspraktyke in konteks krities ontleed en evalueer;
- as voorstanders optree van mensgerigte, deelnemende ontwikkeling in hul gemeenskappe;
- die behoeftes en bates van hul gemeenskappe navors en ontleed;
- hul begrip van en toewyding tot hul rol as gemeenskapsleiers in ontwikkeling verduidelik, asook die implikasies daarvan;
- basiese programme en projekte bestuur;
- aktief betrokke wees by konkrete ontwikkelingswerk met die oog daarop om belanghebbendes en rolspelers te definieer;
- kapasiteit, vaardighede, en bates (sosiale kapitaal) van inwoners, kerke, en projekte beskryf en bespreek.

***Praktiese Teologie 342***

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*

- *Praktiese Teologie 212, 243*

*Vir BTh: Algemeen en BDiv:*

- *Praktiese Teologie 243*

***Praktiese Teologie 343 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules: Praktiese Teologie 253*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 354 (16) Geloofsvorming in die Missionale Kerk (2L, 1T)

## 355 (16) Geloofsvorming in die Missionale Kerk (2L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente toe te rus met kennis en vaardighede om kontekstuele geloofsvormingsprosesse in missionale kerklike en gemeenskapskontekste uit te ken en te fasiliteer.

Inhoud

Hierdie module leer studente om die verskuiwings na missionale ekklesiologie en die prosesse van geloofsvorming met betrekking tot die missionale kerk te definieer en te verstaan. Dit ondersoek agente van geloofsvorming in die Afrika-konteks en teorieë van geloofsontwikkeling in Afrika- en internasionale kontekste. Verskeie geloofsvormingspraktyke word behandel, insluitende kategese en belydenisaflegging, mentorskap en die gesin as agent vir geloofsvorming.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die idee van missionale ekklesiologie vir hul eie plaaslike konteks definieer en bespreek;
- 'n konseptuele begrip van kontekstuele geloof en geloofsvorming omskryf;

- die verskillende sleutelagente van geloofsvorming identifiseer;
- die verskillende vorme van vorming, naamlik opvoeding, kategese, belydenisaflegging, en gesinsgebaseerde vormingspraktyke, bespreek en krities evalueer.

***Praktiese Teologie 354***

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*

- *Missiologie 142*
- *En, ten minste twee van:*
  - *Praktiese Teologie 212*
  - *Praktiese Teologie 222*
  - *Praktiese Teologie 234*
  - *Praktiese Teologie 243*
  - *Praktiese Teologie 244*
  - *Praktiese Teologie 254*

*Vir BTh: Algemeen en BDiv:*

- *Missiologie 142*
- *Praktiese Teologie 222*

***Praktiese Teologie 355 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules:*

- *Missiologie 143*
- *Praktiese Teologie 215*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 362 (8) MIV- en Vigs-pastoraat (1L, 1T)

### Doelstellings

MIV- en Vigs-berading: teorie en modelle vir sorg en spirituele heling

### Inhoud

MIV en Vigs. Sorg en berading

Sorg en stigmatisering

MIV-berading: Die dinamiek van openbaarmaking

Skuld en skande in MIV-berading

### Uitkomste

Demonstreer kennis van die teorie van pastorale berading

Demonstreer kennis van MIV en die pandemie

Verstaan problematiese areas wat verband hou met die MIV-pandemie; diskriminasie, stigmatisering en die krisis van openbaarmaking

Toon die vermoë om berading aan mense te verskaf om met 'n positiewe gesindheid met MIV te leef

Verstaan die verband tussen lewensorg en spirituele sorg

Demonstreer sensitiwiteit vir die impak van eksistensiële lewenskwessies op die MIV-pandemie

Verstaan die verband tussen MIV en armoede

Demonstreer basiese kennis en vaardigheid in pastorale berading

*Slaagvoorvereistemodule: Praktiese Teologie 222*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 378 (24) Diensleer (2L, 1T)
## 388 (24) Diensleer (2L, 1T) (BTh: Deeltyds)

### Doelstellings

Die doel van die module is om studente in staat te stel om:

- teorie en praktyk te integreer.
- sekere vaardighede soos die beplanning en uitvoering van aktiwiteite te ontwikkel en toe te pas.
- 'n positiewe lewensoriëntering in persoonlike en professionele optrede te ontwikkel.

### Inhoud

Die inhoud van die module sal studente in staat stel om:

- praktiese werk te kan doen soos om groepwerksessies te fasiliteer, preke te lewer, verskillende vergaderings by te woon.
- onder supervisie te werk.
- deel te neem aan groepbesprekings waar hulle kan verwoord watter vaardighede ontwikkel is asook areas kan identifiseer waar groei nodig is.
- deel te neem aan werkswinkels wat hulle in staat sal stel om verpligte aktiwiteite te beplan en uit te voer.

### Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n gesonde integrasie van die teorie en praktyk demonstreer;
- 'n positiewe ingesteldheid in hul persoonlike en professionele gedrag toon;
- hulself en hul bedrywighede verantwoordelik en effektief organiseer en bestuur;
- effektief kommunikeer deur verskeie kommunikasiemetodes soos aanbiedings en verslagskrywing;
- vergaderings en groepwerk fasiliteer.

***Praktiese Teologie 378***

*Slaagvoorvereistemodules:*

*Vir BTh: Jeugwerk:*

- *Praktiese Teologie 212, 234, 243, 244*

*Vir BTh: Algemeen:*

- *Praktiese Teologie 212, 243, 244*

***Praktiese Teologie 388 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodules: Praktiese Teologie 213, 253, 245*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 413 (16) Hedendaagse Tendense in Praktiese Teologie (2L, 1T)

### Doelstellings

Om studente te begelei tot 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van die hermeneutiek van praktiese teologie

Om 'n koherente en kritiese begrip van die beginsels, omvang, teorieë, metodologieë en epistemologieë van praktiese teologie te ontwikkel

Om studente se vaardighede te slyp om onafhanklik navorsing te doen en die vaardighede te ontwikkel om hermeneutiese perspektiewe wat met praktiese teologie verband hou binne die verskillende bedieningsfere uiteen te sit en oor te dra

### Inhoud

Die konsepsuele opklaring van terminologie soos die hermeneutiek binne die praktiese teologie

'n Oorsig oor onlangse akademiese werk oor die kritiek op praktiese teologie – met besondere aandag aan sodanige werk wat uit Afrika voortgekom het

'n Bespreking oor hoe akademiese werk wat op kritiek op praktiese teologie fokus, kan beïnvloed hoe die konteks in die bediening aangebied word

### Uitkomste

Het 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van prakties-teologiese hermeneutiek.

Het 'n koherente en kritiese begrip van die beginsels, omvang, teorieë, metodologieë en epistemologieë van praktiese teologie.

Het die vermoë om kritiek te lewer op huidige navorsing en gevorderde akademiese werk wat met prakties-teologiese hermeneutiek verband hou.

Het die vaardigheid om onafhanklik navorsing te doen.

Het die vaardighede om hermeneutiese oogpunte wat met praktiese teologie verband hou binne die verskillende bedieningsfere uiteen te sit en oor te dra.

*Slaagvoorvereistemodules: Praktiese Teologie 314, 342*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

### 478 (48) Navorsingsmetodologie en -werkstuk Praktiese Teologie (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente aan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek bekend te stel.

Om verskeie aspekte van navorsingsmetodologie te behandel, onder meer die volgende: inleiding tot navorsing, hoe om 'n navorsingsvoorstel uit te werk, navorsingsmetodes en metodologieë, die literatuuroorsig, verwysingsmetodes en -stelsels, navorsingsetiek, rolverhoudings tussen die student en studieleier, hoe om navorsing aan te bied, hoe om navorsing gepubliseer te kry, professionele akademiese verenigings, en navorsingsleiding.

Inhoud

Navorsingsmetodologie

Hoe om 'n akademiese navorsingsvoorstel op te stel (fokus op een vakgebied)

Hoe om 'n navorsingsvoorstel en navorsingsresultate voor 'n openbare gehoor te formuleer en te verdedig (fokus op een vakgebied)

Uitkomste

Verstaan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek.

Kan 'n navorsingsvoorstel op grond van toepaslike akademiese kennis, waardes en vaardighede uitwerk en op skrif stel.

Kan verskillende aspekte van die navorsingsvoorstel en navorsingsprojek in 'n kritiese openbare situasie oordra.

*Slaagvoorvereistemodules: Praktiese Teologie 314, 342*

*Newevereistemodule: Praktiese Teologie 413*

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 12282 Praktiese Teologie en Missiologie

### 112 (8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie (1L, 1T)
### 122 (8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om studente te begelei in die verwerwing van kennis, vaardighede en 'n ingesteldheid om praktiese teologie en missiologie as teologiese dissiplines te verstaan met die oog op voorbereiding vir gemeentelike bediening en diens aan die gemeenskap.

Inhoud

Konseptuele raamwerk vir praktiese teologie en missiologie.

Metodologie van praktiese teologie en missiologie.

Basisteorie van die Kerk.

Modelle van kerkwees.

Gemeenskaps- en gemeentelike analise.

Christelike leierskap.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die sleutelkonsepte in die dissiplines praktiese teologie en missiologie identifiseer en herroep;
- in toepaslike terminologie die gelyste konsepte verklaar en in verband bring met die breër veld van teologie en die alledaagse lewe;
- die Mobilex-toepassing effektief gebruik vir akademiese doeleindes;
- 'n konseptuele begrip van praktiese teologie en missiologie beskryf en bespreek;
- verskeie kontekstueel ontwikkelde kerkmodelle beskryf;
- 'n gemeente- en gemeenskapsanalise uitvoer;
- 'n basiese begrip van Christelike leierskapsontwikkeling beskryf.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

### 114 (8) Sleutelkonsepte in Praktiese Teologie en Missiologie (1L, 1T) (BTh-VKP)

Doelstellings

Ná voltooiing van hierdie module sal studente 'n duidelike begrip van kernbegrippe in die dissiplines van praktiese teologie en missiologie hê, asook hoe hierdie konsepte ontwikkel is en hoe om hierdie konsepte in die breër veld van teologie toe te pas.

Inhoud

As deel van hierdie module sal die volgende kernbegrippe gedek word: gasvryheid, getuienis, onderskeidingsvermoë, vergifnis, genesing, drie-eenheid, die koninkryk van God, dissipelskap, verbond, hermeneutiek, *missio Dei*, ekumene, godsdiensteologie.

Hierdie konsepte sal studente in staat stel om teologie beter te lees en te verstaan, terwyl hulle ook hul bestaande ervaring en begrip van hierdie konsepte in ag neem.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die sleutelbegrippe in die dissiplines van Praktiese Teologie en Sendingwetenskap identifiseer en herroep;
- die gelyste konsepte in gepaste terminologie verduidelik en in verband bring met die breër veld van teologie en die alledaagse lewe;
- die Mobilex-toepassing effektief vir akademiese doeleindes gebruik.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

## 50741 Sistematiese Teologie

### 144 (8) Filosofie vir Teoloë (1L, 1T)
### 153 (8) Filosofie vir Teoloë (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om 'n inleiding vir studente te verskaf t.o.v. 'n aantal belangrike filosowe / filosofiese strominge / filosofiese vrae wat van belang is vir teologiese ondersoek.

Inhoud

Die eerste deel van die module vra na die noue en komplekse verhouding tussen filosofie en teologie. Aandag word gegee aan die manier waarop 'n filosofiese konseptuele denkraamwerk vir teologiese ondersoek van waarde kan wees.

Die res van die module bied 'n inleiding aan studente t.o.v. belangrike filosowe en filosofiese strominge, met spesifieke aandag aan die invloed op die teologie en teoloë. In die proses word studente blootgestel aan belangrike debatte in, byvoorbeeld, godsdiensfilosofie, geskiedsfilosofie, hermeneutiek en wetenskapsfilosofie.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die noue en komplekse verhouding tussen teologie en filosofie definieer en beskryf;
- verduidelik en bespreek hoe 'n konseptuele filosofiese denkraamwerk van waarde is vir teologiese ondersoek;
- inleidende kennis van belangrike filosowe/filosofiese strominge demonstreer;
- begrip toon vir en bespreek hoe hierdie filosowe en filosofiese strominge die teologie beïnvloed het, asook hoe teologiese kwessies sentraal vir sommige filosowe/filosofiese strominge was.

*Tuisdepartement: Praktiese Teologie en Missiologie*

### 152 (8) 'n Oriëntering tot Leerstelling en Etiek (1L, 1T) (BTh-VKP)

Doelstellings

Om studente 'n inleiding te bied tot Christelike leerstellings en teologiese etiek, insluitende 'n fokus op Christenskap vanuit 'n Afrika-konteks.

Inhoud

Studente sal deur die module aangemoedig word om sekere kontemporêre sosiale kwessies vanuit 'n teologies-etiese perspektief te hanteer.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n werkende definisie bied van wat dit beteken om Christen te wees;
- op 'n filosofies aanvaarbare en histories verantwoordelike wyse verwoord wat dit kan beteken om 'n Christen in die Afrika-konteks te wees;
- die hoofbronne van Christelike teologie lys en breedweg beskryf om 'n basiese begrip van die bronne van Christelike teologie te demonstreer;
- die kernoortuigings van die Christendom identifiseer, en met basiese teologiese insig verduidelik;
- hul eie teologiese tradisie in die breër historiese en teologiese landskap plaas;
- begrip toon van (in basiese terminologie verduidelik) die verhouding tussen geloof en lewe (leer en etiek);
- kontemporêre sosiale kwessies vanuit 'n teologies-etiese perspektief ondersoek.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 212 (8) Godsleer (1L, 1P)

## 213 (8) Godsleer (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om verskillende benaderings tot die Godsleer en die leer van die skepping van die mens en voorsienigheid, soos dit in die teologiegeskiedenis en die hedendaagse sistematiese teologie oordink is, bekend te stel en die nodige vaardighede te ontwikkel om krities hieroor te kan besin en 'n selfstandige standpunt te kan verdedig.

Inhoud

Binne die breër Trinitariese raamwerk waarin ook die Christologie en Pneumatologie (met hul verwante temas) elders in die studietrajek aan die orde kom, fokus hierdie module op vrae oor die bestaan, kennis, wese en eienskappe van God, die Drie-eenheid en daardie aspekte van God se betrokkenheid by die werklikheid wat tradisioneel veral, dog nie uitsluitlik nie, met God as "Vader" oftewel die "eerste Persoon van die Drie-eenheid" verbind word, te wete die skepping, spesifiek ook die mens as geskapene en sondaar, en die voorsienigheid, soos dit in die loop van die teologiegeskiedenis en in die hedendaagse sistematiese teologie aan die orde gestel is en word. Veranderings en meningsverskille in die nadenke hieroor word uitgelig om duidelik te maak dat daar nooit net een manier was, en tans ook nie slegs een manier is, om hierdie sake te verstaan nie. Juis daarom val die klem verder ook op die ontwikkeling en gebruik van hermeneutiese en ander denkvaardighede om die verskillende sienswyses krities te kan beoordeel en 'n eie standpunt te kan verdedig. Deel hiervan is om die belang van konteks en die etiese en eksistensiële implikasies van verskillende sienswyses raak te sien, en om studente bewus te maak van kritiese vrae uit nie-teologiese en nie-Christelike perspektiewe.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die historiese ontwikkeling van die Godsleer en die skeppingsleer, menslikheid, en voorsienigheid uiteensit;
- onderskei tussen sistematies-teologiese standpunte oor die wese en eienskappe van God, die skepping, die mens, en voorsienigheid;
- die verskillende teologiese standpunte en die kontekste waarin dit geformuleer en beoordeel word, insluitende hedendaagse Afrika-kontekste, in verband met mekaar bring;
- 'n aantal filosofiese en wetenskaplike vrae oor die betrokke leerstukke uiteensit en beredeneer;
- 'n helder en sistematiese eie verstaan van die leerstukke formuleer en hierdie begrip in 'n argument verdedig;
- die etiese en eksistensiële gevolge van so 'n begrip van hierdie leerstellings onderskei en bespreek.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 241 (8) Christologie (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)

## 245 (8) Christologie (1L, 1P)

Doelstellings

Om studente in te lei in, en krities te help besin oor, verskillende maniere waarop, in die Christelike tradisie, oor die persoon en werk van Christus nagedink is en kan word.

Inhoud

Binne die breër Trinitariese raamwerk waarin ook die Godsleer en Pneumatologie (met hul verwante temas) elders in die studietrajek aan die orde kom, fokus hierdie module daarop om studente in te lei in, en krities te

help besin oor, verskillende maniere waarop, in die Christelike tradisie, oor die persoon en werk van Christus nagedink is en kan word.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n oorsig gee van die historiese ontwikkeling van Christologie;
- verskillende sienings rakende die persoon en werk van Christus vergelyk en beoordeel;
- relevante sienings en kontekste in verband bring – insluitend kontemporêre Afrika-kontekste;
- filosofiese en wetenskaplike vrae oor die leerstellinge krities ontleed;
- hul eie begrip van die leerstukke formuleer en verdedig;
- etiese en eksistensiële implikasies van hul verstaan van die leerstukke uitwys.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 251 (8) Menswaardigheid (1L, 1P) (BTh: Deeltyds)

## 253 (8) Menswaardigheid (1L, 1P)

Doelstellings

Menswaardigheid as 'n etiese kwessie is van kernbelang vir die kerk, akademie en samelewing. Daarom fokus hierdie module op die betekenis van menswaardigheid en die uitdagings daaraan verbonde, met verwysing na politieke, seksuele en bio-etiek.

Inhoud

Wanneer die waardigheid van die menslike persoon (of menslike persone) in Suid-Afrika, regdeur die Afrika-kontinent, en inderdaad regoor die wêreld, oorweeg word, vloei een van die primêre uitdagings van politieke stelsels (d.w.s. die maniere waarop gemeenskappe, en formele sosiale entiteite) soos nasiestate, mag organiseer en kwessies van sosiale belang hanteer). Daarom sal ons in hierdie module op politieke etiek fokus deur omstrede kwessies wat verband hou met ras en identiteit, menseregte en die bou van 'n menseregtekultuur in betwiste sosiale ruimtes, en kwessies wat verband hou met hoe die hantering van verskille tot geweld en oorlog kan lei, te oorweeg.

Nog 'n groot bekommernis in die hedendaagse samelewing hou verband met die maniere waarop persone hul seksuele identiteite as individue, en in verhouding tot kulturele en sosiale norme, beliggaam. Ons fokus op seksuele etiek poog om menslike seksualiteit in die hedendaagse samelewing te bestudeer, asook begrippe van die huwelik en gesin, egskeiding en hertrou, homoseksualiteit en ander relevante kwessies wat kan lei tot óf diskriminasie óf florering van persone.

Nog 'n belangstellingsveld in kontemporêre en historiese debatte oor menswaardigheid hou verband met bio-etiek. In hierdie kursus bestudeer ons die begrip van menslike lewe in die hedendaagse samelewing, moreel betwiste konsepte soos aborsie en genadedood, sowel as MIV/Vigs, stigmatisering, lyding as gevolg van die Coronavirus, en ander relevante mediese kwessies.

Deur hierdie module word die kwessie van menswaardigheid as 'n etiese aangeleentheid beklemtoon by wyse van omgang met die insigte verkry uit die Bybel, tradisie, rede en ervaring.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- die betekenis van menswaardigheid as 'n teologies-etiese kwessie in die politieke, seksuele, en mediese kontekste, wat verband hou met taal, teorieë en kritiese kennis uit eietydse debatte en literatuur in hierdie velde, definieer en uiteensit;
- relevante argumente van 'n etiese aard binne die politieke, seksuele, en mediese sfere identifiseer, herken en beoordeel;
- Christelike teologiese hulpbronne vir en insigte oor verskeie uitdagings vir menswaardigheid toepas op 'n wyse wat beide redelik verdedigbaar en in ooreenstemming met die tradisies van die Christelike geloof is;
- die nodige teoretiese, praktiese, en waardegebaseerde leer beskryf en krities bespreek om denkleierskap in die kerk en publieke lewe te verskaf ter bevordering van verantwoordelike morele vorming vir 'n meer menslike lewe in die politieke, seksuele en mediese dimensies.

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 312 (8) Publieke Teologie (1L, 1T)

## 313 (8) Publieke Teologie (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Die vraag van publieke moraliteit is 'n belangrike vraag vir kerk en publieke lewe. Hierdie module verken verskeie etiese uitdagings in publieke lewe en die werklike en potensiële rol en impak van die Christen-geloof vir die algemene welsyn.

Inhoud

Die eerste deel van die module verskaf 'n oriëntering en bekendstelling aan Christen-geloof en publieke lewe. Spesiale aandag word aan die veelsinnige rolle van die kerk en teologie gedurende beide apartheid en demokratiese Suid-Afrika gegee. Die tweede deel van die module fokus spesifiek op ekonomiese etiek as 'n kritiese aspek van teologiese etiek en publieke lewe. Spesiale oorweging word gewy aan temas soos die Suid-Afrikaanse ekonomie, globalisering, klimaatsveranderinge, korporatiewe sosiale verantwoordelikheid, werk en arbeid, en publieke verantwoordelikheid.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n teologies geartikuleerde begrip van die betekenis, aard, metodologie en kwessies van publieke teologie bied, asook die etiese rol daarvan in die publieke lewe;
- relevante argumente van 'n etiese aard binne die publieke domein identifiseer, herken en beoordeel;
- Christelike teologiese hulpbronne en insigte toepas op verskeie publieke moraliteitsuitdagings, en dit bespreek om begrip en konstruktiewe betrokkenheid by kwessies van morele en etiese dispuut te fasiliteer;
- denkleierskap in die kerk en die publieke lewe bied ter wille van verantwoordelike morele vorming vir 'n meer welwillende publieke lewe.

***Sistematiese Teologie 312***

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114*

***Sistematiese Teologie 313 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 113*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 322 (8) Pneumatologie en Ekklesiologie (1L, 1T)

Doelstellings

Om verskillende benaderings tot die leer van die persoon en werk van die Heilige Gees, en van die kerk, soos dit in die teologiegeskiedenis en die hedendaagse sistematiese teologie oordink is bekend te stel en die nodige vaardighede te ontwikkel om krities hieroor te kan besin en 'n selfstandige standpunt te kan verdedig

Inhoud

Binne die breër Trinitariese raamwerk fokus hierdie module op vrae oor die persoon en werk van die Heilige Gees, die Drie-eenheid uit pneumatologiese perspektief en daardie aspekte van God se betrokkenheid by die werklikheid wat tradisioneel veral, dog nie uitsluitlik nie, met God as "Gees" of "derde Persoon van die Drie-eenheid" verbind word, met name die ontstaan en voortgang van die kerk, soos dit in die loop van die teologiegeskiedenis en in die hedendaagse sistematiese teologie aan die orde gestel is en word.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n oorsig oor die historiese ontwikkeling van die Pneumatologie en ekklesiologie gee;
- verskillende sistematies-teologiese standpunte oor die persoon en werk van die Heilige Gees en die wese en kenmerke van die kerk beskryf, vergelyk en beoordeel;
- verbande lê tussen die verskillende teologiese standpunte en die konteks waarin hulle geformuleer en beoordeel word – met inbegrip van hedendaagse Afrika-kontekste;
- 'n aantal filosofiese en wetenskaplike vrae wat met betrekking tot die betrokke leerstukke opduik, uiteen sit en beredeneer;
- 'n eie verstaan van die leerstukke helder en sistematies formuleer en argumentatief verdedig;
- etiese en eksistensiële gevolge van dié verstaan van die leerstukke identifiseer.

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 342 (8) Sakramentologie en Eskatologie (1L, 1T)

## 343 (8) Sakramentologie en Eskatologie (1L, 1T) (BTh: Deeltyds)

Doelstellings

Om verskillende benaderings tot die leerstukke van die sakramente en die eskaton of voleinding, soos dit in die teologiegeskiedenis en die hedendaagse sistematiese teologie oordink is bekend te stel en die nodige vaardighede te ontwikkel om krities hieroor te kan besin en 'n selfstandige standpunt te kan verdedig.

Inhoud

Binne die breër Trinitariese raamwerk fokus hierdie module op vrae oor die sakramente en die eskaton of voleinding wat tradisioneel met God as "Gees" of "derde Persoon van die Drie-eenheid" verbind word, soos dit in die loop van die teologiegeskiedenis en in die hedendaagse sistematiese teologie aan die orde gestel is en word.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- 'n oorsig gee van die historiese ontwikkeling van sakramentologie en eskatologie;
- verskillende sistematies-teologiese standpunte oor die sakramente en die eschaton ("laaste dae" of eindtyd) beskryf, vergelyk, en evalueer;
- verskillende teologiese standpunte en die kontekste waarin dit geformuleer en geassesseer word, insluitende huidige Afrika-kontekste, bespreek en met mekaar in verband bring;
- 'n aantal filosofiese en wetenskaplike vrae met betrekking tot die betrokke leerstukke uiteensit en beredeneer;
- 'n helder en sistematiese eie verstaan van die leerstukke formuleer en hierdie begrip in 'n argument verdedig;
- die etiese en eksistensiële gevolge van so 'n begrip van hierdie leerstukke identifiseer.

***Sistematiese Teologie 342***

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114*

***Sistematiese Teologie 343 (BTh: Deeltyds)***

*Slaagvoorvereistemodule: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 113*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 421 (8) Moderne en Kontemporêre Teologie: Agtergrond en Tendense (1L, 1T)

Doelstellings

Om die bydraes van invloedryke moderne en kontemporêre teoloë en teologiese stromings bekend te stel en kritiese begrip van hul werk te bewerkstellig.

Inhoud

Nadat die verskillende loci van die sistematiese teologie in die eerste drie studiejare behandel is, is die bedoeling met hierdie module om van die moderne en kontemporêre teoloë en teologiese stromings wat belangrike bydraes tot die nadenke oor daardie en ander teologiese onderwerpe gelewer het aan studente bekend te stel en binne die breër teologiese landskap te plaas, sodat dit duidelik word hoe spesifieke teologiese standpunte by 'n spesifieke teoloog of stroming met ander standpunte saamhang, en hoe dit as bydraes binne 'n voortgaande teologiese gesprek verstaan kan word. Die agtergrond van hierdie teoloë of stromings se werk, hulle belangrike publikasies en die sentrale inhoude van hulle teologie kom dus aan die orde, maar met inagneming van kritiek daarop, vrae wat daardeur opgeroep word en die invloed daarvan op ander teoloë en teologiese stromings. Op dié manier word studente op datum gebring met die teologie van hul eie tyd en in staat gestel om hulself binne die teologiese gesprek te posisioneer.

Uitkomste

Van die invloedrykste moderne en kontemporêre teoloë en teologiese stromings te herken en hul posisie binne die breër teologiese landskap aan te dui;

die agtergrond, publikasies en teologiese inhoude van 'n aantal sodanige teoloë en teologiese stromings, wat insluit hul onderskeie beskouings van die aard en taak van die teologie, kursories weer te gee;

die bydrae van ten minste een van dié teoloë of stromings in meer diepte krities kan bespreek;

in gesprek met die teoloë en stromings wat behandel word 'n eie standpunt oor die aard en taak van die teologie te formuleer en verdedig; en

met gebruikmaking van die kennis, begrip en vaardighede wat reeds vroeër in die studietrajek opgedoen is spesifieke inhoudelike standpunte van die betrokke teoloë en stromings met insig te bespreek.

*Slaagvoorvereistemodules: Sistematiese Teologie 144, 212, 245, 253*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 444 (8) Moderne en Kontemporêre Teologie: Figure en Temas (1L, 1T)

Doelstellings

Om die bydraes van invloedryke hedendaagse teologiese figure en belangrike teologiese temas bekend te stel en kritiese begrip te bewerkstellig.

Inhoud

Nadat die verskillende loci van die sistematiese teologie in die eerste drie studiejare behandel is, asook 'n aantal belangrike historiese figure en strominge in die moderne en hedendaagse teologie in die eerste semester van die vierde jaar, is die bedoeling met hierdie module om studente bloot te stel aan die persoon, werk en nalatenskap van 'n aantal lewende hedendaagse teoloë (insluitend Suid-Afrikaanse teoloë). Waar moontlik gaan hierdie teoloë in die klas oor hulle eie teologie kom praat. Die tweede deel van die module gaan aan 'n aantal belangrike teologiese temas in die hedendaagse teologie aandag gee, byvoorbeeld teologie en godsdiens(te), teologie en die kunste, teologie en wetenskap. Op dié manier word studente op datum gebring met die teologie van hul eie tyd en in staat gestel om hulself binne die teologiese gesprek te posisioneer.

Uitkomste

Om met die persoon en werk van 'n aantal belangrike hedendaagse teoloë (insluitende Suid-Afrikaanse teoloë) kennis te maak en hulle posisie binne die breër teologiese landskap aan te dui;

Om deeglike kennis en vaardighede op te doen oor belangrike hedendaagse teologiese temas (bv. teologie en godsdiens(te), teologie en wetenskap, teologie en die kunste ens).

Die bydrae van ten minste een van dié teologiese figure of teologiese temas in meer diepte krities kan bespreek;

Om te opsigte van die teologiese figure en teologiese temas 'n eie standpunt te formuleer en verdedig.

*Slaagvoorvereistemodules: Sistematiese Teologie 144, 212, 245, 253*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

### 478 (48) Navorsingsmetodologie en -werkstuk Sistematiese Teologie (1L, 1T)

Doelstellings

Om studente aan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek bekend te stel.

Om verskeie aspekte van navorsingsmetodologie te behandel, onder meer die volgende: inleiding tot navorsing, hoe om 'n navorsingsvoorstel uit te werk, navorsingsmetodes en metodologieë, die literatuuroorsig, verwysingsmetodes en -stelsels, navorsingsetiek, rolverhoudings tussen die student en studieleier, hoe om navorsing aan te bied, hoe om navorsing gepubliseer te kry, professionele akademiese verenigings, en navorsingsleiding.

Inhoud

Navorsingsmetodologie

Hoe om 'n akademiese navorsingsvoorstel op te stel (fokus op een vakgebied)

Hoe om 'n navorsingsvoorstel en navorsingsresultate voor 'n openbare gehoor te formuleer en te verdedig (fokus op een vakgebied)

Uitkomste

Verstaan die aard, proses en samestellende dele van 'n navorsingsprojek.

Kan 'n navorsingsvoorstel op grond van toepaslike akademiese kennis, waardes en vaardighede uitwerk en op skrif stel.

Kan verskillende aspekte van die navorsingsvoorstel en navorsingsprojek in 'n kritiese openbare situasie oordra.

*Slaagvoorvereistemodules: Sistematiese Teologie 144, 212, 245, 253*
*Newevereistemodules: Sistematiese Teologie 421, 444*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 12283 Sistematiese Teologie en Ekklesiologie

### 113 (16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie (2L, 1T) (BTh: Deeltyds)
### 114 (16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie (2L, 1T)

Doelstellings

Om studente in te lei in die dissipline teologie, en meer spesifiek t.o.v. die onderskeie dissiplines binne sistematiese teologie en ekklesiologie.

Inhoud

Die eerste deel van die module fokus op vrae soos die volgende: Wat is teologie? Wat is die bronne vir teologie? Waar word teologie beoefen? Wat is die impak van ons konteks op ons teologisering? Waarom is die geskiedenis van teologie belangrik? Hoe hou teologie verband met geloof, die kerk en die publieke lewe?

Na hierdie breë inleidende oriëntering handel die res van die module oor die vrae, inhoud en metodologieë wat met die onderskeie dissiplines van sistematiese teologie, teologiese etiek, kerkgeskiedenis en kerkreg verband hou.

Uitkomste

Studente wat hierdie module geslaag het, sal die volgende kan doen:

- bekwaam omgaan met vrae soos: Wat is teologie? Wat is die bronne van teologie? Waar word teologie beoefen? Wat is die impak van ons konteks op ons teologisering? Waarom is die geskiedenis van teologie belangrik? Hoe hou teologie verband met geloof, die kerk en die publieke lewe?
- die vrae, inhoud, en metodologieë wat verband hou met die verskeie dissiplines wat in die dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie aangebied word (te wete sistematiese teologie, teologiese etiek, kerkgeskiedenis, en kerkreg) beskryf en bespreek;
- verduidelik hoe hierdie dissipline in die breër teologiese ensiklopedie inpas.

*Newevereiste module:*

*Vir BTh-VKP (fokusareas Algemeen en Jeugwerk): Sistematiese Teologie 152*

*Tuisdepartement: Sistematiese Teologie en Ekklesiologie*

## 53848 Bybelse Hebreeus

### 178 (24) Inleiding tot Bybelse Hebreeus (3L, 1P, 1T)

Basiese eienskappe van Bybelse Hebreeuse morfologie, sintaksis en (grammatikale) semantiek.

'n Basiese woordeskat in kultuurverband.

Die wêreld van die Hebreeuse Bybel en die wêreldbeeld van sy mense.

Vertaling en analise van eenvoudige Bybelse Hebreeuse tekste.

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

### 214 (16) Voortgesette Bybelse Hebreeuse Taal- en Teksstudie (3L, 1P, 1T)

Intermediêre Hebreeuse grammatika.

Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.

Literêre en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

Kritiese vergelyking van vertalings.

Tekskritiek.

*Slaagvoorvereistemodule: Bybelse Hebreeus 178*

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

### 244 (16) Voortgesette Bybelse Hebreeuse Taal- en Teksstudie (3L, 1P, 1T)

Voortgesette intermediêre Hebreeuse grammatika.
Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.
Literêre en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.
Kritiese vergelyking van vertalings.
Geskiedenis van Bybelvertaling.

*Slaagvoorvereistemodule: Bybelse Hebreeus 214*

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

## 14109 Grieks

### 178 (24) Inleiding tot Antieke Griekse Grammatika en Vertaling (3L, 1P, 1T)

Elementêre vorm- en sinsleer van antieke Grieks.

'n Woordeskat van ongeveer 300 woorde.

Vertaling, met elementêre grammatikale kommentaar, van enkele hoofstukke uit 'n Evangelie of 'n ander eenvoudige antieke skrywer.

Inleiding tot die gebruik van elektroniese hulpmiddels en biblioteke.

Kultuurhistoriese oorsig van die antieke wêreld.

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

### 214 (16) Voortgesette Antieke Griekse Taal- en Teksstudie (3L, 1P, 1T)

Intermediêre Griekse grammatika.

Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.

Problematiek van vertaling.

Literêre en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

*Slaagvoorvereistemodule: Grieks 178*

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

### 244 (16) Voortgesette Antieke Griekse Taal- en Teksstudie (3L, 1P, 1T)

Voortgesette intermediêre Griekse grammatika.

Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.

Kritiese vergelyking van vertalings.

Literêre- en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

*Slaagvoorvereistemodule: Grieks 214*

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

## 14507 Kennisvaardighede

### 172 (6) Kennisvaardighede (1L, 1P)

Hierdie module is ontwerp om studente toe te rus met vaardighede wat nodig is vir die skep van kennis in die Humaniora, wat insluit:

- die gebruik van geselekteerde sagtewareprogramme, insluitende vir woordverwerking, dataprosessering en aanbieding;
- die verkryging van toegang tot biblioteekbronne en die bou van soektogte op akademiese databasisse;
- die etiese gebruik van bestaande akademiese navorsing en die volgehoue korrekte gebruik van verwysingsmetodes; en
- die deelname aan aanlyn gemeenskappe as aktiewe en verantwoordelike digitale burgers.

*Tuisdepartement: Joernalistiek*

## 18414 Sielkunde

### 114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Hierdie module bied 'n breë oorsig van die sielkunde as 'n wetenskap en 'n professie, met spesifieke klem op sielkundige kwessies wat pertinent is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Sielkunde word geposisioneer by die sameloop van 'n aantal tradisies van navorsing en praktyk, insluitende biologiese, filosofiese en pragmatiese tradisies. Hierdie inleidende module verskaf aan studente 'n basis vanwaar verdere studie van die dissipline benader kan word.

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 144 (12) Sielkunde in Konteks (2L, 1T)

In hierdie module word die basiese beginsels in Sielkunde toegepas ten einde die persoon in konteks te verstaan, met spesifieke verwysing na kern- sosiale kwessies en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing.

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 213 (8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon (1.5L)

In hierdie module word sielkundige teorieë oor en beskouings van die persoon aangespreek, met verwysing na belangrike hedendaagse benaderings. Van hierdie teorieë kan sistemiese, psigodinamiese, gedrags-, kognitiewe en eksistensiële komponente insluit, met inagneming van die toepaslikheid van sielkundige teorieë vir kontekste in Afrika.

*Slaagvoorvereistemodules: Sielkunde 114, 144*

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 223 (8) Menslike Ontwikkeling in Konteks (1.5L)

In hierdie module word menslike ontwikkeling bestudeer, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.

*Slaagvoorvereistemodules: Sielkunde 114, 144*

*Tuisdepartement: Sielkunde*

## 19003 Sosiologie

### 144 (12) Sosiale kwessies in Suid-Afrika (3L)

'n Seleksie van sosiale vraagstukke wat die kompleksiteit van die eietydse Suid-Afrikaanse samelewing reflekteer. Voorbeelde van temas sluit in: sosiale verandering; armoede en ontwikkeling; sosiale instellings soos die gesin, onderwys en religie; misdaad en sekuriteit; gesondheid, die liggaam en MIV/Vigs; politieke en ekonomiese verhoudings.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

### 222 (8) Sosiale Identiteite en Ongelykhede (1.5L, 0.5T)

Sosiologiese verstaan van die kruispunt tussen ras, geslag, seksualiteit, klas en ouderdom as 'n

bron van identifikasie en dimensies van mag in Suid-Afrika en elders.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

### 364 (12) Sosiale Navorsing (2L, 1P)

(Verpligte module)

Metodologiese perspektiewe op sosiale navorsing; navorsingsproses: teorie en navorsing; navorsingsontwerpe: kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings; navorsingsprosedures en -tegnieke; interpretasie en aanbieding van gegewens.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

# Navorsings- en Diensinstansies

## 1. Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie

### Omskrywing

Die Sentrum is 'n navorsings- en diensinstansie van die Universiteit Stellenbosch wat in die dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie setel en aan die Fakulteitsraad rapporteer. Die Sentrum is feitlik heeltemal van sogenaamde derdestroomfondse afhanklik.

### Doelwitte

Die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie is daarop gefokus om:

- Deur navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie kundigheid oor die rol, taak en verantwoordelikheid van Teologie in die openbare arena te bevorder.
- In samewerking met plaaslike en internasionale kundiges, navorsing te onderneem oor aspekte van Publieke Teologie.
    - Huidige navorsingstemas is menseregte, menswaardigheid in die konteks van globalisering, morele transformasie, geloof en identiteit, vrede en geregtigheid, Christenskap en burgerlike samelewing.
- Die resultate van navorsing deur middel van nasionale en internasionale publikasies en deur die aanbieding van kongresse, simposia, openbare lesings en werkwinkels bekend te stel.
- Bydraes te genereer vir publikasies wat in 'n bepaalde verband tot die Fakulteit Teologie staan.
- Op 'n kontrakbasis navorsing te doen en advies te verskaf.
- Samewerking tussen die Fakulteit Teologie en die breër kerklike gemeenskappe, die ekumeniese bewegings, nasionale en internasionale navorsings- en diensinstellings, asook die openbare en die privaat sektore, te bevorder.
- Opleiding in die vorm van kortkursusse, seminare en soortgelyke inisiatiewe aan te bied.

### Kontakbesonderhede

Die Direkteur: Dr Dion Forster

Tel.: 021 808 2538

Faks: 021 808 3251

E-pos: maritasnyman@sun.ac.za

## 2. Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON)

### Omskrywing

Die Eenheid is, sedert begin 2002, 'n selfstandige entiteit binne die struktuur van die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie in die Fakulteit Teologie.

### Doelwitte

Die Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing streef daarna om deur navorsing, teorievorming en opleiding geloofsgemeenskappe te bemagtig vir volhoubare ontwikkeling. Die eenheid is daarop gefokus om:

- Primêr en sekondêr godsdiens-demografiese navorsing te doen wat verband hou met die ontwikkelingsprofiel en -behoeftes van plaaslike gemeenskappe.
- Toepaslike teorievorming te ontwikkel met die oog op:
    - die interpretasie van die godsdiens-demografiese navorsing; en
    - die mobilisering van geloofsgemeenskappe vir volhoubare gemeenskapsontwikkeling.
- 'n Opleidingsfasiliteit en navorsingsruimte aan nagraadse studente (magister en doktoraal) te bied in die vakgebied van Teologie en Ontwikkeling en ander dissiplines in die sosiale wetenskappe.
- Professionele navorsings- en opleidingsdienste aan gemeenskappe te lewer.
- Navorsingsresultate te kommunikeer deur wetenskaplike en populêre publikasies.

### Kontakbesonderhede

Tel.: 021 808 9248

Faks: 021 808 3251

E-pos: eleroux@sun.ac.za

Web: http://www.sun.ac.za/theology/urdr.htm

## 3. Ekklesia

### Omskrywing

Ekklesia funksioneer as 'n buro van die Fakulteit Teologie. Die bedryfskoste word in 'n groot mate geborg deur die Kuratorium van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, wat op hul beurt staatmaak op donasies van welwillende instansies en lidmate.

### Doelwitte

Ekklesia is daarop gefokus om:

- Op 'n deurlopende grondslag navorsing te onderneem oor:
    - die taak en die bediening van die kerk en die eise wat dit stel ten opsigte van die teologiese en voortgesette teologiese opleiding van predikante in die bediening;
    - kurrikulumontwikkeling met die oog op die doeltreffende voortgesette opleiding van predikante.
- Hulp te verleen aan nagraadse navorsingsprojekte met 'n bedieningsgerigtheid binne die Fakulteit Teologie en om op nasionale en internasionale gebied mee te werk aan ander navorsingsprogramme in breë verband;
- Met die oog op voortgesette teologiese opleiding,
    - fasiliteite te skep vir en predikante te motiveer tot 'n volgehoue studie na voltooiing van hul formele teologiese opleiding; en
    - gereeld kursusse en opleidingsprogramme aan te bied vir predikante in die bediening en vir ander persone wat by die kerklike bediening betrokke is.

### Kontakbesonderhede

Die Direkteur: Ekklesia

Dorpstraat 171, Stellenbosch 7600

Tel.: 021 808 4269

## 4. Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika (SEBIVA)

### Omskrywing

Die Sentrum is 'n interdissiplinêre navorsings- en diensinrigting van die Universiteit van Stellenbosch wat binne die Departement Antieke Studie en die dissiplinegroep Ou en Nuwe Testament gesetel is en aan die Fakulteitsrade Lettere en Sosiale Wetenskappe en Teologie rapporteer. Die missie van die Sentrum is om deur navorsing en fasilitering akademiese kundigheid op die terrein van Bybelinterpretasie en -vertaling te koördineer en te bevorder ten einde 'n diens te lewer aan Bybelinterpretasie, Bybelvertaling en die resepsie van die Bybel in die algemeen, en op die kontinent van Afrika in die besonder.

### Doelwitte

Die Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika is daarop gefokus om:

- In samewerking met kundiges binne en buite die Universiteit, op 'n projekbasis navorsing te onderneem oor tersaaklike aspekte van Bybelinterpretasie, Bybelvertaling en die resepsie van die Bybel.
- Deur gereelde skakeling met alle partye wat betrokke is by die interpretasie, vertaling of resepsie van die Bybel (bv. Bybelvertaalagentskappe, opleidingsinrigtings, ens.) in Afrika, inligting in te win oor behoeftes aan navorsing en praktiese hulp, sodat die navorsing en ander projekte wat onderneem word, nie slegs teoreties nie, maar ook praktykgerig sal wees.
- Die resultate van navorsing deur middel van nasionale en internasionale akademiese publikasies, die aanbieding van simposia, werkswinkels en/of kongresse bekend te stel en om getoetste bevindinge via meer populêre geskrifte aan belangegroepe en die geïnteresseerde publiek beskikbaar te stel.

- In samewerking met instansies wat in beheer is van Bybelvertaling in Afrika en verbandhoudende departemente aan die US en ander opleidingsinrigtings, 'n raamwerk daar te stel vir die toerusting en opleiding van Bybelvertalers en die begeleiding van navorsers oor Bybelvertaling.
- In samewerking met bestaande nasionale en internasionale informasie-onttrekkingsprogramme, toeganklike gerekenariseerde inligtingsbanke oor die gebied van Bybelinterpretasie, -vertaling en resepsie in Afrika saam te stel en deurlopend in stand te hou.
- Soos en wanneer daartoe versoek, tersaaklike uitleggers, vertalers of gebruikers van die Bybel van advies te voorsien.
- Op 'n projekbasis praktiese vertaling te doen en/of hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel of Bybelgedeeltes vir spesifieke leesgroepe en doeleindes saam te stel.

## Kontakbesonderhede

Die Direkteur: Prof Christo van der Merwe

Tel.: 021 808 3655

Faks: 021 808 3480

E-pos: cvdm@sun.ac.za

# Alfabetiese Lys van Voorgraadse Vakke


Akademiese Geletterdheid vir Teologie ..... 60
Bybelse Hebreeus ..... 99
Deelnemende Burgerskap ..... 62
Ekklesiologie ..... 63
Grieks ..... 99
Kennisvaardighede ..... 100
Missiologie ..... 67
Nuwe Testament ..... 69
Ou en Nuwe Testament ..... 74
Ou Testament ..... 77
Praktiese Teologie ..... 82
Praktiese Teologie en Missiologie ..... 92
Sielkunde ..... 100
Sistematiese Teologie ..... 93
Sistematiese Teologie en Ekklesiologie ..... 98
Sosiologie ..... 101